# DIE ROL VAN MUSIEK AS HEELBREIN-STRATEGIE BY INNERLIKE VERANDERING: 'N PRAKTIES-TEOLOGIESE STUDIE

Johny Robert Elyon

Dip.Th, B.A. Hons.Th, M.A.Th.

Proefskrif voorgelê ter nakoming van die vereistes

vir die graad

**Philosophiae Doctor**

in

**Pastoraal**

aan die

**Noordwes-Universiteit**

(Potchefstroomkampus)

Promotor: Prof dr GA Lotter

Potchefstroom

2008

Hierdie studie word opgedra aan my grootouers,
Frederick Witbeen, oorlede 2000, en
Dina Witbeen, oorlede 2004.

Hulle vaste geloof, hoop en onbaatsugtige liefde
vir die medemens, selfs in die moeilikste
omstandighede, het 'n onuitwisbare indruk op
almal gelaat wat hulle geken het.

# VOORWOORD

Graag wil ek van hierdie geleentheid gebruik maak om my dank teenoor die volgende persone en instansies te betuig:

- Heel eerste wil ek alle lof en eer aan my Hemelse Vader bring wat my die wysheid, insig en deursettingsvermoë gegee het om die studie aan te pak en te kon voltooi.
- Aan my vrou, Marélize en drie dogters, Gabriella, El-Joy en Zolynn wil ek uit my hart sê: Ek waardeer julle. Sonder julle ondersteuning sou ek nie die studies suksesvol kon voltooi nie. Julle is 'n "***great***" span. Ek is lief vir julle.
- Teenoor my moeder, Cecilia Conradie, skoonouers Lasea Van Wyk en Piet Van Wyk wil ek ook my heelhartige waardering uitspreek vir hulle motivering en ondersteuning. Dankie dat julle getrou vir ons bid.
- My promotor, Professor George Lotter en sy gesin kan ek nie genoeg bedank nie. Julle het meer as die ekstra myl geloop om die studie 'n sukses te maak. Prof, baie dankie vir die kundigheid, professionele raad, insette en leiding. Ek en my gesin bid dat Vader God in elkeen van julle behoeftes sal voorsien.
- Ook wil ek van die geleentheid gebruik om Cecilia van der Walt te bedank wat die taalversorging van die proefskrif hanteer het.
- Ten slotte wil ek my dankbaarheid uitspreek teenoor die Noordwes-Universiteit vir die finansiële ondersteuning. Sonder die beurs sou dit nie vir my moontlik gewees het om te studeer nie. In dieselfde asem wil ek

# VOORWOORD

Graag wil ek van hierdie geleentheid gebruik maak om my dank teenoor die volgende persone en instansies te betuig:

- Heel eerste wil ek alle lof en eer aan my Hemelse Vader bring wat my die wysheid, insig en deursettingsvermoë gegee het om die studie aan te pak en te kon voltooi.
- Aan my vrou, Marélize en drie dogters, Gabriella, El-Joy en Zolynn wil ek uit my hart sê: Ek waardeer julle. Sonder julle ondersteuning sou ek nie die studies suksesvol kon voltooi nie. Julle is 'n "***great***" span. Ek is lief vir julle.
- Teenoor my moeder, Cecilia Conradie, skoonouers Lasea Van Wyk en Piet Van Wyk wil ek ook my heelhartige waardering uitspreek vir hulle motivering en ondersteuning. Dankie dat julle getrou vir ons bid.
- My promotor, Professor George Lotter en sy gesin kan ek nie genoeg bedank nie. Julle het meer as die ekstra myl geloop om die studie 'n sukses te maak. Prof, baie dankie vir die kundigheid, professionele raad, insette en leiding. Ek en my gesin bid dat Vader God in elkeen van julle behoeftes sal voorsien.
- Ook wil ek van die geleentheid gebruik om Cecilia van der Walt te bedank wat die taalversorging van die proefskrif hanteer het.
- Ten slotte wil ek my dankbaarheid uitspreek teenoor die Noordwes-Universiteit vir die finansiële ondersteuning. Sonder die beurs sou dit nie vir my moontlik gewees het om te studeer nie. In dieselfde asem wil ek

ook my hartlike dank uitspreek teenoor die personeel van die Ferdinand Postma en Jan Lion-Cachet Biblioteke. Julle diens is uitstekend. Baie dankie!

# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK 1: INLEIDING


1.1 TITEL....p 1

1.2 AGTERGROND....p 1

1.3 BASIESE VERSTAAN VAN TREFWOORDE....p 2

1.3.1 Lofprysing en aanbidding....p 2

1.3.2 Liturgie....p 2

1.3.3 Musiek....p 3

1.3.4 Innerlike mens....p 4

1.3.5 Innerlike verandering....p 4

1.3.6 Praktiese teologie....p 5

1.3.7 Heelbrein-strategie....p 6

1.4 PROBLEEMSTELLING....p 7

1.4.1 Belangrikheid van heelbrein-strategieë vir pastorale terapie....p 7

1.4.2 Pastoraat in die postmoderne era....p 7

1.4.3 Rol van musiek as heelbrein-strategie in pastoraat....p 8

1.5 STAND VAN NAVORSING....p 10

1.6 NAVORSINGSVRAE....p 11

1.7 DOELSTELLINGS EN DOELWITTE....p 12

1.7.1 Doelstellings....p 12

1.7.2 Doelwitte....p 12

1.8 SENTRAAL TEORETIESE ARGUMENT....p 13

1.9 NAVORSINGSMETODOLOGIE....p 13
1.9.1 Inleiding....p 13
1.9.2 Basis-. Meta- en Praktykteorieë....p 16
1.9.3 Basisteorie....p 17
1.9.4 Metateorie....p 17
1.9.5 Praktykteorie....p 18
1.9.6 Ander aspekte....p 18
1.10 HOOFSTUKINDELING....p 19
1.11 SKEMATIESE VOORSTELLING....p 20

HOOFSTUK 2: BASISTEORIE: PASTORAAL-TERAPEUTIESE AANWENDING VAN MUSIEK AS HEELBREIN-STRATEGIE BY INNERLIKE VERANDERING

2.1 INLEIDING....p 21
2.1.1 Doelstellings....p 21
2.1.2 Navorsingsvraag....p 21
2.2 BASISTEORIE....p 22
2.3 INNERLIKE VERANDERING....p 23
2.3.1 Wat is die mens?....p 23
2.3.1.1 Die mens: 'n skepsel van God....p 23
2.3.1.2 Die mens: geskape na die beeld van God....p 24
2.3.1.3 Die mens: 'n multidimensionele wese....p 27

2.4 DIE DICHOTOMIESE EN TRICHOTOMIESE TEORIE........................p 27

2.5 NOG BYBELSE TERME AANGAANDE DIE MENS...........................p 30

2.5.1 Hart.......................................................................................p 31

2.5.2 Siel.........................................................................................p 32

2.5.3 Gees.......................................................................................p 34

2.5.4 Die innerlike mens.................................................................p 35

2.6 WAT BEHELS DIE SOGENAAMDE INNERLIKE VERANDERING?...p 36

2.7 LOFPRYSING EN AANBIDDING.........................................................p 39

2.7.1 Omskrywing van lofprysing en aanbidding......................................p 39

2.7.2 *Getuieniswaarde van lofprysing en aanbidding*...............................p 47

2.7.3 Opbouwaarde van lofprysing en aanbidding....................................p 49

2.7.4 Terapeutiese waarde van musiek in die Bybel..................................p 51

2.7.5 Lofprysing en aanbidding manifesteer God se heerlikheid (teenwoordigheid).......................................................................p 51

2.7.6 Heerlikheid (teenwoordigheid) van God en innerlike verandering.p 53

2.8 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKINGS.................................................p 55

HOOFSTUK 3 DIE ROL VAN MUSIEK AS HEELBREIN-STRATEGIE BY INNERLIKE VERANDERING: METATEORETIESE PERSPEKTIEWE

3.1 INLEIDING.............................................................................................p 58

3.2 PROBLEEMSTELLING............................................................................p 58

3.3 DOELSTELLINGS.....p 59

3.4 METATEORIE.....p 60

3.5 VERANDERING.....p 62

3.6 PSIGOLOGIESE PERSPEKTIEWE OP VERANDERING.....p 63

3.6.1 Die Freudiaanse benadering: Psigoanalise.....p 63

3.6.2 Is die teorie van Freud relevant by innerlike verandering?.....p 64

3.6.3 Rasioneel-emotiewe gedragsterapie en verandering.....p 66

3.6.4 Die humanistiese perspektief.....p 66

3.6.4.1 Rogeriaanse benadering: Persoon-gesentreerde terapie.....p 67

3.6.4.2 Rogeriaanse perspektief met betrekking tot verandering.....p 67

3.7 MUSIEK AS HEELBREIN-STRATEGIE BINNE DIE POSTMODERNE PARADIGMA.....p 68

3.7.1 MUSIEK AS HEELBREIN-STRATEGIE.....p 77

3.7.1.1 Breinfunksies.....p 77

3.7.2 MUSIEK EN INNERLIKE VERANDERING.....p 80

3.7.2.1 Historiese agtergrond van musiek en die mens.....p 80

3.7.2.2 Invloed van musiek op die mens.....p 84

3.8 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKINGS.....p 87

HOOFSTUK 4: EMPIRIESE STUDIE

4.1 INLEIDING.....p 90

4.2 TEORIE VAN EMPIRIESE NAVORSING....p 90
4.2.1 Kwalitatiewe navorsing....p 90
4.2.2 Verkennende navorsing....p 93
4.2.3 Beskrywende navorsing....p 94
4.2.4 Kontekstuele navorsing....p 94
4.2.5 Insameling van data....p 95
4.2.6 Analise van inligting....p 97
4.2.7 Die onderhoud....p 99
4.3 NAVORSINGSONTWERP....p 101
4.3.1 Die ondersoekpopulasie....p 101
4.3.2 Samestelling van die fokusgroep....p 102
4.3.3 Ondersoekgroep....p 103
4.3.3.1 Deelnemer 1....p 103
4.3.3.2 Deelnemer 2....p 103
4.3.3.3 Deelnemer 3....p 103
4.3.3.4 Deelnemer 4....p 104
4.3.3.5 Deelnemer 5....p 104
4.3.3.6 Deelnemer 6....p 104
4.3.3.7 Deelnemer 7....p 105
4.4 ONDERSOEKRESULTATE....p 105
4.4.1 Effek van musiek op gemoedstoestand....p 105
4.4.1.1 Voorlopige gevolgtrekkings....p 107
4.4.2 Rol van lofprysings- en aanbiddingsmusiek by geloofservaring.p 107

4.4.2.1 Voorlopige gevolgstrekking....p 109

4.4.3 Groei en verandering deur musiek....p 109

4.4.3.1 Voorlopige gevolgtrekkings....p 111

4.4.4 Rol van musiek, veral lofprysings- en aanbiddingsmusiek by krisishantering....p 112

4.4.4.1 Voorlopige gevolgtrekkings....p 114

4.4.5 Rol van musiek by innerlike verandering....p 115

4.4.5.1 Voorlopige gevolgtrekkings....p 118

4.5 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKINGS M.B.T. DIE EMPIRIESE NAVORSING....p 118

HOOFSTUK 5: INLEIDING TOT PRAKTYKTEORIE

5.1 INLEIDENDE OORSIG VAN DIE VORIGE HOOFSTUKKE....p 120

5.2 INLEIDING TOT DIE PRAKTYKTEORETIESE RIGLYNE....p 121

5.2.1 Wat behels innerlike verandering....p 122

5.2.2 Implikasies van die innerlike transformasie van die mens na die beeld van Christus....p 123

HOOFSTUK 6: PRAKTYKTEORETIESE RIGLYNE

6.1 Navorsingsvraag....p 125

6.2 Doelstellings van hierdie hoofstuk....p 125

6.3 Praktykteoretiese riglyne....p 126
6.3.1 Praktykteoretiese riglyne vanuit die basisteoretiese bevindinge....p 127
6.3.1.1 Lofprysing en aanbidding: 'n keuse in krisis....p 127
6.3.1.2 Getuieniswaarde van lofprysing en aanbidding....p 130
6.3.1.3 Opbouwaarde van lofprysing en aanbidding....p 132
6.3.1.4 Terapeutiese waarde van lofprysing en aanbidding....p 134
6.3.1.5 Heilige Gees as die agent van innerlike verandering....p 136
6.3.2 Praktykteoretiese riglyne vanuit die metateoretiese bevindinge....p 138
6.3.3 Praktykteoretiese riglyne vanuit die empiriese bevindinge....p 141
6.3.4 Praktykteoretiese aanbevelings vanuit basisteoretiese-, metateoretiese-, en empiriese bevindinge....p 144
6.4 FINALE GEVOLGTREKKING....p 147

HOOFSTUK 7: FINALE BEVINDINGE

7.1 Inleiding....p 148
7.2 Voorlopige gevolgtrekkings....p 149
7.2.1 Ten opsigte van hoofstuk 2....p 149
7.2.2 Ten opsigte van hoofstuk 3....p 151

7.2.3 Ten opsigte van hoofstuk 4....................................................p 154

7.2.4 Ten opsigte van hoofstuk 5....................................................p 155

7.2.5 Ten opsigte van hoofstuk 6....................................................p 155

7.3 Finale bevindinge....................................................p 156

7.4 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING....................................................p 156

OPSOMMING....................................................p 158

SLEUTELWOORDE....................................................p 159

ABSTRACT....................................................p 160

KEY WORDS....................................................p 161

BIBLIOGRAFIE....................................................p 162

# HOOFSTUK 1
# INLEIDING

## 1.1 TITEL

**Die rol van musiek as heelbrein-strategie by innerlike verandering: 'n Prakties-teologiese studie.**

**Trefwoorde:** Lofprysing en aanbidding, liturgie, musiek, innerlike verandering, innerlike mens, praktiese teologie, heelbrein-strategie.

**Key words:** Praise and worship, liturgy, music, inner healing, inner man, practical theology, whole-brain strategy.

## 1.2 AGTERGROND

Die studie is gebore uit die navorser se betrokkenheid by die musiekbediening van die Agapé Christen-familie in Bloemfontein. As die leier van die lofprysings- en aanbiddingsgroep tydens die erediens het die navorser beleef dat musiek 'n betekenisvolle rol gespeel het by die stemming/atmosfeer van die res van die erediens en ook op ander terreine van die lidmate se lewe. Hierdie ervaring het belangstelling by die navorser gewek om ondersoek in te stel na die effek wat musiek op die mens het. Dit het gelei tot 'n MA-studie oor *"Pastoral music therapy with a grieving child because of the death of a parent".* Benewens die navorser se akademiese en persoonlike belangstelling, is hierdie studie 'n *verdere* ontginning van 'n saak wat sy passie en roeping verbeeld.

## 1.3 BASIESE VERSTAAN VAN TREFWOORDE

### 1.3.1 LOFPRYSING EN AANBIDDING

Volgens Odendaal en Gouws (2000:660) kan **lofprysing** gedefinieer word as *"wat gesê word tot eer of ten gunste van iemand; prysende woord"* of *"om iemand se roem te verkondig"*. VanGemeren (1997:1035) verwys na **lofprysing** as 'n uitdrukking van waardering asook 'n reaksie op goeie kwaliteite. **Lofprysing** is op 'n oorweldigende hoeveelheid geleenthede in die Ou Testament aan God gegee (vgl Ps 22:23; Ex 15:11; Ps 18:3-4; 1 Kron 16:25).

**Aanbidding**, daarteenoor, word omskryf as verering, die gee van die hoogste eer aan die Opperwese (Odendaal & Gouws, 2000:2). Vir VanGemeren (1997:43) dui **aanbidding** te alle tye op 'n handeling of 'n gesindheid, gerig op 'n persoon in 'n posisie van eer of gesag. Dit is 'n uiterlike teken van die innerlike gees. Louw en Nida (1988:540) definieer aanbidding soos volg: *"to express in attitude and ritual one's allegiance to and regard for deity"*.

Die navorser verstaan dus **Lofprysing en aanbidding** as die betuiging of verkondiging van 'n persoon se roemryke lof en eer.

### 1.3.2 LITURGIE

Clarke en Linzey (1996:528) omskryf **liturgie** as die openbare seremoniële orde van aanbidding van die Christelike kerke. Hulle (Clarke & Linzey, 1996:529) meen dat **liturgie** te make het met die sigbare verteenwoordiging van onsigbare imperatiewe

ter gedagtenis aan Christus. As 'n Christenpraktyk, sluit **liturgie** ook simbole, handelinge, houdings, boeke, musiek en kleredrag in.

Volgens Letsosa (2005:1) het **liturgie** by implikasie te make met die vorm, orde en uitdrukking van die aanbiddingsdiens. Dit is die afbeelding van die hemelse aanbidding hier op aarde. In laasgenoemde konteks beteken dit dat **liturgie** handel oor meer as wat in die erediens gebeur (vgl Cilliers, 1999:244-245). By implikasie sluit **liturgie** dus ook in wat in die daaglikse lewens van die lidmate gebeur.

Vanuit die bogenoemde definisies is dit duidelik dat die term **liturgie** verwys na meer as een aspek van die gemeenskap van die gelowige. Alhoewel dit verwys na die verloop van die gebeure in die erediens, verwys dit ook na die uitleef van die Christelike geloof in die alledaagse bestaan.

### 1.3.3 MUSIEK

Volgens Odendaal en Gouws (2000:722) kan musiek omskryf word as (1.) *"'n kuns om aangename verbindings van vokale of instrumentale klanke te maak waardeur in skone vorm aan gevoelens uiting gegee word."* (2.) *"Geheel van saamklinkende geluid."* Priestly, in Jannasch (1995:7), definieer musiek as *"the reaching out towards the utmost realities by means of ordered sound"*.

Die Handwoordeboek van die Afrikaanse taal aan die anderkant definieer musiek as volg: *"An art of making delightful connections between sounds by means of which*

*emotions are expressed in fine form"* Die term **Musiek** volgens die navorser verwys dus na die groepering van klanke om 'n sekere gevoel te produseer of weer te gee.

### 1.3.4 INNERLIKE MENS

Volgens Campbell-Lane (2003:31) kan die **innerlike mens** gedefinieer word as die onsigbare, geestelike sy van menswees (Ro 7:22; 2 Co 4:16; Ef 3:16). Vir haar (Campbell-Lane) verwys die begrip (**innerlike mens)** na die hart, verstand en siel van die mens.

Pfeiffer *et al.* (1999:845), aan die ander kant, is van oortuiging dat daar na die sfeer in die mens waarin die Heilige Gees Sy werk (oortuiging, vernuwing en heiligmaking) verrig, verwys kan word as die **innerlike mens.** Die innerlike mens verwys dus na die onsigbare, inwendige dimensie van die mens. Alhoewel die **innerlike mens** nie met die blote oog aanskou kan word nie, weerspieël die uitwendige mens wat inwendige gebeur.

### 1.3.5 INNERLIKE VERANDERING

Aangesien **innerlike** reeds in die vorige term omskryf is, ag die navorser dit nie nodig om dit weer te definieer nie, omdat die **innerlike** hier dieselfde betekenis dra. Innerlike verwys hier dus ook na die hart, verstand en siel van die mens.

Volgens Odendaal en Gouws (2000:1240) kan die woord **verandering** vervang word met afwisseling of wysiging. Hulle (Odendaal & Gouws, 2000:1173) gebruik ook die

begrip gedaante**verandering** om die term transformasie te omskryf. Volgens die navorser gee die begrip *transformasie* die beste uitdrukking aan die woord **verandering**.

**Innerlike verandering** kan dus omskryf word as die transformasie, wisseling of wysiging wat in die hart, verstand en siel van die mens plaasvind.

### 1.3.6 PRAKTIESE TEOLOGIE

**Praktiese Teologie** is een van die onderafdelings van Teologie (Heyns & Pieterse, 1998:6). Dit fokus op die mense se godsdienstige handelinge/aksies met die klem op die woord handelinge. Volgens Heyns en Pieterse (1998:6) kan **Praktiese Teologie** gedefinieer word as 'n dissipline wat te make het met handelinge wat die evangelie propageer en die koms van God na hierdie wêreld bevorder.

Swinton & Mowat (2007:6) definieer Praktiese Teologie soos volg: *"Practical Theology is critical, theological reflection on the practices of the Church as they interact with the practices of the world, with a view to ensuring and enabling faithful participation in God's redemptive practices in, to and for the world".*

Volgens Müller (2005:78) word praktiese teologie beoefen in die teenwoordigheid van God en is verder

Plaaslik gekontekstualiseer

Sosiaal gekonstrueer

Gerig deur tradisie

Ondersoekend m.b.t interdissiplinêre betekenis

Breër as die plaaslike.

(Afrikaanse vertaling deur die navorser.)

### 1.3.7 HEELBREIN-STRATEGIE

D'Aquili & Newberg (1999:21) definieer **brein** as volg: *"The brain is the substantive underlying part of human thought, experience, and emotions."* By implikasie volgens hulle (D'Aquili & Newberg, 1999:21) is die **brein** dus die orgaan in die liggaam van die mens wat hom (die mens) instaat stel om te dink, voel, asook inligting vanaf die buite wêreld te ontvang.

Nog 'n definisie van die **brein** deur D'Aquili, Newberg & Rause (2001:33) is die volgende: *"the brain is a collection of physical structures that gather and process sensory, cognitive and emotional data".* Die navorser kan dus na die **brein** verwys as die orgaan wat die sensoriese, kognitiewe en emosionele funksies van die mens moontlik maak.

## 1.4 PROBLEEMSTELLING

### 1.4.1 BELANGRIKHEID VAN HEELBREIN-STRATEGIEË VIR PASTORALE TERAPIE

Pastorale terapie is 'n dissipline wat ten doel het om deur kommunikasie van die evangelie heling, verandering en groei by die beradene te bewerkstellig (Maritz &

Dreyer, 2001:1268-1269; Louw, 1997:28). Wanneer daar dus na 'n pastorale terapeut verwys word, word verwys na die persoon wat hierdie proses van heling, verandering en groei deur die verkondiging van die evangelie fasiliteer.

Pastoraal-terapeutiese bystand is in die verlede hoofsaaklik vanuit die werking van die linkerhemisfeer van die brein verleen (Janse van Rensburg, 1998:65). Dit beteken dat pastorale terapeute hoofsaaklik op 'n intellektueel-analitiese vlak met die persoon in terapie omgegaan het, onder die modernistiese invloed (Du Toit, 2000:55). Die navorser stem met Clinebell (1984:27) saam wanneer hy sê dat pastorale terapeute meer regterbrein-strategieë met die tradisionele linkerbrein-strategieë moet integreer as hulle die heel-mens meer effektief wil bedien.

### 1.4.2 PASTORAAT IN DIE POSTMODERNE ERA

Theron en Lotter (2008:2) is van mening dat daar eenstemmigheid onder akademici, filosowe en teoloë is dat die mensdom homself in 'n postmoderne era bevind (vgl ook Riggs, 2003:5 en Scanlon, 1999:228). Volgens Barna (2006:43) is die postmoderne filosofie met sy verwerping van absolute waarheid, teenstrydig met die Christendom. Die mens wat in die postmoderne era leef se behoefte het aansienlik verander van dié wat in die moderne tyd geheers het. Die navorser is van mening dat die pastorale terapeute hulle strategieë moet aanvul en aanpas as hulle met betrekking tot hul pastorale hantering van die mens in nood nog toepaslik wil optree vir die tyd waarin ons lewe.

Die pastorale terapeut/berader, volgens die teorie van Derrida (dekonstruksie), het nie "die antwoord" vir die beradene nie omdat, "die waarheid" volgens bogenoemde epistemologie ontologies nie bestaan nie (vgl Dill & Kotzé, 1997:20-22; Kotzé & Kotzé, 1997:35-38). "Die waarheid", volgens hierdie postmoderne paradigma, kan slegs bestaan wanneer in die spesifieke konteks daarna gesoek word (Dill & Kotzé, 1997:16). Dit impliseer dus dat die pastorale terapeut/berader slegs as 'n fasiliteerder in samewerking met die beradene uit 'n verskeidenheid moontlikhede moet kies om die oplossing te vind. Heelbrein-strategieë kan derhalwe die geskikte medium vir die pastoraat wees (Du Toit, 2000:55). Vanuit 'n reformatoriese vertrekpunt kan dit uiters problematies wees om 'n postmoderne dekonstruktivistiese epistemologie vir die pastorale terapie/berading te aanvaar en die waarheid so te relativeer.

### 1.4.3 ROL VAN MUSIEK AS HEELBREIN-STRATEGIE IN PASTORAAT

Musiek in pastoraat mag aanvanklik vir die pastorale terapeute/beraders nuut en vreemd wees omdat musiek tradisioneel meer bekend is vir die verbintenis wat dit met liturgie het. Tog is musiek reeds in die Bybel gebruik om 'n terapeutiese funksie te vervul. Bogenoemde terapeutiese funksie van musiek kom voor in 1 Samuel 16:14-16 waar Dawid op sy harp speel om verandering in Saul se gemoed teweeg te bring (vgl Maritz & Dreyer, 2002:1208-1209). Die impak van musiek op die mens se emosies en die terapeutiese aanwending van musiek is dus nie 'n vreemde konsep nie. Die waarde daarvan word in pastorale kringe onderskat en het dus tot op hede onderontwikkel gebly omdat pastoraat, soos reeds aangedui, in die verlede

hoofsaaklik op die linkerbrein-strategieë gekonsentreer het (Janse van Rensburg, 1998:65).

Maritz en Dreyer (2001:1265) is van mening dat God die gawe van musiek aan die mens gegee het om kreatief uitdrukking te kan gee aan sy verhouding met God, met sy medemens, met die natuur en met die self. In hierdie verband het Louw (1997:304) vroeër aangetoon dat pastorale teologie en pastorale antropologie geïntegreer behoort te word. In sy model poog Louw (1997:304) om 'n gespreksmodel te ontwerp waarbinne effektiewe kommunikasie van die heil kan plaasvind. Die deurslaggewende rol wat die affektiewe, kognitiewe, konatiewe en normatiewe dimensies by die mens se gedrag speel, word in die fasemodel van Louw weerspieël. Musiek is 'n uitstekende medium om die persoon met innerlike pyn mee te bedien omdat dit op al bogenoemde vlakke gelyktydig tot die mens spreek en dit dus 'n betekenisvolle bydrae kan lewer tot die terapeutiese proses in pastoraat (Louw, 1997:304, vgl Elyon, 2005:6 en Begbie, 2007:20-21).

Die uiteindelike mikpunt van die pastoraat is doksologie (Louw, 1997:90; Maritz & Dreyer, 2001:1274). Doksologie verwys na die uitleef van lofprysing en aanbidding in die teenwoordigheid van God se heerlikheid. Volgens Maritz en Dreyer (2001:1274) het die term "doksologie" 'n wye betekenis. Doksologie, volgens hulle (Maritz & Dreyer, 2001:1274), is nie slegs lof en aanbidding nie, maar sluit in 'n lewe van lofprysing en aanbidding. Lofprysing en aanbidding het sekere implikasies vir die pastoraat. Eerstens impliseer dit en lê dit klem op die verantwoordelikheid wat elke

Christen het om in elke situasie te kies om aan God die eer te gee. By implikasie beteken dit ook dat die mens in die vervalle wêreld te midde van hopeloosheid, pyn, lyding en moedeloosheid God se genade sy eie kan maak en dit kan ervaar (Maritz & Dreyer, 2001:1274). Lofprysing en aanbidding het ook ander betekenisvolle implikasies soos getuieniswaarde, opbou van die kerk en terapeutiese waarde vir die individuele gelowige (Williams, 2005:12).

Musiek kan 'n uitdrukkingswyse word van die emosionele proses omdat dit voortdurend in beweging is (Maritz & Dreyer, 2001:1281). Benewens die feit dat dit 'n draer van emosies is, word musiek ook beskou as die taal van menslike gevoelens. Sodoende kan dit die mens steeds bereik, selfs wanneer woorde misluk (Marshall, 1999:34; Nicol, 1996:1).

## 1.5 STAND VAN NAVORSING

Daar is reeds heelwat navorsing gedoen oor musiekterapie. Wat musiek as hulpmiddel in terapie betref, is daar ook talle studies beskikbaar. Die impak wat musiek op die mens het, is ook al baie bestudeer. Die mees resente navorsing oor bogenoemde sluit onder andere in:

- dié van Bunt (1994), Woodward (1996), Gfeller & Davis (1999) en Kennelly en Brien-Elliott (2001),
- navorsing oor musiek as hulpmiddel in terapie wat gedoen is deur Jannasch (1995), Van Schalkwyk (1998) en Steenkamp (2002).

- Die jongste navorsing oor die impak wat musiek op die mens het, behels onder andere dié van Campbell (1997), Lai (1999), Marshall (1999), Campbell (2000) en Khouzam (2005).

Navorsing oor musiek as regterbrein-strategie in pastoraat is nog nie na behore ondersoek nie. Die mees resente navorsing wat wel oor dié onderwerp gedoen is, sluit onder andere dié in van:

- Janse van Rensburg (1998), Maritz en Dreyer (2001) en Maritz en Dreyer (2002).
  - Janse van Rensburg (1998) het ondersoek ingestel na die regterbrein-strategieë vir pastorale terapie.
  - Maritz en Dreyer (2001) het die moontlikheid van musiek as hulpmiddel in pastorale terapie bestudeer.

Na die navorser se wete is daar min inligting beskikbaar oor musiek as heelbrein-strategie. 'n Resente studie waarvan die navorser kennis dra wat oor dié onderwerp onderneem is, sluit in:

- Groenewald (2003)

## 1.6 NAVORSINGSVRAE

Die sentrale navorsingsvraag van hierdie studie kan soos volg geformuleer word:

**Watter impak het musiek op die innerlike veranderingsproses, en hoe kan die pastorale terapeut die lofprysings- en aanbiddingsproses fasiliteer om innerlike verandering teweeg te bring?**

Die navorsingsvrae wat daaruit voortvloei, is die volgende:

**Watter basisteoretiese perspektiewe bied die Skrif oor die terapeutiese rol van musiek en veral lofprysings- en aanbiddingsmusiek by innerlike verandering? Wat is die metateoretiese implikasies in die benutting van musiek as heelbrein-strategie vir pastorale terapie met die oog op innerlike verandering?**

**Watter praktyk-teoretiese riglyne kan geformuleer word vir die pastoraal-terapeutiese benutting van musiek om innerlike verandering te bewerkstellig?**

## 1.7 DOELSTELLINGS EN DOELWITTE

### 1.7.1 DOELSTELLINGS

Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is om aan te toon watter impak musiek as heelbrein-strategie op die emosionele toestand van die mens het en hoe dit pastoraal-terapeuties benut kan word om innerlike verandering teweeg te bring.

### 1.7.2 DOELWITTE

Die spesifieke doelwitte van hierdie navorsing is:

**Om perspektiewe uit die Skrif te ondersoek wat betrekking het op die impak wat musiek en spesifiek lof- en aanbiddingsmusiek op die mens het en hoe dit innerlike verandering bevorder. Om metateoreties ondersoek in te stel na die rol van musiek by innerlike verandering.**

**Om 'n praktyk-teoretiese riglyne te ontwerp wat die pastorale terapeut kan aanwend om die innerlike verandering effektief deur middel van musiek teweeg te bring.**

## 1.8 SENTRAAL TEORETIESE ARGUMENT


Die teoretiese argument in hierdie studie is dat musiek, en spesifiek lofprysings- en aanbiddingsmusiek, as heelbrein-strategie groot potensiaal inhou en pastoraal-terapeuties benut kan word om innerlike verandering te bevorder.

## 1.9 NAVORSINGSMETODOLOGIE


### 1.9.1 INLEIDING

Daar bestaan verskillende raamwerke ("modelle") vir die Praktiese Teologie wat aan die navorser bekend is, soos hieronder aangetoon gaan word. Die punt van ooreenstemming van al die modelle is dat daar 'n komponent is wat die Skrif, Christelike tradisie en hermeneutiek behels, verder dat die literatuur- en empiriese navorsing in 'n volgende komponent verteenwoordig word (hetsy gesamentlik of afsonderlik) en dat daar tot 'n vorm van 'n "model" of "praktykvorming" gekom word.


Die modelle wat bestaan in Praktiese Teologie, is die volgende:




**Figuur 1:** Heitink (1993:178 ev)





**Figuur2:** Lotter (2007:4)




**Figuur 3:** Model van Zerfass (vgl Heyns & Pieterse, 1998:37)

Die model van lense wat deur Getz (1980:16; vgl ook Getz en Wall, 2000:24-34) voorgestel word, is suksesvol gebruik in studies aan die Noord-Wes Universiteit gebruik (vgl Botha, 2004: 9; Olivier, 2006:7), alhoewel dit nie 'n erkende Prakties-Teologiese model is nie.

Die model van Getz word hieronder aangedui:




**Figuur 4:** Getz (1980:16)

### 1.9.2 BASIS-, META- EN PRAKTYKTEORIEË

In hierdie studie word daar gebruik gemaak van die model wat Zerfass (1974: 166) vir die Praktiese Teologie ontwerp het vanweë die omvattendheid van die model hierbo (Heyns & Pieterse, 1998:38-39; Venter, 1995:181-202). Hierdie model behels die vorming van basisteorieë uit die teologiese tradisie, die vorming van metateorieë uit onder andere die hulpwetenskappe en 'n ordening van die resultate uit beide velde in 'n hermeneutiese wisselwerking met die doel om 'n praktykteorie te ontwerp.

Dit blyk dat die basiese komponente van wat ondersoek word, by *al die modelle* figureer met verskillende benamings en nuanses. Die basiese komponente is die volgende: die Bybelse (basisteoretiese), ander dissiplines (metateoretiese) en toepassing in die praktyk (praktykteoretiese). Getz (1980 en 2000) verdeel die metateoretiese na die historiese en kulturele lense.

De Wet (2006:84) beredeneer die meriete van Zerfass se model en dui aan dat die benutting van die basiese struktuur van Zerfass se model om die Christelik-kerklike handelingspraksis te korrigeer slegs voordelig kan wees vir 'n prakties-teologiese studie wat ten doel het om die huidige handelingspraksis reg te stel.

Die model van Zerfass soos hierbo aangetoon en met die motivering daarmee saam word derhalwe gebruik in die verdere ontplooing van die studie.

### 1.9.3 BASISTEORIE

In die basis-teoretiese perspektief wil die navorser ondersoek instel na watter perspektiewe die Skrif gee oor die terapeutiese gebruik van musiek. Die terapeutiese effek van musiek op die mens word beskryf in onder andere 1 Samuel 16:14-16; Psalm 42:5, 11; Handelinge 16:25; Efesiërs 5:19 en Kolossense 3:16. In die vorming van 'n basisteorie gaan die navorser dus hoofsaaklik die openbaringsgeskiedenis as metode volg (Van der Walt, 2006:21-24). Waar nodig sal eksegeties te werk gegaan word (vgl Coetzee, 1990:15-30).

### 1.9.4 METATEORIE

Die navorser beoog om in hierdie studie die toepaslike literatuur uit die **Psigologie, Musiek, Neurologie, en Filosofie** te bestudeer om 'n metateoretiese beoordeling te doen.

Daar word ook 'n empiriese studie beoog aan die hand van onderhoude met 'n fokusgroep van 5-10 individue in wie se lewe musiek en veral lofprysing- en aanbiddingsmusiek 'n betekenisvolle bydrae gelewer het wat ontwikkeling, groei en innerlike verandering tot gevolg gehad het. Tydens die onderhoude gaan die navorser gebruik maak van 'n ongestruktureerde aangesig-tot-aangesig metode (Shurink, 1998:297-312; Scheurich, 1997:61-79; Neuman, 2000:371-374). Hierdie

inligting sal verder kwalitatief verwerk word ter wille van die metateoretiese beoordeling.

Die empiriese navorsing geskied ooreenkomstig die riglyne van die Noordwes-Universiteit.

### 1.9.5 PRAKTYKTEORIE

Venter (1995:199) beskryf hoe die basisteorie in die praktyk behoort te werk. Dit ontstaan uit 'n wisselwerking tussen teorie en praktyk terwyl dit gerig is op bepaalde handelingstrategie vir die bedieningspraktyk (Hendriks, 1997a:11).

Deur die integrasie van die basis- en metateoretiese gegewens op 'n hermeneutiese wyse beoog die navorser om uiteindelik riglyne te formuleer wat dien as 'n hulpmiddel in pastoraal-terapeutiese berading van mense om innerlike verandering teweeg te bring.

### 1.9.6 ANDER ASPEKTE

Waar die geslagsvorm hy/hom in die studie aangedui word, impliseer dit ook die vroulike geslag sy/haar, en omgekeerd, tensy die teendeel duidelik is uit die konteks.

## 1.10 HOOFSTUKINDELING

**Hoofstuk 1: Inleiding**

**Hoofstuk 2: Basisteorie: Pastoraal-terapeutiese aanwending van musiek as heelbrein-strategie by innerlike verandering**

**Hoofstuk 3: Die rol van musiek as heelbrein-strategie by innerlike verandering: Metateoretiese perspektiewe**

**Hoofstuk 4: Empiriese navorsing**

**Hoofstuk 5: Inleiding tot Praktykteorie**

**Hoofstuk 6: Praktykteorie**

**Hoofstuk 7: Finale gevolgtrekking**

**Bibliografie**

**- BLAAI ASSEBLIEF OM VIR SKEMATIESE VOORSTELLING -**

## 1.11 SKEMATIESE VOORSTELLING

| PROBLEEMSTELLING | DOELSTELLING | METODE |
|---|---|---|
| **Watter impak het musiek op die innerlike veranderingsproses, en hoe kan die pastorale terapeut die lofprysings- en aanbiddingsproses fasiliteer om innerlik verandering teweeg te bring?** | **Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is om aan te toon watter impak musiek as heelbrein-strategie op die emosionele toestand van die mens het en hoe dit pastoraal-terapeuties benut kan word om innerlike verandering te bevorder.** | **In hierdie studie word die toepaslike skrifte eksegeties bestudeer. Literatuur uit die psigologie, musiek , maatskaplike werk en mediese wetenskappe gaan ook bestudeer word om 'n metateoretiese beoordeling te doen. Laastens word 'n empiriese studie aan die hand van onderhoude ook beoog.** |
| **Watter basisteoretiese perspektiewe bied die skrif oor die terapeutiese rol van musiek en veral lofprysings- en aanbiddingsmusiek by innerlike verandering?** | **Om perspektiewe uit die Skrif te ondersoek wat betrekking het op die impak wat musiek en spesifiek lofprysings- en aanbiddingsmusiek op die mens het en hoe dit innerlike verandering bevorder** | **In die ontwerp van die basisteorie word hoofsaaklik op die openbaringsgeskiedenis metode met die Skrif omgegaan. Waar nodig sal daar ook eksegese gedoen word.** |
| **Watter bydrae kan die ander deelwetenskappe (Musiek, Maatskaplike Werk en Medies) lewer aangaande die rol van musiek as heelbrein-strategie by innerlike verandering?** | **Om metateoreties ondersoek in te stel na die rol van musiek as heelbrein-strategie by innerlike verandering.** | **In hierdie studie word die toepaslike literatuur uit die deelwetenskappe (Psigologie, Musiek, Neurologie en Filosofie) bestudeer om 'n metateoretiese beoordeling te doen. Die navorser beoog 'n empiriese studie aan die hand van onderhoude met 'n fokusgroep van 5-10 individue. In die onderhoude gaan die ongestruktureerde aangesig-tot-aangesig metode gevolg word.** |
| **Watter praktykteoretiese riglyne kan geformuleer word vir die pastoraal-terapeutiese benutting van lofprysings- en aanbiddingsmusiek om innerlike verandering te bewerkstellig?** | **Om 'n praktyk-teoretiese riglyne te ontwerp wat die pastorale terapeut kan aanwend om die innerlike pyn effektief te help verlig deur middel van musiek.** | **Deur die integrasie van die basis- en metateoretiese gegewens word beoog om 'n riglyne te ontwerp wat kan dien as 'n hulpmiddel vir die pastoraal-terapeutiese berading van die persoon met innerlike pyn** |

# HOOFSTUK 2

# BASISTEORIE:

# PASTORAAL-TERAPEUTIESE AANWENDING VAN MUSIEK AS HEELBREIN-STRATEGIE BY INNERLIKE VERANDERING

## 2.1 INLEIDING

### 2.1.1 DOELSTELLINGS

Die doelwit van hierdie hoofstuk is om die Skrif te bestudeer en op grond daarvan basisteoretiese riglyne te formuleer met die oog op terapeutiese aanwending van musiek as 'n heelbrein-strategie by innerlike verandering. In hierdie studie sal hoofsaaklik van die openbaringsgeskiedenis metode vir Skrifinterpretasie gebruik gemaak word om die basisteoretiese perspektiewe met betrekking tot die rol wat lofprysings- en aanbiddingsmusiek as 'n heelbrein-strategie by innerlike verandering speel, na te vors.

### 2.1.2 NAVORSINGSVRAAG

Die navorsingsvraag waarmee in hierdie hoofstuk gewerk word, lei soos volg:

**Watter basisteoretiese perspektiewe bied die Skrif oor die terapeutiese rol van musiek en veral lofprysings- en aanbiddingsmusiek by innerlike verandering?**

- In hierdie hoofstuk word die verskillende verklaringsmoontlikhede ondersoek wat gebruik is om tot 'n betekenisvolle verstaan te kom van die relevante Ou- en Nuwe Testamentiese gedeeltes met betrekking tot die terapeutiese rol van

lofprysings- en aanbiddingsmusiek as 'n heelbrein-strategie by innerlike verandering.

- Ten slotte sal gepoog word om sekere riglyne te formuleer en afleidings te maak met die oog op innerlike verandering.

## 2.2 BASISTEORIE

***Basisteorie*** volgens Dingemans (1996:135) bestaan uit twee fundamentele kolomme wat die *"bouwerk als geheel moeten dragen"*: 'n Formele hermeneutiese interpretasieteorie, as algemeen wetenskaplike teorie, en 'n inhoudelik kritiese korrelasieteologie of verbondsteologie wat parallel daaraan loop, as interpretasie van die Christelike tradisie. ***Basisteorie*** kan ook omskryf word as 'n onderwerpverwante teorie wat binne 'n spesifieke vakgebied ontwerp is vir hierdie spesifieke vakgebruik-doeleindes (Heyns & Pieterse, 1998:50).

Venter (1995:198) is van oortuiging dat 'n ***basisteorie*** die wese en doel van byvoorbeeld kommunikatiewe handelinge sistematies vanuit die Skrifopenbaring beskryf. Bybelse basismateriaal en die tradisiegoedere van 'n geloofsgemeenskap word in 'n basisteorie ontwerp, gesistematiseer en aan die bepaalde vakgebied binne die Praktiese Teologie diensbaar gemaak (vgl Vos, 1995:65).

Strong (2001:26) meen die term ***basisteorie*** dui op die ontwerp van teologiese vertrekpunte, wat hoofsaaklik uit die Woord voortspruit, vir bepaalde areas in die

vakgebied van die Praktiese Teologie (vgl Venter, 1996:25-26; vgl Zerfass, 1974:166 ev)

## 2.3 INNERLIKE VERANDERING

Vir die verstaan van **"innerlike verandering"** is dit van kardinale belang om die Bybelse antropologie te bestudeer om te gaan kyk waar die mens vandaan kom en hoedat hy saamgestel is.

### 2.3.1 WAT IS DIE MENS?

Waarom hierdie vraag? Reeds in die Bybel is hierdie vraag op meer as een geleentheid gestel (Job 7:17; Ps 8:5; 144:3; Heb 2:6; vgl ook Van Wyk, 1993:1). Louw (2000:178) is van mening dat die antwoord op die vraag, *wat is die mens?* slegs gevind kan word wanneer die mens se ontmoeting met God, asook sy belewenis van God in ag geneem word. Die dieptes van die mens kan slegs ten volle begryp word binne sy verhouding met God (vgl Verhoef, 2000:9).

#### 2.3.1.1 DIE MENS: 'N SKEPSEL VAN GOD

Die Skrif stel dit duidelik dat God die mens geskape het (Gen 1:26-28; 2:7; Job 33:4; Ps 139:14-16; 104:30; Jes 45:12; 1 Kor 11:9; vgl ook Van Wyk, 1993:5).

*"En God het gesê: Laat ons mense maak na ons beeld, ..."* Die twee woorde *skep* en *maak* in Genesis 1:26 kan volgens Douglas (1986:13) soos volg vertaal word. Die woord *"skep" beteken om iets te maak uit niks. Aan die ander kant beteken die*

*woord "maak" om te formeer soos 'n pottebakker 'n voorwerp uit klei formeer.* By implikasie beteken dit dus dat God die mens se gees en siel geskep het (Sag 12:1), terwyl Hy die mens se liggaam geformeer het (Gen 2:7).

Volgens Louw (1997:174) is daar worsteling in pastoraal-teologiese kringe rakende die vraag oor die antropologie. Hierdie antropologiese vraag is tweërlei van aard (Louw, 1997:174). Vir doeleindes van hierdie studie word slegs die eerste gedeelte van die vraag wat handel oor die ***mens as skepsel van God*** aangeraak.

Vir die verstaan van die mens meen Louw (1997:174) dat dit nodig is dat die mens se gerigtheid en afhanklikheid van sy Skepper (God) altyd in ag geneem moet word. Ook Verhoef (2000:9) sluit aan by Louw (1997:174) wanneer hy sê dat die kennis van die mens nie betekenisvol is sonder die kennis van God nie. Volgens ander kenners (Spykman, 1992:199; Calvyn, 1984:114; Berkhouwer, 1978:137) op hierdie gebied kan die kennis en verstaan van die mens nie buite sy verhouding met God bestaan nie.

#### 2.3.1.2 DIE MENS: GESKAPE NA DIE BEELD VAN GOD

Om na die ***beeld van God geskape*** te wees het sekere implikasies wat belangrik is vir die formulering van 'n Bybelse mensbeskouing. Sherlock (1996:18) is van mening dat die beeld van God en die beeld wat ons van God het, uiters noodsaaklik is om die mens te verstaan. Vir Van Huysteen (2001:11) verwys die beeld van God nie

alleen na die geestelike en fisiese eienskappe nie, maar ook na die hoër roeping van die mens (vgl Louw, 1999:58)

Louw (1997:182) is van mening dat die uniekheid van die mens ook daarin bestaan dat hy van God afhanklik is en dus sy totale menswees op God rig. Verder is hy van mening dat in die Nuwe Testament ook na die mens verwys word as die beeld *(eikon, imago)* en heerlikheid *(doksa)* van God (1 Kor 11:7). Om na die ***beeld van God geskape*** te wees beteken dus die mens se absolute afhanklikheid van God (vgl ook Louw, 2000:182).

Volgens Pfeiffer *et al.* (1999:102) beteken dit dat die mens sekere eienskappe van God ontvang het, naamlik intellek, wil, emosies, selfbewustheid asook 'n morele faset toe hy na die ***beeld van God geskape*** is. Tog is daar ander goddelike eienskappe van God soos Sy oneindigheid (Gen 21:33; Deut 33:27), Sy onveranderlikheid (Heb 13:8), Sy alwetendheid (Ps 139:1-6), Sy onsienlikheid (1Tim 1:17), Sy almag (Op 19:6) en Sy alomteenwoordigheid (Ps 139:7-18) wat Hom van die mens onderskei (vgl Verhoef, 2000:17; vgl ook Venter, 1987:1).

Dudley-Smith (1995:143) wys daarop dat die **beeld van God** waarna die mens geskape is, ook die volgende impliseer:

- ✓ Die mens is 'n intelligente wese wat aan hom die vermoë skenk om te kan redeneer, te kan evalueer en ook te kan kritiseer.

- ✓ Die mens het 'n gewete wat beteken dat hy morele waardes kan onderskei, en dit stel hom in staat om morele keuses te kan maak.
- ✓ Die mens se samelewing skenk aan hom die vermoë om lief te hê en liefgehê te word; dit wil sê om in sosiale verhoudinge te kan staan.
- ✓ Die mens beskik oor gesag, wat aan hom die vermoë skenk om te kan heers oor die skepping en sy kreatiwiteit te kan beoefen.
- ✓ Die mens het 'n siel wat hom in staat stel om te kan aanbid, en te kan bid, en dit skenk aan hom ook die vermoë om in gemeenskap met God te kan lewe.

Bogenoemde eienskappe van die mens benadruk en beklemtoon die uniekheid van die mens bo die res van die skepping (Dudley-Smith, 1995:142, 143).

*Imago Dei* moet nie beskou word as 'n statiese entiteit wat die mens met God deel nie. Die *Imago Dei* is eerder 'n dinamiese interaksie tussen verbondsvennote en kan nie losgemaak word van menswees nie (Spykman, 1992:224).

In die Nuwe Testament word Christus ook uitgebeeld as die *beeld* van God (Sherlock, 1996:69; vgl ook 2 Kor 4:4-6 en Kol. 1:15-16). Die primêre en hoogste roeping van die Christen is om meer en meer na die beeld van Christus verander te word (Van der Walt, 1994:173; vgl Kol 1:15; 2 Kor 4:4). Die doelwit waarna dus gestreef moet word, is om meer soos Christus te word.

Die strewe na verandering is die doelwit van Bybelse berading en ook pastorale terapie (Atkinson & Field, 1995:477). Die mens is nie geroep om fisies en

emosioneel perfek te wees nie; eerder om daagliks in 'n verhouding met God te staan omdat ware verandering en genesing slegs deur God moontlik is (vgl McKellar, 2001:1; 2 Kor 3:18).

#### 2.3.1.3 DIE MENS: 'N MULTIDIMENSIONELE WESE

Die mens is ***multidimensioneel*** geskape in dié opsig dat hy uit baie fasette bestaan (Van der Walt, 1994:170-171). Van der Walt (1994:170) onderskei onder andere 'n chemies-stoflike, 'n biotiese en 'n psigiese aspek in die samestelling van die mens.

Die mens se vermoë om eie kultuur te skep, sosiaal te kommunikeer, reg te laat geskied, kreatiewe kuns te kan skep en sy geloof in die samelewing op 'n unieke wyse te kan beoefen bevestig verder sy ***multidimensionaliteit***. Laasgenoemde eienskap van die mens onderskei hom ook as 'n godsdienstige wese. Die ***multidimensionaliteit*** van die mens word verder bevestig deur die mens se inherente behoefde daaraan en vermoë om verhoudings aan te knoop (Campbell-Lane, 2003:22; vgl Dunn, 1998:78).

### 2.4 DIE DICHOTOMIESE EN TRICHOTOMIESE TEORIE

Is die mens 'n ***dichotomiese*** of 'n ***trichotomiese*** wese? Volgens Meier *et al.* (1991:34) is dit 'n vraag waaroor teoloë dekades lank reeds redeneer. Alhoewel die kennis van bogenoemde teorieë aansienlike hulp aan beraders en terapeute verskaf wanneer hulle oor menslike ervaringe dink, is dit belangrik om te beklemtoon dat die mens in werklikheid beskou moet word as 'n heel-mens en dus 'n eenheid omdat die

klem in die Bybel op die mens as 'n eenheid val ( Campbell-Lane, 2003:22; vgl ook Louw, 2005:13).

- **Die Dichotomiese teorie**

Volgens Joubert (2005:18) bestaan die term ***dichotomie*** uit twee Griekse wortels, naamlik *diche* en *temnein.* As dit vertaal word, beteken *Diche tweevoudig* of *in twee. Temnein*, aan die ander kant, beteken *om te sny.* Die ***dichotomiese*** paradigma sien dus die mens as 'n tweeledige wese: fisies (materieel, liggaam) en geestelik. (Teoloë soos Berkhof, 1996, Buswell, 1962 en Clark, 1984 huldig ook hierdie standpunt.)

Volgens die ***dichotomiese*** siening word die terme *siel* en *gees* as sinonieme beskou en is dus onskeibaar (Campbell-Lane, 2003:23). As 'n aanhanger van die dichotomiese teorie is Clark (1984:37) van mening dat die mens uit twee elemente saamgestel is, naamlik die stof van die grond en die asem (ruach) van God, wat die *nephesh* vorm (vgl Van Wyk, 1993:19). Murphy (2006:2) praat van dualisme waneer sy verwys na die dichotomiese teorie.

Die ***dichotomiese*** paradigma, volgens Pfeiffer *et al.* (1999:102), hou sekere konsekwensies in. Eerstens beteken dit dat die mens slegs heel kan wees wanneer hy bestaan uit 'n fisiese “tabernakel” om die siel te huisves. Dit beteken ook dat die mens, as 'n samestelling van liggaam en siel, noodwendig onderworpe sal wees aan probleme weens sy sondige natuur. Die siel is

onderworpe aan sielkundige probleme wat fisiese siektes tot gevolg kan hê. Ook is die siel onderworpe aan psigo-somatiese probleme wat kan lei tot geestelike versteurings, wat ontstaan weens fisiese siektes wat obsessies by die pasiënte word.

- **Die Trichotomiese teorie**

Campbell Lane (2003:23) is van mening dat, volgens die ***trichotomiese*** siening, die mens gesien word as 'n drieledige wese met drie afsonderlike bewussynsentra. Volgens Joubert (2005:18) het **trichotomie** sy oorsprong in die Griekse woorde *tricha* wat *drie* beteken en *temno* wat beteken *om te sny*. **Trichotomies** bestaan die mens dus uit drie dele, naamlik liggaam, siel en gees.

Die ***trichotomiese*** teorie is vir Campbell-Lane (2003:24) gebaseer op twee Skrifverwysings, naamlik 1Tessalonisense 5:23 en Hebreërs 4:12. Clark (1984:44), aan die ander kant, is van mening dat Hebreërs 4:12 nie noodwendig skeiding beskryf tussen die siel en die gees nie. Vir hom (Clark, 1984:44) is die onderskeid wat in hierdie vers getref word tweevoudig: siel en gees teenoor gewrigte en murg. Hy (Clark, 1984:44) meen dat as siel en gees in dié vers gesien word as twee afsonderlike komponente, ook gewrigte en murg beskou moet word as twee afsonderlike dele, wat beteken dat 'n mens viervoudig is en nie drievoudig is nie. Wanneer Venter (1987:1-2) na die mens in sy geheel verwys, praat hy ook van die gees, siel en liggaam. Volgens Murphy (2006:22) bestaan daar nie 'n spesifieke Bybelse siening wat die menslike samestelling

aanbetref nie. Daarom is sy (Murphy, 2006:22) van mening dat elke Christen die vryheid gegun moet word om self die keuse uit te oefen vanuit die bestaande teorieë en sodoende hom/haarself binne 'n teorie te plaas.

Vir doeleindes van hierdie studie word die mens beskou as 'n *trichotomiese* wese wat beteken dat die mens se samestelling uit drie elemente bestaan, naamlik gees, siel en liggaam omdat hierdie teorie meer versoenbaar is met die Bybel. Tessalonisense 5:23 en Hebreërs 4:12 is die skrifgedeeltes in die Bybel wat melding maak van gees, siel en liggaam wanneer daar na die mens verwys word (vgl Joubert, 2005:33-34). Joubert (2005:276) is van mening dat God die drie-dimensionele beeld van Sy drie-enigheid in gedagte gehad het toe Hy die mens na Sy beeld geskape het as gees, siel en liggaam. Joubert (2005:276) ondersteun verder die trichotomiese teorie wanneer hy meld dat elemente van die mens se drie-dimensionaliteit selfs in die psigologie voorkom.

## 2.5 NOG BYBELSE TERME AANGAANDE DIE MENS

Dit is van kardinale belang om as berader/terapeut in die veranderingsproses die verskillende terme wat aangaande die mens gebruik word, in ag te neem. Aangesien die mens uit verskillende elemente saamgestel is, is dit belangrik en betekenisvol om kennis te dra van hierdie elemente (Campbell-Lane, 2003:22). Aan die ander kant funksioneer die mens in werklikheid as 'n *heel*-persoon en moet die mens gesien word as 'n dinamiese geheel omdat die Bybel ook die klem op die heel-persoon as 'n eenheidswese plaas. Die mens moet dus nie so gedissekteer word dat daar uit die

oog verloor word dat hy/sy as 'n eenheidswese funksioneer nie (Campbell-Lane, 2003:22, 24; Louw, 1997:242). Louw (2000:165) het ook holistiese benadering in gedagte wanneer hy praat van die siel *(psuche)*, hart *(kardia)* en denke *(nous)* omdat hy meen dat hierdie dele die mens in sy geheel beskryf.

### 2.5.1 HART

Verhoef (2000:44) is van mening dat, vir die Ou Testamentiese skrywers, die woord **hart** na die sentrum van die bewustelike, emosionele en lewens- belangrike funksies in die mens se liggaam verwys (Spr 4:23; vgl Venter, 1987:8). Ook is Verhoef (2000:44) van oortuiging dat die oorgrote meerderheid Ou Testamentiese verwysing wat praat van die **hart**, verwys na óf die nie-materiële, innerlike wese van die mens óf een van die tradisionele persoonlikheidsfunksies van die mens, naamlik emosie, denke en wil (vgl bv 1 Sam 2:1; Rig 16:15; Gen 45:26; Jes 40:2; Eks 7:23; 2 Kron 12:14; Rig 9:3). Louw en Nida (1988:321) huldig dieselfde standpunt oor die spesifieke betekenis van die begrip **hart.**

Wanneer Paulus skryf oor die **hart** (*kardia*) in die Nuwe Testament verwys hy na die innerlike dimensie van die menslike lewe (vgl Verhoef, 2000:45; Louw, 2000:165). Volgens Romeine 10:10 beskou Paulus die **hart** diensbaar aan die beoefening van geloof . Volgens Louw (2000:165) impliseer die **hart** (*kardia*) dus die totale mens se gerigtheid op (toewyding aan) God. Aan die ander kant meen Louw (2000:165) dat die **hart** volgens Romeine 1:24 en 2:5 ook 'n instrument vir sonde kan wees. Die hart

is ook die setel van menslike emosie (Rom 10:1; 2 Kor 1:4; 7:2). Laastens verwys Louw (2000:165) ook na die **hart** as die sentrum van die menslike bestaan.

Spykman (1992:220) en Pfeiffer *et al.* (1999:87) is dit met mekaar eens wanneer hulle praat van die **hart** as die punt waarom die lewe draai. Spreuke 4:23 beveel dat die **hart** meer as enigiets anders bewaak moet word omdat dit volgens die beeldspraak van hierdie Skrif die oorsprong van die lewe is. Volgens Campbell-Lane (2003:26) is die Hebreeuse en Griekse betekenis vir die woord **hart** dieselfde, naamlik dit wat sentraal staan.

Vir Dunn (1998:74-75) is die **hart** die setel van die emosies, gedagtes en die wil. Hierdie reeks betekenisse word volgens Dunn (1998:75) in Romeine 2:15, 29; 6:17; 8:27 en 10:9-10 weerspieël.

### 2.5.2 SIEL

Volgens Louw (2005:10) wil dit voorkom asof die begrip *"psuché"* sy oorsprong het in wat hy noem 'n *"Indo-Europese"* wortel wat verwys na *asem* en *blaas*. Dit is belangrik om daarop te wys dat die Hebreeuse term *nephesh* ook verwys na die lewensasem van die mens. Louw (2005:11) is van oortuiging dat die menslike **siel** in verband staan met 'n lewenservaring waarby 'n sekere lewenskwaliteit 'n baie belangrike rol speel.

Louw (2005:12) wys verder daarop dat *nephesh en psuche* in die Bybel eerder dui op lewe of lewensbeginsel as wat dit verwys na 'n abstrakte substansie (vgl Matt 16:26; Joh 15:13). Die **siel** volgens hom (Louw, 2005:12) wys op die mens in sy totaliteit (vgl Hand 2:41). Louw (2005:13) konkludeer dat die term **siel** onder andere verstaan moet word as 'n kollektiewe begrip wat beteken dat die mens/**siel** nie verstaan kan word buite die netwerk van menslike verhoudinge nie.

Dunn (1998:76) is van mening dat daar duidelike verskille bestaan tussen *psuché* **(siel)** en die Hebreeuse ekwivalent, *nephesh*. Die Griekse term, *psuché* **(siel)** verwys volgens hom na die noodsaaklike kern van die mens wat van die liggaam skeibaar is en meen ook dat die konsep "onsterflikheid van die siel" hier sy oorsprong het (Dunn, 1998:76). Die Hebreeuse ekwivalent *nephesh*, aan die ander kant, verwys na die persoon as geheel (Gen 2:7; Eks 21:23; Louw, 2000:165; Dunn, 1998:76).

Volgens Campbell-Lane (2003:27) kan die ***siel*** nie in die materiële gedefinieer word nie (vgl Louw, 2005:12). Met die skepping het God in die neus van die mens Sy asem (*ruach*) geblaas en die mens het 'n lewende ***siel*** geword (Gen 2:7). Ook sê die Skrif (Gen 35:18) dat die siel van die mens hom verlaat wanneer hy sterwe.

*Nous*, volgens Louw en Nida (1988:325), is ook 'n Griekse term wat gebruik is om die **siel** van die mens te beskryf. Dit verwys na die vermoë van die mens om te kan dink, verstaan, redeneer en besluite te kan neem.

### 2.5.3 GEES

Die Griekse woord wat met "**gees**" vertaal is, is *pneuma.* Volgens (Louw & Nida, 1988:145) het hierdie woord te make met die nie-materiële dimensie van menswees.

Fahlbusch *et al.* (1999:70) is van mening dat die selfstandige naamwoord *rûah* en *nephesh* sinonieme kan wees omdat hulle beide vertaal word met asem, wind of gees (Gen 2:7; 8:1; 41:8). Volgens die Skrif staan hierdie woorde vir die lewensentrum van 'n mens en by implikasie dus van 'n lewende vors (Gen 2:7; 7:15; 22; Ps 145:21; 150:6).

Pfeiffer *et al.* (1999:1618) beskryf die **gees** *(pneuma)* van die mens soos volg: *"the spirit is the essential and activating principle or animating force within living personal beings".* Volgens Dunn (1998:77) is die **gees** *(pneuma)* van die mens die dimensie of die kontakpunt waarmee die mens direk in verhouding met God kan staan. Dit is die dimensie van die mens wat kontak maak met God (vgl Verhoef, 2000:50; Rom 1:9; 8:16).

Ook Campbell-Lane (2003:28) is van mening dat die **gees** *(pneuma)* van die mens lewend is vir God deur wedergeboorte en dit die deel van die mens is wat sensitief is vir die stem van die Heilige Gees (Rom 8:16). Volgens Louw en Nida (1988:323) verwys die **gees** *(pneuma)* na die mens wat potensieel sensitief is en in sy spirituele dimensie ontvanklik is vir gemeenskap met God. Campbell-Lane (2003:28) meen verder dat die gemoedstoestande en die gesindhede van die denke deur die **gees**

*(pneuma)* beheer kan word omdat die Heilige Gees die **gees** *(pneuma)* van die mens beheer en deurlopend vernuwe (Ef 4:23; 1 Kor 2:16). Volgens Dunn (1998:78) kan die mens eers as heel-persoon funksioneer sodra hy sy **gees** vir die Gees van God oopgestel het.

### 2.5.4 DIE INNERLIKE MENS

Wie is hierdie **innerlike mens** en waar moet die verandering plaasvind wanneer die navorser verwys na *innerlike verandering*? Soos reeds gemeld in Hoofstuk 1 verwys Cambell-Lane (2003:31) na die **innerlike mens** as die hart, denke en siel van die mens. Pfeiffer *et al.* (1999:845) en Campbell-Lane (2003:31) is dit met mekaar eens wanneer hulle praat van die **innerlike mens** as die onsigbare, geestelike sfeer van die mens (vgl Verhoef, 2000:58). Louw (2000:165) is ook van mening dat, wanneer Paulus praat van die hart (*kardia*), hy na die innerlike dimensie van die lewe verwys. Volgens die dichotomiese teorie verwys die **innerlike mens** na die siel/gees van die mens (Joubert, 2005:18; Cambell-Lane, 2003:23).

Die term **innerlike mens** word by meer as een geleentheid in die Bybel (Rom 7:22; 2 Kor 4:16; Ef 3:16) deur die apostel Paulus gebruik. Volgens Dunn (1998:474) verwys die "ek" in Romeine 7:20 en die "innerlike mens" in Romeine 7:22 na dieselfde persoon. By implikasie beteken dit dat die "ek" in Romeine 7:20 en die "innerlike mens" in Romeine 7:22 sinonieme is.

As die innerlike dimensie van die mens verwys na die hart (*kardia*), siel (*psuché*), en denke (*nous*) van die mens, beteken dit dus dat die innerlike dimensie die sentrum is waaruit die totale mens se lewe gereguleer word. Daarom kan die navorser konkludeer dat die innerlike verandering waarna in hierdie hoofstuk verwys word, heenwys na die verandering wat in die hart, siel en denke van die mens (Rom 12:2) moet plaasvind omdat, volgens Spreuke 4:23, die hart die oorsprong van die lewe is. En slegs wanneer die verandering in die hart ontspring en deurvloei na die siel en denke, sal die verandering in die mens se lewe blywend wees.

## 2.6 WAT BEHELS DIE SOGENAAMDE INNERLIKE VERANDERING?

Waartoe moet die mens transformeer? Ten spyte van hulle deursigtigheid in Christus asook hulle geloof in die Bybel, het pastorale beraders/terapeute tog verskillende perspektiewe met betrekking tot berading en dus ook met betrekking tot innerlike verandering (vgl Meier *et al*, 1991:313). Volgens die noutetiese model van Adams (1995:17) is dit belangrik dat die gedrag, waardes, motivering en gesindheid van die mens 'n metamorfose moet ondergaan.

Vir Smith (2000:12) aan die ander kant, is dit belangrik dat die mens van sy *verlede* genees moet word. Crabb (1988:42) se standpunt is dat die heiligmaking wat die Heilige Gees in die innerlike mens bewerkstellig, die mens ook uiterlik transformeer. Die werk van die Heilige Gees in die innerlike mens is dus vir Crabb (1988:42) van kardinale belang omdat hy meen dat verandering in die lewe van die gelowige ook

verandering in ander mense se lewens tot gevolg het (Crabb, 1997:5). Vir Campbell-Lane (2003:122) beteken verandering om meer soos Christus te word.

Volgens Campbell-Lane en Lotter (2005:110) behels Bybelse innerlike verandering 'n proses van sondebesef (vgl Ps 51:7; Rom 3:23), regverdigmaking (Rom 3:23-31), Heiligmaking (vgl Jak 1:2-4; 1 Pet 1:6-7; Rom 5:3-5), verbreking van gewoontes, *dehabituasie* - aflê van gewoontes (vgl Ef 4:22; Kol 3:8-9), *rehabituasie* – aanleer van gewoontes (vgl Rom 13:14; Ef 4:24; Kol 3:10, 12, 14) en vernuwing van die gemoed (vgl Rom 12:2; Ef 4:23). Dit is van kardinale belang om te verstaan dat pyn en lyding die vrug van sonde is (vgl Spykman, 1992:312). Campbell-Lane en Lotter (2005:110) wys op die feit dat pastorale beraders eers die *vrug van sonde* moet hanteer voordat hulle genesing/restourasie aan mense sal kan bedien.

Wat is dus die finale doel van bogenoemde proses (innerlike verandering)? Verandering in die innerlike mens wat 'n effek het op die uiterlike gedrag van die mens is volgens Campbell-Lane (2003:122) die gewenste resultaat. Behalwe dat Hy die heil van Jesus Christus in die lewe van die gelowige werk, skryf Lotter (2005:495), is die Heilige Gees ook voortdurend besig om die gelowige *te verander* na die beeld van Christus. Ook Campbell-Lane (2003:222) is van mening dat die uiterste mylpaal vir die pastorale berader/terapeut verandering in die innerlike mens is waardeur die gelowige na die beeld van Christus groei. Ook volgens Genesis 1:26, Romeine 8:29 en Efesiërs 4:13 is transformasie van die gelowige na die beeld van Christus 'n Bybelse mylpaal.

Wat is die implikasies van die innerlike mens wat getransformeer word na die beeld van Christus? Volgens Barnett (1988:74) beteken dit nie dat ons fisies verander en soos Christus lyk nie, maar dat die vrug van die Gees (Gal 5:22) in die lewe van die gelowige vervolmaak word. Dit impliseer volgens Lotter (2005:495) drastiese verandering in die lewe van die gelowige omdat hy aantoon dat die "hart van klip" (verharde hart) verander word na 'n "hart van vlees" (sagte hart) wat gereed is om die boodskap te ontvang wat Jesus Christus self deur die Heilige Gees daarop skryf (vgl Eseg 11:19; 36:26; Jer 31:33; 1 Kor 3:3).

Maritz en Dreyer (2001:1266) is van mening dat daar 'n ontologiese en epistemologiese verbintenis bestaan tussen musiek en die mens. In die voormoderne era was musiek beskou as 'n holistiese realiteitsbegrip (vgl Elyon, 2005:5). Volgens Marshall (1999:34) en Nicol (1996:1) word musiek ook verreken as 'n draer van menslike emosie. Daarom kan musiek beskou word as 'n kragtige terapeutiese instrument in die hand van die pastorale terapeut om bogenoemde transformasie tot stand te bring omdat dit gelyktydig op die *affektiewe,* die *kognitiewe* en die *konatiewe* vlak tot die persoon spreek (vgl Maritz & Dreyer, 2001:1265; Jannasch 1995: 26 en Begbie, 2007:20-21). Met bogenoemde eienskappe van musiek in gedagte word die rol van musiek (veral lofprysings- en aanbiddingsmusiek) vervolgens as heelbrein-strategie by innerlike verandering ondersoek.

## 2.7 LOFPRYSING EN AANBIDDING

### 2.7.1 OMSKRYWING VAN LOFPRYSING EN AANBIDDING

Vir die verstaan en definisie van lofprysing en aanbidding in die Bybel is dit van kardinale belang om die betekenis van die terme in die oorspronklike tale te ondersoek. Daar word dus vervolgens kortliks verwys na enkele Hebreeuse en Griekse terme wat na lofprysing en aanbidding verwys.

- **Hebreeuse terminologie vir lofprysing (*praise*) en aanbidding (*worship*)**

  - ***Hallal***

    ***Hallal*** is die Hebreeuse term vir lofprysing (praise) wat beteken om te roem, op te hemel, te spog, groot te praat, te vier, te herdenk, om uitbundig verspot te wees en om uit te blink (vgl VanGemeren, 1997:1035-1038; vgl ook 1 Kron 16:4; Ps 56:4, 5, 11; 84:5; 119:7, 164).

  - ***Yadah***

    ***Yadah*** is die oorspronklike term vir lofprysing (praise). Volgens VanGemeren (1997:406) verwys die term primêr na erkenning. Van Heyningen (sa:2) is van mening dat die term ook vertaal kan word met die volgende: om met uitgestrekte hande te aanbid, om die hande uit te gooi/steek, om dank aan God te gee. (vgl Gen 29:35; 2 Kron 20:21; Ps 63:4; 52:9; 107:8, 15, 21, 31; 145:10).

➢ ***Tehilla***

In die opskrif van Psalm 145 verwys die term ***tehilla*** na 'n loflied (VanGemeren, 1997:1036). Die term beteken ook om te sing of te roem (vgl Van Heyningen, sa:2; vgl ook Eks 15:11; Deut 10:21; 1 Kron 16:35; 2 Kron 20:22; Ps 22:3-4; 147:1-2). Volgens Janse en Hendriks (2002:74) is ***tehilla*** meer beskrywend van aard en is daarom gerig op verering.

➢ ***Zamir***

Die basiese betekenis van ***Zamir***, volgens VanGemeren (1997:1116), is om 'n instrument in die konteks van aanbidding te speel (vgl Ps 33:2; 98:5; 144:9; 147:7). In ander gedeeltes (vgl Ps 71:22-23) verwys dit na sang wat met musiek begelei word.

➢ ***Todah***

***Todah***, in die oorspronklike, word vertaal met die uitsteek van hande om lofoffer, dankoffer of danksegging te bring. Alhoewel dit moontlik is om danksegging in privaatheid of selfs in die hart te beoefen, bevat hierdie Hebreeuse terme 'n verbale, mondelinge en openbare konnotasie (vgl Janse & Hendriks, 2002:74; vgl ook VanGemeren, 1997:406; vgl ook Ps 50:14, 23; 56:13; 100:4; 116:17; Jer 17:26; Jer 33:11).

➢ ***Shabach***

Die oorspronklike betekenis van die hierdie Hebreeuse term is om iemand aan te spreek of toe te spreek in 'n luide stem, om te skreeu en om hoog aan te prys (vgl Van Heyningen, sa:3; vgl ook Ps 117:1; 145:4; 147:12).

▪ **Griekse terme vir lofprysing (*praise*) en aanbidding (*worship*)**

➢ **Aineo, Ainos**

***Aineo*** **en** ***Ainos*** het, volgens Louw en Nida (1988:429), dieselfde betekenis. Vir hulle (Louw & Nida, 1988:429) beteken die terme om die voortreflikheid van 'n persoon, 'n objek of selfs 'n gebeurtenis te verkondig (vgl Luk 2:13; 18:43).

➢ ***Charis***

***Charis*** is 'n Griekse term wat gebruik word om dankbaarheid uit te druk. *"Maar ons dank God dat Hy aan ons oorwinning gee deur ons Here Jesus Christus."* (1 Kor 15:57).

➢ ***Proskuneo***

***Proskuneo*** beteken om deur jou gesindheid of posisie jou getrouheid aan die godheid te toon. Dit kan ook vertaal word met: om neer te werp in aanbidding, te kniel, en om te aanbid (vgl Louw & Nida, 1988:540;

vgl Matt 2:2). Volgens Van Heyningen (sa:3) beteken ***proskuneo*** om eerbied te betoon, te vereer, hoog te ag en ook om hulde te bring.

Lofprysing is 'n uitdrukking van aanbidding wat erkenning aan God gee as die laaste bron en gewer van alle goeie gawes (Freedman, 2000:1076). Volgens Odendaal en Gouws (2000:660) kan **lofprysing** ook gedefinieer word as: *"wat gesê word tot eer of ten gunste van iemand; prysende woord"* of *"om iemand se roem te verkondig"* (vgl Sorge, 1987:1).

VanGemeren (1997:1035) verwys na **lofprysing** as 'n uitdrukking van waardering asook 'n reaksie op goeie hoedanighede. **Lofprysing** is met 'n oorweldigende hoeveelheid geleenthede in die Ou Testament aan God gegee (vgl Ps 22:23; Eks 15:11; Ps 18:3-4; 1 Kron 16:25).

**Aanbidding** word aan die ander kant omskryf as verering, die gee van die hoogste eer aan die Opperwese (Odendaal & Gouws 2000:2). Vir VanGemeren (1997:43) dui **aanbidding** te alle tye op 'n handeling of 'n gesindheid, gerig op 'n persoon in 'n posisie van eer of gesag. Dit is 'n uiterlike teken van die innerlike gees. Louw en Nida (1988:540) definieer aanbidding soos volg: *"... to express in attitude and ritual one's allegiance to and regard for deity"*. Volgens Segler (1996:6) word die Engelse woord **"worship"** afgelei van die term *"worth-ship"* wat beteken waardig om eerbiedig te word.

Alhoewel danksegging, lofprysing en **aanbidding** in die charismatiese kringe beskou word as afsonderlike opeenvolgende gebeurtenisse, beskou die Gereformeerde Kerk aan die ander kant **aanbidding** as 'n gebeurtenis wat al die aktiwiteite in die samekomste van die gelowige insluit (Janse & Hendriks, 2002:72; vgl ook Janse & Hendriks, 2002:47-48; vgl ook Sorge, 1987:66-671). Volgens Janse & Hendriks (2002:72) wil dit dus voorkom of lofprysing en aanbidding dieselfde gebeurtenis is en word dit vir doeleindes van hierdie studie ook so beskou.

Die ander term wat in gereformeerde kringe gebruik word wat verband hou met lofprysing en aanbidding is ***"liturgie"***. Die woord ***"liturgie"*** het sy oorsprong in die Griekse term *"leitourgia"* wat die dienswerk vir die volk aandui (Vos & Pieterse, 1997:4; vgl ook Letsosa, 2005:1; Rayburn, 1980:141). Bogenoemde Griekse woord bestaan uit die samestelling van *leitos* wat *van die volk* beteken, *laos* en *ergon* wat *werk* beteken (Letsosa, 2005:1). Volgens Vos en Pieterse (1997:5) dui *leitourgia* in die Septuagint op die diens wat in die tempel verrig word, met die klem op die offerdiens wat deur die priester gelewer is.

Vir Vos en Pieterse (1997:5) omvat *leitourgia* in die Nuwe Testament die volgende:

a) Die tempeldiens in die Ou Testament (Luk 1:23; Heb 8:2; 9:21; 10:11).
b) Persoonlike liefdesdiens (ook finansiële hulp) aan die mense (Fil 2:25, 30; Rom 15:27; 2 Kor 9:12).
c) Diens aan Christus (Hand 9:15; Rom 15:16; Fil 2:17).
d) Gebedsbyeenkoms van die dissipels (Hand 13:2).

Uit die voorafgaande gedeelte blyk dit dat die woord ***"liturgie"*** nie dui op lofprysing en aanbidding nie, maar eerder op die **verloop** van die erediens waarvan lofprysing en aanbidding deel uitmaak (vgl Letsosa, 2005:1).

Soos reeds in Hoofstuk 1 uiteengesit, verwys liturgie in die breër konteks na die afbeelding van die hemelse aanbidding hier op aarde (Letsosa, 2005:1). Dit beteken dat liturgie nie net bestaan uit wat in die erediens gebeur nie, maar ook die alledaagse lewens van die lidmate insluit (vgl Cilliers, 1999:244).

Wanneer Viljoen (2005:65) verwys na liturgiese musiek of kerkmusiek is dit musiek wat 'n bepaalde funksie binne die kerklike bedrywighede vervul. Daar word na die lied vir die erediens, kerklied en die musiek vir die erediens verwys as liturgiese lied of liturgiese musiek (Viljoen, 2005:65; Smit, 1999:38). Dit is musiek wat primêr op God gerig is en behels dus aanbidding wat momente insluit soos lofprysing, dank, verootmoediging en belydenis. Liturgiese lied en liturgiese musiek kan ook 'n horisontale funksie vervul waar dit op gelowiges of ongelowiges buite die kerk gerig is – wanneer mense mekaar aanspoor tot toewyding en geloof (Viljoen, 2005:65; vgl ook Smit, 2007:39).

Maritz en Dreyer (2001:1274) gebruik die term **doksologie** wat verwys na die lewe van lof en aanbidding in die teenwoordigheid van God se heerlikheid, maar dit het ook 'n breër betekenis. Dit verwys nie net na lofprysing as 'n losstaande gebeurtenis nie, maar beteken eerder dat lofprysing 'n lewenswyse is. Die lewenswyse van

lofprysing kan nie losgemaak word van die gemeente en derhalwe die erediens nie, omdat die erediens dien as die voedingsaar van die lewenswyse met betrekking tot lofprysing.

Janse en Hendriks (2002:44) verwys na lofprysing as **doksologie**, maar vir hulle beteken lofprysing as **doksologie** die diens wat die gelowige lewer aan God. In lofprysing as **doksologie** gaan dit nie om die seëninge van God aan sy kinders nie; dit is eerder gefokus op God **self** as die gewer van die goeie gawes. By implikasie beteken dit die belydenis en erkenning van die gelowige se algehele afhanklikheid van God.

Soos reeds in 'n voorafgaande gedeelte gemeld is, word lofprysing en aanbidding in die charismatiese kerke beskou as opeenvolgende afsonderlike gebeurtenisse (vgl Sorge, 1987:1, 66). Volgens Sorge (1987:1) is lofprysing en aanbidding elkeen uniek in sy aard en het ook 'n unieke doel. Alhoewel lofprysing en aanbidding volgens Sorge (1987:67) afsonderlike gebeurtenisse is, erken hy dat dit soms onmoontlik is om dit so te onderskei.

Verskille tussen lofprysing en aanbidding, volgens Sorge (1987:67-71), is die volgende:

- God is nie afhanklik van ons lofprysing nie, maar hy soek ware aanbidders (Joh 4:23). As ons hom nie loof nie, sal die res van die skepping dit doen (Luk 19:37-40).

- In lofprysing kan soms afstand behou word, waar aanbidding gewoonlik intiem is (Ps 148:3-12); Luk 19:37-40). Sorge (1987:68) is van mening dat klippe, blomme, berge, riviere, son, maan en sterre, alhoewel hulle God kan loof, nie 'n verhouding met Hom kan hê nie.
- Anders as lofprysing, vereis aanbidding *verhouding.* Dit impliseer tweerigtinggesprek.
- Lofprysing is altyd *sigbaar en hoorbaar*. Aanbidding, aan die ander kant, is nie altyd vir die waarnemer merkbaar nie. Dit is dus nie altyd moontlik om deur bloot na mense te kyk agter te kom dat hulle aanbid nie.
- Lofprysing is in die meeste gevalle horisontaal in sy doel, waar aanbidding primêr 'n vertikale gerigtheid het.
- Lofprysing is dikwels ter voorbereiding op aanbidding.

Daar is nog verskille wat Sorge (1987) meld, maar die navorser is van oortuiging dat bogenoemde voldoende is vir doeleindes van hierdie studie.

Lofprysing en aanbidding het sekere implikasies vir pastorale berading/terapie. Dit impliseer en lê klem op die verantwoordelikheid wat elke Christen het om in elke situasie te kies om aan God die eer te gee. By implikasie beteken dit ook dat die mens in die vervalle wêreld te midde van hopeloosheid, pyn, lyding en moedeloosheid God se genade sy eie kan maak en dit kan ervaar (Maritz & Dreyer, 2001:1274). Uit Psalms 42 en 43 kan afgelei word dat hopeloosheid, pyn, lyding en moedeloosheid van die gelowige nie 'n nuwe verskynsel is nie, maar dat gelowiges selfs ook in die Bybelse tye pyn en lyding moes verduur en as gevolg daarvan hoop

verloor het. Psalms 42:6,12 en 43:5 is gepaste voorbeelde van waar die gelowige (Psalmis), ten spyte van "*trane dag en nag*", kies om God se genade sy eie te maak deur sy siel te beveel om op God te hoop en Hom te loof.

Wanneer woorde en tegnieke misluk, kan musiek (veral lofprysings- en aanbiddingsmusiek) ontmoeting tussen God en die mens bewerkstellig (Maritz & Dreyer, 2001:1273). Lofprysing en aanbidding - soos reeds aangedui - is daarom 'n gepaste medium en kan 'n magtige instrument in die hand van die pastorale berader/terapeut wees om innerlike verandering te laat intree.

### 2.7.2 GETUIENISWAARDE VAN LOFPRYSING EN AANBIDDING

Getuieniswaarde, opbou van die kerk en terapeutiese waarde is alles ook betekenisvolle implikasies van lofprysing en aanbidding vir die liggaam van Christus asook vir die individuele gelowige (Williams, 2005:12; vgl ook De Klerk & Smit, 2002:107, 110; Viljoen, 1990:11; Ps 103; Kol 3:16; Ef 5:19; 1 Sam 16:14-23).

Larkin (1995:241) is van oortuiging dat dit die vreugde van Paulus en Silas te midde van hulle swaarkry en lyding is wat gemaak het dat hulle die krag van ware verlossing ervaar het (vgl Hand 16:25-26). Hulle gebede en lofsang aan die enige ware God te midde van uiterste beproewing het ook aan die ander gevangenes kragtige getuienis gelewer (vgl Viljoen, 1990:6).

Janse en Hendriks is van mening dat die kerk 'n tradisie van lofprysing by Israel geërf het en **lofprysing** beskou het as 'n gebeurtenis waarin primêr die magtige dade van God verkondig word. Die navorser kan dus konkludeer dat lofprysing en aanbidding, te midde van swaarkry en lyding, 'n kragtige getuienis is en kan dien as 'n magtige instrument vir evangelisasie (vgl Williams, 2005:12; Janse & Hendriks, 2002:46; Marshall, 1989:271).

Getuieniswaarde van lofprysing en aanbidding word ook duidelik in Psalm 103 weerspieël. Volgens Maré (2005:1283) is dit uit die moeilike tye van pyn, siekte en selfs die dood wat dreig waaruit lofprysing en aanbidding gebore word. Maré (2005:1283) is ook van mening dat die krag van elke gelowige asook die gemeente se getuienis in lofliedere soos Psalm 103 na vore kom. Ten einde die krag van hul getuienis, belydenis en verkondiging te demonstreer behoort elke Christen sy/haar loflied te laat hoor.

Ook in Lukas 19:37 word die getuieniswaarde van lofprysing en aanbidding soos volg bevestig:

*"Toe Hy naby die stad kom, teen die afdraand van die Olyfberg, het die hele skare juigende volgelinge God uit volle bors begin prys oor al die wonderwerke wat hulle gesien het."*

### 2.7.3 OPBOUWAARDE VAN LOFPRYSING EN AANBIDDING – Eks 15; 1 Kor 14:26; Ef 5:19; Kol 3:16

In Eksodus 15 word na die eerste geleentheid in die Bybel verwys waar die volk van God lofsange sing tot eer van God. Onder leiding van Moses sing die volk hier 'n lofsang tot eer van God omdat die Here die Egiptenare in die Skelfsee laat verdrink. Die wonder van die verlossingsdaad wat God verrig, bring soveel geloof in die harte van die volk dat hulle met groot vrymoedigheid hulle geloof openlik deur die lofsang bely (vgl Burden, 1993:116; Viljoen, 1990:11). In bogenoemde skrifgedeelte word verwys na hoe God die krag van musiek op 'n wonderlike wyse gebruik om nuwe geloofsvrymoedigheid in die harte van die volk te vestig, en bewerk daardeur ook innerlike transformasie. Teenoor die ongelowige, angsbevange skare mense anderkant die Skelfsee staan die Israeliete duskant die see as 'n triomfantelike, gelowige volk van God wat die magtige dade van hulle God besing (vgl Smit, 1999:52-53). Janse en Hendriks (2002:72) is van mening dat aanbidding wat nie transformasie in die hart van die aanbidder bewerkstellig nie, nie as aanbidding beskou word nie.

Morris (1989:194) is van mening dat die samekoms van gelowiges waarna in 2 Kor. 14:26 verwys word, aanbidding ten doel het. Volgens Morris (1989:194) verwys die "psalm" in bogenoemde vers na 'n lied, gesing met die begeleiding van 'n instrument.

Die Skrif is ook duidelik dat die vroeë kerk 'n singende kerk was; daarom is daar talle liedere beskikbaar in die Nuwe Testament (vgl Olivier, 2006:68; Viljoen, 2005:15;

Blyth, 2001:209; vgl ook Matt 26:30; Ef 5:19; Kol 3:16; Luk 1:46-55, 68-79). Morris (1989:194-195) is van oortuiging dat Paulus eerder van mening is dat die lied in 2 Kor. 14:26 na eie komposisie verwys. In 2 Kor 14:26 word dit beklemtoon dat ook hierdie eie komposisies tot stigting van die gemeente moes geskied (vgl Johnson, 2004:266).

Lincoln (1990:345) se standpunt is dat die psalms, lofsange en geestelik liedere waarvan Paulus in Efesiërs 5:19 melding maak, nie lofprysing tot God ten doel het nie, maar eerder gerig was op die opbou en lering van die gelowiges onder mekaar (vgl Viljoen, 2005:65; Kloppers, 2003:68; Smit, 1999:52; vgl Kol 3:16). Volgens Lincoln (1990:345) is dit moeilik om onderskeid te tref tussen die drie kategorieë psalms, himne en geestelike liedere in Efesiërs 5:19 en Kolossense 3:16. Dit is uit beide Skrifgedeeltes duidelik dat die Pauliniese himne 'n opbouende en didaktiese funksie vervul (vgl Liefeld, 1997:138-139; Wall, 1993:149-151; Lincoln, 1990:345; O'Brien, 1982:208-210).

Alhoewel die lofliedere in bogenoemde Pauliniese briewe 'n sterk opbouende en didaktiese funksie vervul en dus eerder 'n horisontale gerigtheid het, is Letsosa (2005:160) van oortuiging dat die einddoel ook hierdie liedere primêr is om God te verheerlik.

### 2.7.4 TERAPEUTIESE WAARDE VAN MUSIEK IN DIE BYBEL

Soos vroeër in hierdie hoofstuk aangedui is, word die transformerende krag van lofprysings- en aanbiddingsmusiek reeds in Eksodus 15 in die Bybel uitgebeeld. In die lofsang wat die volk in Eksodus 15 sing, is dit duidelik dat die bang, ongelowige Israeliete anderkant die Skelfsee innerlik getransformeer is na 'n volk wat triomfantelik, gelowig, en vol vertroue in hulle God daar uitsien (vgl Smit, 1999:52-53).

Terapeutiese waarde van musiek word ook in 1 Samuel 16:14-23 duidelik uitgebeeld. In hierdie skrifgedeelte word beskryf hoe Saul verskrik word deur 'n bose gees wat die HERE oor hom laat kom. Volgens Smit (1999:53) was dit 'n bekende gebruik van daardie tyd om dan 'n siterspeler te kry om op die siter te speel. Op voorstel van sy dienaars laat roep Saul vir Dawid om vir hom op die siter te speel. Wanneer die bose gees Saul geteister het, het Dawid op sy siter gespeel en het Saul verlig en beter gevoel (1 Sam 16:23). Die transformerende, terapeutiese krag van die musiek het dus verandering in Saul se gemoedstoestand tot gevolg gehad (vgl Elyon, 2005:48; Viljoen, 2005:43; Maritz & Dreyer, 2002:1209; Smit, 1999:53).

### 2.7.5 LOFPRYSING EN AANBIDDING MANIFESTEER GOD SE HEERLIKHEID (TEENWOORDIGHEID)

Die Bybel is duidelik hieroor dat God onder die lofprysing van Sy kinders woon (vgl Janse & Hendriks, 2002:45-46; Ps 22:4; 2 Kron 5:13-14). In 2 Kronieke 5:13-14 verwys die Bybel (ou vertaling) na 'n wolk (heerlikheid van God) wat die huis van die

HERE vervul het toe die trompetblasers en die sangers die HERE begin loof en prys. Volgens Selman (1994:321) en Thompson (1994:224) is hierdie wolk in 2 Kronieke 5:13 'n simbool van God se teenwoordigheid. Die nuwe vertaling maak melding van die magtige teenwoordigheid van die Here wat die tempel gevul het (vgl Letsosa, 2005:158). Selman (1994:320) is van oortuiging dat wanneer God se volk hulle heelhartig in lofprysing en aanbidding gee, God altyd sal reageer en hulle sal besoek met Sy heerlikheid wat 'n simbool van Sy teenwoordigheid is (vgl Viljoen, 2005:14; vgl ook 2 Kron 7:1-3).

In 1 Samuel 10:5, 6, 10 kom dit duidelik na vore hoe die musiek, heelwaarskynlik lofprysings- en aanbiddingsmusiek, God se heerlikheid (teenwoordigheid) tot gevolg gehad het. Volgens Smit (1999:53) is dit die transformerende krag van musiek wat verandering in die gemoedere en emosies van die profete tot gevolg gehad het sodat hulle kon profeteer. Die hand van die HERE wat op Elisa gekom het toe die siterspeler op die snare speel, volgens 2 Konings 3:15, bevestig ook dat lofprysings- en aanbiddingsmusiek God se heerlikheid (teenwoordigheid) vergestalt (vgl Smit, 1999:54; Letsosa, 2005:158). By implikasie beteken dit dat lofprysings- en aanbiddingsmusiek God se teenwoordigheid tot gevolg kan hê.

In die Nuwe Testament bestaan daar nie baie getuienis wat bevestig dat lofprysing en aanbidding God se teenwoordigheid bring nie. Die Nuwe-testamentiese gedeelte, Handelinge 16:22-26, lewer wel getuienis oor hoe gelowiges God loof en aanbid ten spyte van beproewing en oor hoe God Hom aan hulle openbaar.

Volgens Handelinge 16:25, soos reeds uitgewys, kies Paulus en Silas om ten spyte van moeilike omstandighede hul vertroue in God te plaas. Hulle bid en sing om middernag lofliedere tot God. Ter bevestiging van Sy woord (Ps 22:4) openbaar God Hom aan Paulus en Silas deur die aardbewing wat volg op hul gebede en lofsang (vgl Viljoen, 2005:17; vgl ook Dunn & Rogerson, 2003:1247).

### 2.7.6 HEERLIKHEID (TEENWOORDIGHEID) VAN GOD EN INNERLIKE VERANDERING – 2 KOR 3:3; 17-18

Die veranderings-*"agent"* tydens lofprysing en aanbidding is die Heilige Gees (vgl Campbell-Lane, 2003:61; vgl ook Tit 3:5). Innerlike transformasie (verandering) geskied dus nie vanself nie, maar is die werk van die Heilige Gees (Lotter, 2005:493, Vgl ook Cilliers, 2002:18). Barnett (1988:74) wys daarop dat die sluier in 2 Kor 3 metafories aangewend word vir blindheid en dat almal onder die ou verbond blind is vir die heerlikheid van God. 2 Korintiërs 3:18 sê duidelik dat vir hulle wat onder die nuwe verbond lewe, die sluier weggeneem is; daarom kan hulle die heerlikheid van God aanskou. Terwyl hulle die heerlikheid van God aanskou, word hulle getransformeer na die beeld van Christus wat soos vroeër in die hoofstuk gemeld is, die uiterste mylpaal is van 'n pastorale berader/terapeut. Die Heilige Gees bereik hierin 'n hoogtepunt in Sy werk in die lewe van die gelowige (vgl Lotter, 2005:495; vgl ook Barnett, 1988:74).

In 2 Korintiërs 3 behandel Paulus die gawes wat die Heilige Gees gee. Lotter (2005:492) is van mening dat vir enige verandering om blywend en betekenisvol te

wees, dit in die *hart* moet ontspring omdat die hart die oorsprong van die lewe is (vgl Spr 4:23). Aangesien die hart, soos vroeër in die hoofstuk aangedui, beskou word as die kern van alle lewe, die begin van denke en van emosies asook van die wil van die mens, is enige verandering wat nie in die hart ontspring nie, slegs tydelik en oppervlakkig van aard. Dit is dus slegs innerlike verandering wat 'n blywende uitwerking op die lewe van die gelowige sal hê (Campbell-Lane & Lotter, 2005:12).

Wanneer Paulus in 2 Korintiërs 3:3 melding maak van die "skrywe op die hart van die mens", meen Lotter (2005:493) dat die ink waarmee geskryf word, heenwys na die Heilige Gees en dat Jesus Christus die skrywer is (vgl Jer 31:33). Verder is Lotter (2005:492) ook van oortuiging dat die verandering in die hart van die mens verandering in die *hele lewe* van die mens tot gevolg het.

In 2 Korintiërs 17-18 word die Drie-eenheid van God en die noue verhouding tussen die Drie Persone in die Godheid na vore gebring (vgl Zoutendijk, 2004:248). Lotter (2005:494) wys daarop dat dit van kardinale belang is dat hierdie hegte verhouding ook so verstaan moet word dat Jesus Christus en die Heilige Gees één is wanneer hulle werksaam is. Aangesien die Drie Persone in die Godheid onderskeibaar is, alhoewel hulle nooit geskei kan word nie, word daar ook in hierdie studie, telkens wanneer daar van God melding gemaak word, na die Drie Persone in die Godheid verwys (vgl Fee, 1999:32; vgl ook Young & Ford, 1987:257).

In 2 Korintiërs 3:18 waar die verandering in gelowiges beskryf word, is dit ook duidelik dat 'n soortgelyke verhouding tussen Christus en die Heilige Gees ter sprake is. Reg aan die begin van die vers stel Paulus dit duidelik dat die verandering wat die Gees bewerkstellig vir *alle* gelowiges bedoel is, ongeag hulle rang, amp, status, stand, ouderdom, geslag of geestelike groeivlak. By implikasie beteken dit dat die verandering nie slegs vir die Pastoor of 'n Dominee beskore is nie, maar vir elke gelowige wat kies om God te soek deur onder andere lofprysing en aanbidding (vgl Lotter, 2005:495).

## 2.8 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKINGS

Die doelwit van hierdie hoofstuk was om basisteoretiese riglyne uit die Skrif te formuleer met betrekking tot die terapeutiese aanwending van musiek as heelbrein-strategie by innerlike verandering. Om bogenoemde doelwit te kon bereik het die hoofstuk uit twee hooftemas bestaan, naamlik innerlike verandering enersyds en lofprysing en aanbidding andersyds.

Vir die verstaan van innerlike verandering was dit van kardinale belang om eers die Bybelse antropologie te ondersoek. Uit die studie van die Bybelse antropologie het dit duidelik geword dat:

1) die mens 'n skepsel van God is.
2) die mens geskape is na die beeld van God; en
3) die mens 'n multidimensionele wese is.

Nog ander terminologie in die Bybel met betrekking tot menswees is bestudeer wat waardevol kan wees vir die verstaan van die verskillende fasette waaruit die mens bestaan. Uit die studie van bogenoemde terme het dit na vore gekom dat, wanneer daar in die Bybel verwys word na die hart, daar na die innerlike mens verwys word. Dit impliseer derhalwe dat die gewenste innerlike verandering in die hart self moet plaasvind. Blywende verandering in die lewe van die mens moet dus in die hart ontspring omdat, volgens Spreuke 4:23, die mens se hele lewe bepaal word deur wat in sy hart omgaan – uit die hart van die mens is die oorspronge van die lewe.

Innerlike verandering behels primêr die innerlike transformasie van die mens na die beeld van Christus. Die einddoel van innerlike verandering is daarom dat die mens meer soos Christus moet word. Dit is die finale doel van pastorale berading/terapie.

Die implikasie van die innerlike transformasie van die mens na die beeld van Christus is dat die uiterlike gedrag van die mens ook verander. Dit beteken dus 'n ingrypende verandering in die lewe van die mens omdat die mens nie alleen innerlik verander nie; die vrug wat hy dra, verander ook. Die vrug van die Gees, soos in Gal 5:22 beskryf, word dus in die lewe van die gelowige 'n werklikheid.

Soos vroeër in die hoofstuk aangetoon, beskou die Charismatiese kerke lofprysing en aanbidding as twee verskillende opeenvolgende momente, terwyl dit vanuit die gereformeerde paradigma as dieselfde gebeurtenis geag word. Daar is ook

aangetoon dat die navorser hom in die gereformeerde siening vind en derhalwe lofprysing en aanbidding as dieselfde gebeurtenis beskou.

Benewens die terapeutiese waarde, het lofprysing en aanbidding ook getuieniswaarde (vgl bv Ps 103; Hand 16:25-26) en opbou-waarde vir die gelowige sowel as vir die kerk van Christus korporatief (vgl Kol 3:16; Ef 5:19).

Lofprysing en aanbidding het belangrike implikasies vir die pastorale berading/terapie. Dit beklemtoon die verantwoordelikheid wat elke Christen het om midde in 'n wêreld vol hopeloosheid, pyn en lyding in elke situasie te kies om God se genade vir hom toe te eien en God te loof (Ps 42 en Ps 43). Aangesien musiek verbind is aan die menslike emosie, is die navorser van oortuiging dat lofprysings- en aanbiddingsmusiek die ideale medium en instrument is wat aangewend kan word om innerlike verandering te bewerkstellig.

Innerlike verandering geskied nie vanself tydens lofprysing en aanbidding nie, maar is die werking van die Heilige Gees. Die Heilige Gees is dus die veranderings-*"agent"* tydens lofprysing en aanbidding. God kom skryf deur die Heilige Gees op die hart van die mens en bring verandering ook in die res van die mens se lewe teweeg.

# HOOFSTUK 3

# DIE ROL VAN MUSIEK AS HEELBREIN-STRATEGIE BY INNERLIKE VERANDERING: METATEORETIESE PERSPEKTIEWE

## 3.1 INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om die metateoretiese perspektiewe en gepaardgaande paradigmaskuiwe wat plaasgevind het en steeds plaasvind met betrekking tot die rol van musiek en spesifiek lofprysings- en aanbiddingsmusiek by innerlike verandering te ondersoek. Vir enige studie in die Praktiese Teologie, is dit noodsaaklik dat die metateoretiese dimensies ook bestudeer moet word, en aangesien dit gepaard gaan met paradigmaskuiwe wat plaasgevind het en nog steeds plaasvind, het dit 'n groot impak op die pastoraat en het dit ook 'n definitiewe impak op basisteorie, praktykteorie en bedieningspraktyk.

## 3.2 PROBLEEMSTELLING

Die navorsingsvraag waarmee gewerk word, is:

**Wat is die metateoretiese implikasies in die benutting van musiek as heelbrein-strategie vir pastorale terapie met die oog op innerlike verandering?**

Soos reeds in Hoofstuk 1 aangedui, is pastorale hulpverlening in die verlede hoofsaaklik benader vanuit die werking van die linkerhemisfeer van die brein (Janse van Rensburg, 1998:65). Dit beteken dus dat pastorale bystand in die verlede

hoofsaaklik onder die invloed van modernisme op 'n *intellektueel-analitiese* vlak verleen is.

Maritz en Dreyer (2001:1270) is van mening dat 'n aantal nuwe sieninge 'n invloed uitoefen op die huidige perspektiewe van die pastoraat as wetenskap. Die belangrikste daarvan is dat geloof nie slegs *feitelike* kennis van die Woord is nie, maar ook die *ervaring* daarvan. Slegs wanneer die Skrif eerstehands ervaar word, word die gelowige mens in sy geheel aangeraak. Clinebell (1984:27) toon meer as twintig jaar gelede reeds aan dat pastorale terapeute regterbrein-strategieë by die bestaande linkerbrein-strategieë moet integreer as hulle die heel-mens effektief wil bereik.

### 3.3 DOELSTELLINGS

- In hierdie hoofstuk poog die navorser om buite die grense van die teologie te beweeg om sodoende inligting uit die deelwetenskappe in te samel en te ondersoek rakende die rol van musiek as regterbrein-strategie by innerlike verandering. Die deelwetenskappe wat in die hoofstuk geraadpleeg is, sluit in Psigologie, Musiek, Neurologie en Filosofie. Daar sal onder andere gefokus word op die historiese agtergrond van musiek met die klem op die terapeutiese funksie wat dit in die verlede vervul het.
- Verder word beoog om voorlopig sekere metateoretiese afleidings te maak oor die rol van musiek as heelbrein-strategie by innerlike verandering. Hierdie

afleidings kan later in hermeneutiese wisselwerking met die basisteorie tot die praktykteorie lei.

## 3.4 METATEORIE

Volgens Venter (1993:247) is **metateorie** 'n teorie waarin wetenskaplike paradigmas verklaar word wat met ander dissiplines gedeel word (vgl ook Strong, 2001:9; Van Huysteen, 2001:25.

Daar het nog altyd konflik bestaan tussen die Teologie en die Psigologie (Campbell-Lane, 2003:141, vgl ook Meier *et al.*,,1991:26) McMinn (1996:17), aan die ander kant, is van mening dat bogenoemde konflik onnodig is omdat hy meen dat die berader die beradene as 'n heel-mens moet sien. Dit impliseer dat die psigiese, biologiese en geestelike dimensies van 'n persoon ingesluit moet word wanneer daar in terapie/berading met hom omgegaan word (vgl ook Joubert, 2005:182; Campbell-Lane, 2003:141)

Volgens McMinn (1996:17) is alle beradings spiritueel van aard omdat die diepste verlange van alle mense na God is (vgl in dié verband ook Case & McMinn, 2001:39; McMinn & Hall, 2001:3; Richards & Bergin, 1997:6). Selfs die nie-gelowige persoon het 'n geestelike verlange en moet die beraders daarom erns maak met geestelike probleme waarmee mense worstel (Powers, 2005:224). Louw (2000:8) is ook van mening dat gesonde interaksie tussen pastorale teologie en psigologie moet bly plaasvind (vgl Louw, 2000:120; Case & McMinn, 2001:39; McMinn & Hall, 2001:3;

McMinn & Hall, 2000:251). 'n Studie van enkele jare gelede onder sielkundiges het ook bevestig dat spirituele bronne 'n betekenisvolle bydrae lewer ten opsigte van die hantering van werkverwante spanning (Case & McMinn, 2001:39).

Alhoewel Psigologie alleen nie voldoende is vir die verstaan van spirituele ervarings van mense nie, is dit belangrik om kennis te neem van metodes vanuit die Psigologie om ongeldige paradigmas effektief uit te skakel (Vgl McMinn, 1996:17).

Nie alle beraders is daarvan oortuig dat die interaksie tussen Psigologie en Teologie suksesvol kan wees nie. Terwyl Bybelse beraders van oortuiging is dat God die Outeur is van alle waarheid en dat die Bybel alleen genoegsaam is om mense te help, is daar vir sekere psigoterapeute aan die ander kant geen plek vir godsdiens in berading nie (Campbell-Lane, 2003:141; vgl ook Johnson & Johnson,1997:15).

Bergin en Payne (1993:244) is van oortuiging dat die voorgestelde interaksie tussen psigologie en teologie vir beide dissiplines net voordelig kan wees. Ook Joubert (2005:182) is van mening dat 'n dinamiese verhouding tussen psigologie en teologie moontlik is omdat, volgens die trichotomiese teorie, die mens uit gees, siel en liggaam bestaan.

### 3.5 VERANDERING

Fasilitering van verandering in die lewens van kliënte/beradenes is die gemeenskaplike doelwit van alle terapie en berading (Corey, 2001:17; vgl Louw,

2000:366) en dit lei tot die vrae of mense kan verander en hoe hulle verander. Is dit eksterne faktore wat lei tot verandering of kom verandering van binne?

Verandering lok twee verskillende reaksies by mense uit. Sekere mense sien verandering as bedreigend, terwyl ander dit sien as 'n geleentheid om aan te gryp (Schmidt, 1997:88). Omdat die meeste mense van die bekende hou en lief is vir roetine, bied hulle gewoonlik weerstand teen verandering. Alhoewel verandering dikwels lonend is, veral wanneer dit resultate oplewer, voel dit soms of die bestuur daarvan onhaalbaar is (Welch & Welch, 2005:133-134; vgl ook Jaffe & Scott, 1999:8).

Psigoterapie kan slegs in sekere gevalle die veranderingsproses in beweging bring, en dit waarborg ook nie altyd dat die verandering gaan intree nie. Die individu moet erken dat daar 'n sekere area in sy lewe is wat regstelling of aanpassing benodig. Erkenning is 'n kritieke deel van verandering. Dit is die begin van verandering en impliseer dat verandering moontlik is (Welch, 1998:27). Vir verandering om suksesvol en blywend te wees, is dit van kardinale belang om verandering dadelik te versterk (reinforce) sodra dit intree (Andreas & Faulkner, 1998:22).

## 3.6 PSIGOLOGIESE PERSPEKTIEWE OP VERANDERING

Engler (1991:23) onderskei drie hoof**doelwitte** in psigoterapie, naamlik:

- Die **verstaan** van die self en die menslike natuur. 'n Voorbeeld hiervan is **Psigoanalise.**

- **Etiese doelwit** - Sien terapie diensbaar aan die kliënt se verandering en groei asook daaraan om 'n beter lewensgehalte te handhaaf. 'n Voorbeeld hiervan is die **persoon-gesentreerde terapie** van Rogers omdat dit klem plaas op die gesindheid wat die terapeut skep om verandering in die kliënt te fasiliteer.
- **Kuratiewe doelwit** - Fokus op die vervanging van problematiese simptome met meer gepaste gedrag. 'n Gepaste voorbeeld hiervan is die **gedragsterapeut** wat hom verantwoordelik ag vir die fasilitering van verandering en ook om die gedrag van die kliënt te beheer.

### 3.6.1 DIE FREUDIAANSE BENADERING: PSIGOANALISE

Psigoterapie is deur Sigmund Freud 1856-1939 ontwikkel. As 'n terapeutiese toepassing van wetenskap van die menslike denke het Sigmund Freud psigoanalise verder die lig laat sien. As 'n neuroloog wat later 'n psigiater geword het, was Freud geweldig geïnteresseerd in die biologiese basis van die geesteslewe van die mens (vgl Smith, 1996:19).

Wolitzky (1995:38) is van oortuiging dat daar geen enkele faktor in die benadering van Freud is wat beskou kan word as 'n element van verandering nie. Verhouding en insig wat gebaseer is op interpretasie is vir Freud die twee hoof kategorieë in die kuratiewe faktor in behandeling.

Enigiets wat die intrapsigiese balans van persoonlikheid versteur/ontstel, kan volgens die Freudiaanse teorie tot die proses van verandering bydra (Smith, 1996:26). Die fundamentele teorie van verandering volgens Bertram en Widener (1995:41) is dat die onbewuste nie verander kan word nie – slegs die bewuste kan (vgl Karasu, 2005:2485).

### 3.6.2 IS DIE TEORIE VAN FREUD RELEVANT BY INNERLIKE VERANDERING?

Die Freudiaanse teorie omvat die individu se innerlike ervaringe, openbare gedrag en biologiese natuur asook individue en groepe se sosiale rolle (Arlow, 2000:20; vgl ook Karasu, 2005:2478).

Die relevansie van persoonlikheid by verandering is geleë in die feit dat Freud die verstaan van die hele menslike bestaan baseer op sy verstaan van persoonlikheid (Jones & Butman, 1991:80). Volgens Nye (1992:132) kom dit na vore in die verduideliking van die strukture van persoonlikheid dat gedragsmanifestasie die oorsaak is van innerlike, onbewuste emosionele konflik en spanning. Ten einde die individu se gedragspatrone te verstaan is dit van kardinale belang dat die terapeute hierdie bogenoemde onbewuste oorsake moet verstaan. Ongesonde persoonlikheidsontwikkeling, insluitend die huidige gedrag en ervaring, kan beskou word as die produk van onopgeloste kwessies (*issues*) van die gebeurtenisse in die verlede.

Navorsing het getoon dat die doelwit van psigoanalise die strukturele verandering in persoonlikheid is om die onbewuste bekend te maak en deur kwessies (issues) te werk (Parrott, 1997:112). Bogenoemde proses verseker dus dat die individu bewus genoeg is van sy basiese kwessies (issues) om sodoende self beheer oor te neem asook tot groter volwassenheid te groei.

Wolitzky (1995:38) verstrek twee verskillende toestande vir terapeutiese verandering:

- Die eerste ideale toestand is wanneer die beradene met 'n versteurde moeder-kindverhouding 'n **positiewe verhouding** met die terapeut het (vgl Karasu, 2005:2476)
- Terapeutiese verandering is ook moontlik wanneer die **insig** van die huidige sowel as ervaringe in die verlede **emosioneel betekenisvol** is (vgl Karasu, 2005:2484).

Die Psigoanalitiese teorie van Sigmund Freud word beskou as die mees omvangryke, inklusiewe sisteem in psigologie. Byna elke vorm van psigoterapie is op die een of ander element van die psigoanalitiese teorie of tegniek gebaseer (Arlow, 2000:20; vgl ook Okun, 1997:112).

### 3.6.3 RASIONEEL-EMOTIEWE GEDRAGSTERAPIE EN VERANDERING

Die einddoel van gedragsterapie is om die lewensgehalte van pasiënte te bevorder deur hulle gedrag te verander en sodoende disfunksie in hul lewe te verminder (Jacob & Pelham, 2005:2498). Volgens Macaskill (1990:20) is dit geweldig moeilik om mense se oortuigings (geloof) te verander. Hy (Macaskill, 1990:20) is van mening

dat dit harde werk en deursettingsvermoë verg om mense se oortuigings te verander omdat mense soms onrealistiese verwagtinge oor die verandering van hul irrasionele oortuiginge (geloof) koester.

**Filosofiese verandering** vind plaas wanneer 'n beradene **intellektueel bewus** is van sy probleem en ook die bron daarvan verstaan (Ellis, 1990:137). Volgens Ellis (1990:137) bring hierdie tipe verandering slegs minimale persoonlikheidsverandering mee. Wanneer 'n beradene aan die ander kant **emosionele insig** in sy probleem het, sal die verandering meer blywend wees en meer betekenis inhou. Intellektuele bewussyn en emosionele insig help die beradene om verantwoordelikheid te aanvaar vir sy disfunksionele gedrag. Verandering van versteurde gevoelens en gedrag neem 'n aanvang sodra die beradene erken dat hy iets kan doen om sy irrasionele oortuigings (geloof) te verander (vgl Yates, 2003:33; Ellis, 1990:137).

### 3.6.4 DIE HUMANISTIESE PERSPEKTIEF

Sekere psigoloë is daarvan oortuig dat gedragsterapie en psigoanalise nagelaat het om belangrike aspekte van die menslike ervaring onder die loep te neem (McLeod, 1996:133). Dit het gelei tot die **humanistiese paradigma**.

Sentrale temas van die **humanistiese paradigma** kan soos volg saamgevat word:

- ✓ Hierdie paradigma het psigologie en ander terreine (literatuur, filosofie) van die humanisme geïnkorporeer,
- ✓ Dit konsentreer eerder op optimale funksionering as op patologie,

- ✓ Dit plaas geweldig baie klem op die individu "self".
- ✓ Dit steun op die netwerking van idees in teenstelling met 'n enkele teoretiese fokus.

#### 3.6.4.1 ROGERIAANSE BENADERING: KLIËNT-GESENTREERDE TERAPIE

Carl Rogers is wel bekend vir sy humanisme asook die benadering in berading wat sy naam dra (West & Saunders, 2006:718). Hy het 'n opregte respek vir die individu geopenbaar. As terapeut het hy alles in sy vermoë gedoen om empatie teenoor en ondersteuning van die beradene te toon (Rennie, 1998:iv).

#### 3.6.4.2 ROGERIAANSE PERSPEKTIEF MET BETREKKING TOT VERANDERING

Volgens McLeod (1996:136) is **verandering** en verbetering van die persoonlikheid inherent aan die menslike ervaring. Daarom sal die terapeut nie verandering inisieer nie, maar slegs as 'n fasiliteerder van verandering in die lewe van die kliënt optree. Die terapeut sal dus konsentreer op die innerlike of eksterne bronne wat die verandering in die lewe van die kliënt verhinder.

Negatiewe selfkonsep bevorder nie positiewe verandering nie (Thorne, 1996:129). Positiewe verandering word geïnisieer deur beide die terapeut en die tipe verhouding wat die terapeut met die kliënt het. Effektiewe, betekenisvolle terapie beweeg die kliënt uit 'n posisie van 'n swak, negatiewe selfkonsep na 'n posisie van positiewe

selfkonsep. Die kliënt se groei en ontwikkeling van 'n meer positiewe selfkonsep sal 'n verbetering in sy/haar gedrag tot gevolg hê (Thorne, 1996:129).

## 3.7 MUSIEK AS HEELBREIN-STRATEGIE BINNE DIE POSTMODERNE PARADIGMA

In teologiese en filosofiese kringe is daar eenstemmigheid dat die mens hom in die postmoderne era bevind (Kingma & Lotter, 2002:312; vgl Van Wyk, 2001:144). Elyon (2005:48) wys daarop dat, namate tye verander, die mens se behoefde en nood ook verander. Howard Clinebell (1984:16) sê: *"In each period of history and every new environment, the church must find fresh ways of meeting the needs of troubled persons – new channels for its century – spanning ministry of caring, healing, and growth. Only thus can it remain relevant to the deep needs of people."* So stel die postmoderne era ook dus nuwe uitdagings aan die pastorale berader/terapeut omdat die behoefde van die postmoderne mens nou ook anders daar uitsien (Olthuis, 1999:144).

Voordat die navorser postmodernisme deeglik kan bestudeer en verstaan, is dit noodsaaklik dat modernisme eers onder die vergrootglas geplaas moet word. Die Fransman, Descartes, word algemeen aanvaar as die "ikoon" van die moderne era omdat hy die kognitiewe, die logiese funksionering van dinge beklemtoon wanneer hy sê: "*omdat ek dink, daarom is ek*" (Botha, 2000:26). Die moderne era word gekenmerk deur ekonomiese en tegnologiese welvaart en vooruitgang (Thompson & Lotter, 2001:187). Die menslike rede is nog 'n verdere prominente kenmerk van die

moderne era (Smit, 2007:251). Volgens Steenkamp (1996:752) het die moderne mens sy verwagting en geloof in redding in sy vermoë om te kan redeneer, geplaas. (vgl Van der Walt, 2006:32; Steyn, 2005:47; Thompson, 2001:186). Geloof in die mens se potensiaal om goed te wees, sy vermoë om evolusionêr te ontwikkel en Utopia op die aarde te skep is alles fondamente waarop die modernisme gebou is. Hierdie oorskatte geloof en verwagting in die mens se rede en kognitiewe vermoë het 'n radikale invloed op die verhouding van die mens met die self, ander, die natuur en God tot gevolg gehad. Hierdie mensbeeld het byvoorbeeld meegebring dat die metafisiese en estetiese op die agtergrond geskuif is om plek te maak vir die rasionele magsbeheptheid van die subjek. Maritz en Dreyer (2001:1267) wys daarop dat ook kuns en musiek ondergeskik aan die rede gestel is.

Nog terme wat die modernistiese paradigma weerspieël is *Newtoniaanse fisika, kognitiewe positiwisme, empirisisme, lineêre oorsprong en gevolg, objektivisme in die meting van aspekte in die natuur* (Dixon, 1998:79; vgl ook Strauss, 2004:260). Vir Thompson (1999:11) was moderniteit 'n progressiewe gebeurtenis wat opgebou het totdat dit in die sewentiende eeu sy hoogtepunt bereik en uitgespoel het. Realisering van persoonlike vryheid en welvaart is voordele wat hierdie verandering teweeg gebring het. Onwrikbare geloof in vooruitgang en moontlikheid van oplossing van alle probleme was die gevolg van die sogenoemde persoonlike vryheid en welvaart (Steyn, 2005:48). Thompson (1999:11) is ook van mening dat die modernisme ook nadele inhou. Uitbuiting, verdrukking, morele verval en verwoesting van die

omgewing is alles nadele wat die modernisme veral in die twintigste eeue tot gevolg gehad het.

Gebeurtenisse soos mikro- en makro-ontwikkeling is alles hoogtepunte wat in die moderne era uitgestaan het. Die modernisme verwys na die verligte era wat geloof stel in vooruitgang, optimisme en rasionaliteit. 'n Verdere kenmerk van die moderne era of verligte era is die soeke na absolute kennis in die tegnologie, die wetenskap en die samelewing (Thompson & Lotter, 2001:187). Die modernistiese uitgangspunt is ook dat die soeke na kennis en geloof in die vooruitgang van wetenskaplike en tegnologiese metodes die enigste manier is waarop orde, sekuriteit en geluk in die wêreld verwesenlik kan word (Steyn, 2005:49; vgl ook Steenkamp, 2002:44-45; Janse van Rensburg, 2000:5-6; Van Huyssteen, 1996:105).

Die grondslag of wese van die modernisme lê daarin dat hiërargiese dialekte dualismes soos goed teenoor sleg en positief teenoor negatief aankleef. Dit verteenwoordig duidelike onderskeid tussen man en vrou; tegnologie en primitiewe kultuur; empiriese en nie-empiriese; individu en die kollektiewe (Brown, 1994:236).

Waar wetenskap en tegnologie in sommige kringe in die samelewing geheers het, kom daar 'n keerpunt in die twintigste eeu. Hierdie keerpunt is die gevolg van kritiek teen die fundamentele empirisistiese paradigma van modernisme. In hierdie tyd is die rol van Newtoniaanse fisika as 'n model vir alle wetenskap, ook in filosofiese kringe, bevraagteken. Dit is heel waarskynlik dat bogenoemde kritiek en onsekerheid

die Tweede Wêreldoorlog wat tussen 1939 en 1945 geduur het, tot gevolg gehad het (Steyn, 2005:49). Dit is aangehelp deur die Viëtnamese oorlog wat tussen 1960 ten 1975 daarop gevolg het. Wantroue in bogenoemde vermoë van die menslike rede het ontstaan toe genoemde oorloë alles wat die mens tot stand gebring het, vernietig het (vgl Elyon, 2005:33; Dixon, 1998:80).

Alhoewel dit moeilik is om postmodernisme te definieer is daar sekere begrippe, name en elemente wat dit van die modernisme onderskei (vgl Smit, 2007:251, Smith, 2006:19; Steyn, 2005:50; Du Toit & Spangenberg, 2002:1135). Die name en begrippe wat onlosmaklik uitstaan by postmodernisme is onder andere:

- Jaques Derrida – ***"There is nothing outside the text "***, ***"Difference & Differance."*** (Smith, 2006:31-58; vgl ook Tate, 2006:510; Cahoone, 2003:225-240 en Thompson, 2000:31)
- Jean - Francois Lyotard – ***"Incredulity toward metanarratives"*** (Smith, 2006:59-79; vgl Cahoone:2003:259-273; Taylor, 2001:23 asook Thompson, 2000:32)
- Michel Foucault – ***"Power is knowledge"*** (Smith, 2006:81-107; vgl ook Cahoone, 2003:250-251; Taylor, 2001:24, 134 en Thompson, 2000:30)

Olthuis (1999:144) het in sy reeks van antitese gedemonstreer hoe postmodernisme teenoor modernisme gereageer het. Sodoende anglisisme te vermy word die reeks direk aangehaal.

| **Modernism** | **Postmodernism** |
|---|---|
| Confidence in Reason (and Science) as the Way to Truth and Happiness | Distrust in Reason (and Science) as the Way to Truth and Happiness |
| **Modernism privileges** | **In reaction to resulting imbalances, postmodernism emphasizes** |
| "the real is logical" | "life is more than logic" |
| universality | particularity |
| iron-clad arguments | no knock-down arguments |
| closure | open-ended |
| clarity | ambiguity |
| univocal | equivocal |
| unity | multiplicity |
| autonomy | interdependence |
| uniformity | diversity |
| sameness | difference |
| homogeneity | heterogeneity |
| totality | partiality |
| wholes | fragments |
| stability | change |
| safety | risk |

| | |
|---|---|
| progress | discrimination / oppression |
| presence | absence |
| control | flow / attunement |
| mastery | mutuality |
| power-over | power-with |
| neutrality | prejudice |
| timelessness | timed |
| genderless (read: male) | gendered |
| equality | uniqueness |
| center | margins |
| system | positions |
| public / private | continuum |
| essence | relational |
| cohesion | dispersion |
| mind | body |
| rational | emotional |
| systematic | eclectic |
| law | justice beyond law |
| continuity | discontinuity |
| patterns | ruptures |
| predictability | unpredictability / surprise |
| what we know | what is unknown |
| what is seen | what is unseen |

| | |
|---|---|
| representable | un-representable |
| answers | questions |
| faith is illogical | faith goes beyond knowledge |
| master story | stories |
| truth | truths |

Vanuit die bogenoemde lys is dit duidelik dat postmodernisme die ideale, idees, gesindhede asook die waardes van modernisme bevraagteken.

Volgens die postmodernistiese paradigma is daar nie slegs een fundamentele dissipline, nie slegs een metodologie vir wetenskappe en slegs een stel beginsels wat vir die mens geld nie (Du Toit & Spangenberg, 2002:1135). Irrasionaliteit en waarskynlikheid is grondbegrippe waarmee die postmoderniste werk (vgl. Tate, 2006:515). Volgens die postmoderniste bestaan daar dus geen absolute of volledige kennis nie. Kennis en verstaan is vir hulle altyd subjektief en konteksgebonde (Van Huysteen, 1996:105; vgl ook Janse van Rensburg, 2000:5-6). Ook volgens Dreyer (1998:10) word die klem op die magsvrye verband tussen subjek en subjek geplaas. Ontologies bestaan "die waarheid" ook nie; dus het die pastorale berader/terapeut nie "die antwoord" vir die beradene nie (vgl Wilson, 2006:750-752; Dill & Kotzé 1997:20-22; Kotzé & Kotzé, 1997:35-38). Die vraag kan natuurlik gestel word of daar op so 'n manier na die waarheid verwys kan word? Die bestaan van absolute gesag in die heelal word dus verwerp (Smit, 2007:252). Om te begryp eerder as om te ken is die oproep van postmoderne hermeneutiek (Van der Berg, 2006:170). Aangesien,

volgens die postmoderniste, die pastorale berader/terapeut nie "*die* antwoord" vir die beradene het nie, moet hy (pastorale berader/terapeut) slegs fasiliterend in samewerking met die beradene na 'n geskikte oplossing vir sy probleem soek.

Multidimensionele denke, gevoelens en ervaringe is moontlik gemaak deur die postmoderne paradigmaskuiwe. Daar is weer klem gelê op die mens as emosionele wese wat ook nie-rasioneel kan ervaar. As gevolg daarvan is opnuut ook klem gelê op die invloed wat waardes, simbole, metafore en rituele op die mens uitoefen (Steenkamp, 1996:755). Die postmoderne mens het 'n behoefde aan en honger na geïntegreerdheid en heelheid. Die postmoderne mens se heelwording kan dus moontlik gemaak word deur die aanwend van simbole, metafore, rituele, musiek en kuns. Volgens Wilson-Dickson (1997:13) is die gesindhede in die Weste besig om te verander. Selfs die sielkundiges en psigiaters met hulle wetenskaplike vereistes of objektiewe observasie is bereid om te erken dat geestelike bewustheid en die toepassing van kunsmetodes 'n betekenisvolle bydrae kan lewer tot die geesteswelsyn (mental well-being) van die mens.

Soos reeds gemeld in die probleemstelling van die navorsingsvoorstel kan dit vir 'n reformatoriese vertrekpunt problematies wees om die waarheid so te relativeer. Daarom is dit van kardinale belang om hier daarop te wys dat die navorser hom nie posisioneer binne een van bogenoemde paradigmas nie, maar wel uit die postmodernistiese perspektiewe kies wat met die Bybelse beginsels versoenbaar is. Dit beteken dus dat die navorser hom eklekties plaas slegs binne die postmoderne

sieninge wat met die Skrif versoenbaar is. Die navorser stem met die postmoderne paradigma saam wanneer dit meld dat die postmoderne mens behoefde het aan geïntegreerdheid en heelheid omdat, soos reeds in Hoofstuk 2 (2.4) gemeld, die heel-mens in die Bybel ook beklemtoon word (Campbell-Lane, 2003:22; vgl 1 Tess 5:23). Ook die beklemtoning van die effek van waardes, simbole, rituele, metafore en kuns (musiek) op die mens sluit aan by die riglyne wat die navorser beoog (Cilliers, 1998:96-97). Dat die berader/terapeut uit homself nie "die antwoord" vir die beradene het nie, maar in samewerking met hom/haar *fasiliterend* na die oplossing moet soek, is ook 'n postmodernistiese perspektief wat ingesluit kan word by die navorser se beoogde riglyne omdat dit aansluit by die leer van Jesus in Johannes 15. Die boodskap van Jesus Christus in Johannes 15:1-8 is ook dat ons nie vrugte kan dra as ons nie in Hom bly nie. Die berader/terapeut soek dus biddend die oplossing saam met die beradene by Jesus Christus.

As 'n voorlopige gevolgtrekking van wat vooraf in hierdie gedeelte bespreek is, kan aangetoon word dat musiek as 'n heelbrein-strategie derhalwe die geskikte medium is en binne die eklekties gekose postmoderne sieninge pas omdat dit gelyktydig op die affektiewe, die kognitiewe en die konatiewe vlak tot die mens spreek (Steyn, 2005:68 vgl ook Van der Merwe, 2007:11).

### 3.7.1 MUSIEK AS HEELBREIN-STRATEGIE

#### 3.7.1.1 BREINFUNKSIES

Volgens Campbell-Lane (2003:120) huisves die serebrale korteks van die brein die rasionele funksies in die brein van die mens. Die brein van die mens is verdeel in twee hemisfere (Sadock & Sadock, 2003:74) wat deur die *corpus callosum* aan mekaar verbind is. Die funksies van die *corpus callosum* behels die heen-en-weer stuur van boodskappe tussen die twee hemisfere (vgl Voges, 1999:37).

Die neurochirurg, Roger Sperry, is 'n spesialis op die gebied van die gesplete brein en is ook bekend weens sy gespletebrein-teorie (vgl Strong, 2001:11; Neethling & Rutherford, 2001:41; Voges, 1999:31). Die bevinding van die gespletebrein-teorie is dat die een kant van die mens se brein meer aktief is as die ander kant omdat die mens (ook beraders en terapeute ingesluit) die een helfte meer gebruik as die ander (Neethling & Rutherford, 2001:46; vgl ook Campbell-Lane, 2003:120). Voges (1999:30) praat van 'n leidende hemisfeer wanneer sy na bogenoemde verskynsel verwys (vgl ook Springer & Deutsch, 1998:12). Ook word bogenoemde verskynsel na verwys as die hemisferiese dominansie (vgl Campbell-Lane, 2003:120; De Boer *et. al.,* 2001:187; Voges, 1999:33; Springer & Deutsch, 1998:14).


D' Aquili & Newberg (1999:28) wys daarop dat die hemisferiese dominansie bepaal word op grond van die funksies wat in die verskillende hemisfere verrig word. Volgens hulle (D'Aquili & Newberg, 1999:28) word die linker hemisfeer na verwys as die dominante hemisfeer vanweë sy taal kapasiteit, terwyl die regter hemisfeer

bekend staan as die nie-dominante hemisfeer. Die linker hemisfeer word nie net na verwys as die taal sentrum nie, maar is ook oor die algemeen bekend as die hemisfeer waar die analitiese en wiskundige prosesse plaasvind. Die regter hemisfeer volgens D'Aquili & Newberg (1999:28) aan die anderkant is gemoeid met funksies soos nie-verbale bewusheid van die omgewing, ekspressies, persepsies asook die regulering van emosies.

Die mens se vermoë om probleme op te los, sy interaksievermoë met ander en verstandelike sowel as fisiese vermoë is volgens Strong (2001:11) alles wat deur bogenoemde tendens beïnvloed word (vgl Nagel & De Klerk, 2004:230). Ook Groenewald (2003:17) is van mening dat beter resultate opgelewer word wanneer beide hemisfere van die brein by die leerproses benut word (vgl De Boer *et al.*, 2001:187; Wilson, 2000:1; Campbell, 1997:16). Die rede hiervoor is heelwaarskynlik dat, volgens Voges (1999:30), elke hemisfeer wat dié se funksie betref gespesialiseerd is, maar mekaar tog komplementeer (vgl De Boer *et al.*, 2001:186; Herrmann, 1996:42; D' Aquili & Newberg, 1999:28 en Laccino, 1993:29).


Herrmann onderskei vier kwadrante in sy heelbreinmodel (De Boer *et al.,* 2001:186). De Boer *et al.* (2001:186) wys verder daarop dat die vier kwadrante in bogenoemde model die vier strukture in die dinkfunksie van die brein verteenwoordig. Dit is belangrik om ook te meld dat in die verdeling van die vier kwadrante, die linker- en regterhemisfere die serebrale prosesse verteenwoordig, terwyl die twee halwes (bo en onder) eerder die gevoelgebaseerde prosesse verteenwoordig (vgl D'Aquili &

Newberg, 1999:31). Herrmann se model word in die onderstaande figuur (soos geneem uit De Boer *et al.*, 2001:186) opgesom.



**Figuur 5:** Die Herrmann Heelbreinmodel (Herrman, 1995:411; 1995:30; 1998)

Strong (2001:15) sluit aan by Voges (1999:30) wanneer sy meld dat die twee hemisfere van die brein gespesialiseerde funksies verrig. Volgens Strong (2001:15) word daar in die twee hemisfere van die brein verskillende tale (wêrelde) verteenwoordig. Skematies kan dit soos volg voorgestel word:




**Figuur 6:** (Strong, 2001:15; vgl ook Vermeulen, 1999:110)

Groenewald (2003:17), aan die ander kant, wys daarop dat daar in die algemeen aanvaar is dat musiekbeoefening slegs 'n regterbreinfunksie is (vgl ook Springer & Deutsch, 1998:189). In teenstelling met bogenoemde tradisionele paradigma toon resente studies (Flohr *et al.*, 2000:29; Jensen, 2000:12; Morrison, 1997:1) dat die musiekproses nie net 'n regterbreinaktiwiteit is nie, maar dat musiekbeoefening ook linkerbrein funksies betrek (vgl Mickela, 2000:4; Seibert, *et al.*, 2000:297; Shafer, 2000:1). Groenewald (2003:18) het in haar navorsing ook bevestig dat beide die hemisfere betrokke is by musiekprosessering. By implikasie beteken dit dus dat musiekbeoefening 'n heelbreinfunksie is.

### 3.7.2 MUSIEK EN INNERLIKE VERANDERING

#### 3.7.2.1 HISTORIESE AGTERGROND VAN MUSIEK EN DIE MENS

Pre-histories tot ongeveer 200 vC is daar relatief min bekend oor musiek en is dit dus 'n moeilike taak om die presiese datum vir die oorsprong van musiek te bepaal. Dit kan wel histories aangevoer word dat musiek van die vroegste tye af reeds deel uitgemaak het van die sosiale interaksies van mense (vgl Ferreira & Möller, 2004:31-32; De Klerk & Smit, 2002:109; Burger, 1999:23; Pass, 1994:366). Jausovec (2006:2703) is ook van mening dat musiek eeue reeds gebruik word vir genesing en om emosies te stimuleer. Burger (1999:50) wys ook daarop dat die vermoë van musiek om mense te vermaak en emosioneel te beïnvloed, dekades lank reeds erken word (vgl Kayayan, 1994:347).

Musiek begelei talle gebeurtenisse en aktiwiteite in die samelewing en is onlosmaaklik verweef met sekere ervaringe van die mens se werklikheid. In die Bybelse tye is uitdrukking gegee aan emosies soos wanhoop, moedeloosheid, vreugde, dankbaarheid en rou deur middel van musiek. Ook gebeurtenisse soos oorloë en oorwinnings is deur musiek aangekondig. (Steenkamp 2002:10; vgl ook Maritz & Dreyer, 2001:1277; Van Schalkwyk, 1998: 14)

Die oorsprong van musiek kan meer akkuraat aangedui word wanneer die danse en dreunsangrituele ("chanting") van die stamkulture ("tribal") bestudeer word (Bunt, 1994:70). Soos reeds gemeld, het musiek in die historiese gemeenskappe 'n integrale deel uitgemaak van die rituele wat die mense van daardie tyd aan hulleself verbind het (vgl Burger, 1999:23). In daardie tye het musiek ook gedien as 'n medium om met die kragte van die natuur en geestelike wesens kontak te maak. Rituele met ritmiese bewegings en sang was die vorm wat bogenoemde kontak bewerkstellig het (vgl Elyon, 2005:29; Nicol 1996:7). Nicol (1996:7) wys verder daarop dat musiek onlosmaaklik deel uitgemaak het van die rituele omdat dit die medium was wat die versterkende rol by die eenheid van die rituele gespeel het.

Navorsing (Van Schalkwyk, 1998:15) het ook getoon dat die holistiese mens-natuur verbintenis kenmerkend is van die mens in die antieke tyd. 'n Strukturele en funksionele afhanklikheid wat alle funksies van die sisteme in interaksie bepaal, word hierdeur aangedui. Elyon (2005:29) wys daarop dat hierdie holistiese afhanklikheidsperspektief in noue verbintenis tussen musiek, spiritualisme en

godewêreld weerspieël word deur die interaksie van die mens met sang, dans en rituele. Volgens Van Schalkwyk (1998:15) het hierdie verbintenis tussen die mens en musiek verlore gegaan in die Westerse musiekpraktyke.

Van Schalkwyk (1998:15) tref onderskeid tussen die Westerse en nie-Westerse musiektradisies omdat hy meen dat, in die Westerse samelewing, musiek slegs ongeveer 'n duisend jaar lank beoefen word (vgl Elliott, 1995:21). Smit (2007:258) is van mening dat, in die Westerse wêreld, musiek beskou word as 'n eksterne medium, iets buite die mens. Alhoewel 'n holistiese mens-beskouing aanvaar word, word die aard van musiek beskryf ooreenkomstig etiese beginsels vir wat as aanvaarbare (goeie) musiek of nie-aanvaarbare (slegte) musiek beskou word. Musiek word eerder gedefinieer volgens die funksies en waarde daarvan vir die mens en die invloed van goeie of slegte musiek op die mens (Van Schalkwyk, 1998:15).

In teenstelling met Van Schalkwyk (1998:15), wat daarop wys dat die Westerse musiektradisie slegs 'n duisend jaar oud is, is Smit (2007:258) van mening dat die Westerse musiek sy oorsprong in die Griekse en Romeinse musiektradisies gehad het. Smit (2007:258-259) wys verder daarop dat die Westerse musiek verskillende fases deurgemaak het. Die verskillende fases wat Smit (2007:258-259) onderskei, is onder andere pre-Renaissance (1300–1400 nC), Renaissance (1450-1600 nC), Barok (1600-1750 nC, Klassieke era (1750-1800 nC), Romantiese era (1800-1900) en Moderne era (1900 nC-vandag).

Soos hierbo aangetoon, identifiseer Van Schalkwyk (1998:16) ook nie-Westerse musiekpraktyke. In die nie-Westerse kulture verskil die soort musiek sowel as die rol wat dit in die gemeenskap vervul, geheel en al van die Westerse benadering. Nie-Westerse musiektradisies weerspieël die waardes, geloofsisteme, lewenswyses en mensbeskouings van die kulture en gemeenskappe waaruit dit onstaan het en beoefen word. Sterk ooreenkomste met die musiek van die pre-literêre tradisies word in die nie-Westerse musiekpraktyke waargeneem. Die musiekpraktyke van byvoorbeeld Asië, Suidoos-Asië, Arabië en die Midde- en Verre-Ooste weerspieël die belangrikheid van godsdiens, filosofie en ingewikkelde mensbeskouing (vgl Elyon, 2005:30-31).

Omdat hierdie studie binne die Afrika konteks gedoen word, is dit noodsaaklik dat daar kursories verwys word na die rol van musiek binne die Afrikakultuur. As deel van kuns speel musiek volgens Smit (2007:284) en Letsosa & De Klerk (2007:71) 'n krities belangrike en onmisbare rol in die gemeenskappe van die Afrika-mens (vgl (Maynard-Reid, 2000:69). In die Afrikakultuur word liedere gebruik om stories, reëls en waardes aan mekaar te kommunikeer. Smit (2007:284) wys verder daarop dat die Afrika-mens die waarde van musiek meet aan die fisiese respons wat dit by die hoorders wek. Die effek van musiek op die intellek en emosie van die luisteraar is dus volgens hom (Smit, 2007:284) nie belangrik binne die Afrikakultuur nie. Aangesien hierdie studie fokus op die effek van musiek op die innerlike dimensie van die mens gaan die navorser volstaan by wat hierbo gemeld is.

### 3.7.2.2 INVLOED VAN MUSIEK OP DIE MENS

Musiek maak 'n belangrike deel uit van die menslike daaglikse bestaan (Burger, 1999:23). Verskeie navorsers het aangetoon dat die rol wat musiek in die lewe van die mens speel, onmisbaar is omdat dit 'n verrykende funksie in die lewe van die mens vervul (vgl Elyon, 2005:27; Maritz & Dreyer, 2001:1279; Janse van Rensburg 1998:75). Dit beïnvloed onder andere ook die gedrag van die mens (vgl ook De Klerk & Smit, 2002:109). Elyon (2005:27) is verder van mening dat musiek ook deel uitmaak van die mens se kulturele erfenis. Sou die pastorale berader/terapeut die nodige paradigmaskuif maak en musiek as 'n heelbrein-strategie verwelkom, kan dit as 'n kragtige terapeutiese instrument vir hom/haar dien omdat musiek gelyktydig op die affektiewe, die kognitiewe en die konatiewe vlak tot die mens spreek (vgl Begbie, 2007:20-21; Ferreira & Möller, 2004:31; Steenkamp, 2002:10; Maritz & Dreyer, 2001:1265; Jannasch, 1995:26).

Landre (2000:2) kan dit nie genoeg beklemtoon dat musiekonderrig vir kinders onmisbaar is nie, omdat dit ook die kind se verstandelike vermoë ontwikkel (vgl ook Campbell, 2000:8, 15; Jensen, 2000:30-36; Lehr, 1998:40). Groenewald (2003:47) sluit daarby aan wanneer sy sê dat musiekbeoefening kinders se akademiese prestasie verbeter na 'n tydperk van musiekbeoefening (vgl ook Jausovec, 2006:2703; Spies & Groenewald, 2005:413; Ferreira & Möller, 2004:32).

Spies en Groenewald (2005:415) is van mening dat musiek die mens nie net kognitief beïnvloed nie, maar sy/haar algehele ontwikkeling bevorder. 'n Leerder wat

klavieronderrig ontvang se persoonlikheid word byvoorbeeld positief beïnvloed. Ontwikkeling van kreatiewe vermoëns, deursettingsvermoë, noukeurigheid, positiewe selfbeeld, waagmoed, selfdissipline, selfanalise en verdraagsaamheid is almal eienskappe wat musiekbeoefening by musiekleerders bevorder (Makarov, 1997:1-2).

Musiekbeoefening in groepverband (kore en orkeste), aan die ander kant, ontwikkel die leerder se vermoëns om in groepe te kan funksioneer, en hulle word ook blootgestel daaraan om met ander mense in groepverband om te gaan, wat verder die leerder se interpersoonlike vaardighede bevorder (vgl Spies & Groenewald, 2005:415; Ferreira & Möller, 2004:32). In bogenoemde proses verskuif die klem van die individu na die groep. Dit wil sê die klem val nie net op "ek" of "my" nie, maar wel op "ons". Die leerder raak dus meer bewus van en sensitief vir ander se emosies en empatie en meelewing, wat 'n basiese beginsel is van emosionele intelligensie, word sodoende by die leerder gekweek (Zohar & Marshall, 2000:3; vgl ook Jensen, 2000:45)

Musiek word ook erken as die taal van die heelal omdat dit met mense van alle rasse en kulture by mekaar uitbring (Elyon, 2005:27; vgl ook Seibert *et al.*, 2000:296; Jensen, 2000:21; Van Schalkwyk, 1998:2; Nicol, 1996: 6). Steenkamp ( 2002:12) wys daarop dat die mens ontologies en epistemologies aan musiek verbind is. Dit impliseer dat die terapeutiese funksie in musiek in pastorale berading/terapie vanuit 'n geloofsperspektief aangewend kan word.

Wetenskaplike navorsing het getoon dat musiek 'n besonder sterk rol speel in die struktuur van die ontwikkelende brein van 'n ongebore baba. Die ongebore baba is in so 'n mate deur musiek beïnvloed dat hy/sy die musiek herken wat gespeel was toe hy/sy in die baarmoeder was (Campbell, 2000:3; vgl ook Jensen, 2000:24). Campbell (2000:8) wys verder daarop dat musiek ook bydra tot die psigiese, emosionele, sosiale en fisiese ontwikkeling van 'n kind.

Musiek help ook om die mens nader aan die wese van sy emosies te bring (Elyon, 2005:39, vgl ook Ferreira & Möller, 2004:31). Op 'n dag wanneer 'n persoon byvoorbeeld emosioneel en tranerig voel, sal musiek wat trane prikkel, dit aanhelp. Wanneer dieselfde persoon op 'n ander geleentheid in 'n ander stemming na dieselfde musiek luister, sal dit byvoorbeeld 'n ander emosie tot gevolg hê. Die krag van musiek bestaan daarin dat dit eg kan wees aan die "lewe van gevoelens" (vgl Jausovec, 2006:2703; Baumgartner *et al.*, 2006:40). Lai (1999:230) wys daarop dat musiek nie alleen die emosies van die mens beïnvloed nie, maar ook 'n geweldige sterk uitwerking het op die fisiologiese toestand van die mens (vgl Jensen, 2000:17-18).

Die mees algemene terapeutiese gebruik van musiek is vir ontspanning en vermindering van spanning (stres). Bogenoemde gebruik help ook om diep gewortelde emosies na die oppervlak te bring omdat musiek altyd die emosies van die mens aanraak (Campbell, 1997:162).

Spies en Groenewald (2005:419) is van mening dat musiekbeoefening die beginpunt is om die innerlike wêreld van die mens se hart te betree. Ook Ferreira en Möller (2004:32) wys daarop dat terapeutiese aanwending van musiek help met die oplos van innerlike konflik en ook positiewe verandering in emosionele ervaringe en gedrag bevorder.

## 3.8 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKINGS

Die doel van hierdie hoofstuk was om die metateorieë met betrekking tot die rol van musiek by innerlike verandering te ondersoek. Om hierdie doelwit te kon bereik is bronne dus uit die volgende wetenskappe geraadpleeg: **Psigologie, Musiek, Neurologie en Filosofie.**

In die studie is dit bevestig dat verandering 'n doelwit is van alle berading/terapie. Voordat enige verandering in aanvang kan neem en dit gefasiliteer kan word, is dit van kardinale belang dat die individu moet erken dat daar regstelling of aanpassing in sy lewe nodig is. Verandering van mense se oortuiginge is moontlik, maar dit is 'n uiters moeilike taak en verg harde werk en deursettingsvermoë.

Volgens Rogers se perspektief maak verandering inherent deel uit van menslike ervaring. Die terapeut sal daarom nie die inisieerder van verandering wees nie; hy sal die veranderingsproses in die lewe van die kliënt slegs fasiliteer.

Omdat die navorser 'musiek as heelbrein-strategie bestudeer, was dit nodig om ook die funksies van die brein te bestudeer. Aangesien die studie van die brein 'n gespesialiseerde veld op sy eie is, is die ondersoek na die breinfunksies in hierdie

hoofstuk heel inleidend van aard en fokus dit hoofsaaklik slegs op dit wat betrekking het op musiek. Waar dit algemeen aanvaar was dat musiek slegs 'n regterbreinaktiwiteit is, het resente bronne getoon dat musiekprosesse ook linkerbreinfunksies betrek. Dit impliseer dus dat musiekbeoefening en musiekluister 'n heelbreinfunksie is.

Histories kan daar aangevoer word dat musiek sedert die vroegste tye reeds 'n integraal belangrike rol in die lewe van die mens vervul het. Die vermoë van musiek om die mens te vermaak en emosioneel te beïnvloed word byvoorbeeld dekades lank reeds erken. Omdat musiek talle gebeurtenisse en aktiwiteite in die samelewing van die mens begelei en gelyktydig op die affektiewe, die kognitiewe en die konatiewe vlak tot die mens spreek, kan dit nie losgemaak word van sekere ervaringe van die mens se werklikheid nie.

In hierdie hoofstuk het dit ook na vore gekom dat musiekonderrig vir kinders van kardinale belang is omdat dit die kind se verstandelike vermoë ontwikkel asook sy/haar akademiese prestasie verbeter. Musiek beïnvloed die mens nie alleen kognitief nie, maar bevorder ook sy/haar algehele ontwikkeling. Dat interpersoonlike vaardighede bevorder word deurdat leerders musiek in groepverband beoefen, is ook waargeneem. Sensitiwiteit vir ander se emosies, en empatie en meelewing met hulle as basiese komponente van emosionele intelligensie is by leerders wat musiek in groepverband beoefen, opgemerk.

Die mees algemeen erkende terapeutiese aanwending van musiek is vir ontlading van spanning (stres) en vir ontspanning. Laasgenoemde metode van musiekaanwending help verder met die oproep van diepgewortelde emosies omdat musiek altyd tot die emosies van die mens spreek.

Resente navorsing het getoon dat die mens homself in die postmoderne era bevind. Die eis van die tyd waarin ons onsself bevind, is dat die mens 'n dringende behoefde aan en honger na geïntegreerdheid en heelheid het. Multidimensionele denke, gevoelens en ervaringe is moontlik gemaak deur die paradigmaskuif wat die postmodernisme tot gevolg gehad het. Die paradigmaskuif beklemtoon die **invloed van waardes, simbole, rituele, metafore en die kunste**. Volgens die bevindinge in hierdie hoofstuk kan die heelwording van die postmoderne mens moontlik gemaak word deur die aanwend van simbole, metafore, rituele en die kunste. Musiek as heelbrein-strategie kan daarom binne die postmoderne epistemologie geplaas word.

# HOOFSTUK 4

# EMPIRIESE NAVORSING

## 4.1 INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om die basis- en metateorieë met betrekking tot die rol van musiek as heelbrein-strategie by innerlike verandering te kontroleer en die geldigheid daarvan te bevestig deur die insameling van inligting vanuit die menslike leefwêreld. Die navorser beoog om in hierdie hoofstuk die navorsingsproses te beskryf en ten slotte in hermeneutiese samehang met die basisteorie en ander fasette van die metateorie 'n praktykteorie te ontwerp ten einde pastoraal-terapeutiese riglyne met betrekking tot die rol van musiek as regterbrein-strategie by innerlike verandering te formuleer.

## 4.2 TEORIE VAN EMPIRIESE NAVORSING

### 4.2.1 KWALITATIEWE NAVORSING

Volgens Swinton en Mowat (2007:29) is dit 'n besonder moeilike taak om kwalitatiewe navorsing in 'n enkele definisie te omskryf. Alhoewel kwalitatiewe navorsing nie deur 'n enkele definisie omvat kan word nie, is daar sekere eienskappe wat dit duidelik onderskei van ander soorte navorsingsmetodes en word enkele kenmerke van kwalitatiewe navorsing vervolgens uitgesonder.

Kwalitatiewe ondersoek beteken dat die navorser die leefwêreld van die deelnemers betree ten einde dit volkome vanuit die paradigma van die deelnemers te verstaan

(Leedy & Ormrod, 2001:153; vgl ook Swinton & Mowat, 2007:29; Steyn, 2005:123). Die aanwending van logika in die praktyk, asook 'n nielineêre navorsingsmetode is noodsaaklik om bogenoemde doelwit te bereik (Neuman, 2003:139; vgl Botha, 2005:110). Volgens Botha (2005:110) maak kwalitatiewe navorsing ook heelwat staat op die praktiese ervaring van die navorser. Aangesien die navorser se persoonlike betrokkenheid ook 'n rol van kritieke belang by kwalitatiewe navorsing speel, beteken dit by implikasie dat die ondersoek nie oor 'n afstand effektief sal wees nie (Janse van Rensburg, 2007b:7).

Volgens Steyn (2005:123) is kwalitatiewe navorsing hoofsaaklik ontwerp om die *persepsies* van die gewone mens op straat te toets (vgl Janse van Rensburg, 2007a:5 en Janse van Rensburg, 2007b:7). Die deelnemer se *ervaringswêreld* speel 'n belangrike rol by kwalitatiewe navorsing en daarom word dus nie met absolute kennis en sekerheid gewerk nie.

Leedy en Ormrod (2001:146) wys daarop dat dit van kardinale belang is dat geen voorafpersepsies, indrukke of vooroordele by kwalitatiewe navorsing mag voorkom nie. Om hierdie rede is dit belangrik om tydens kwalitatiewe ondersoek gebruik te maak van dit waarna as "bracketing" verwys word.

Neuman (2003:331) onderskei duidelik sekere belangrike eienskappe by kwalitatiewe navorsing, naamlik:

- **Kritieke belangrikheid van die konteks**: ten einde die sosiale wêreld te verstaan plaas kwalitatiewe navorsers sterk klem op die sosiale konteks van 'n gebeurtenis.
- **Waarde van die gevallestudie**: kwalitatiewe navorsers fokus eerder daarop om 'n indiepte-ondersoek te doen van een gevallestudie en soveel inligting moontlik in te samel oor die spesifieke verskynsel, teenoor kwantitatiewe navorsers wat eerder sterker klem plaas op die insamel van spesifieke inligting met betrekking tot 'n groot aantal gevalle.
- **Integriteit van die navorser:** tydens kwalitatiewe navorsing vervul die navorser 'n belangrike, onmisbare rol en kan nooit volkome uitgeskakel word nie; selfs nie ter wille van meganiese tegnieke en meganismes om die menslike faktor uit te skakel nie. Alhoewel 'n kwalitatiewe navorser altyd sy persoonlike insig en perspektief as mens tot voordeel van die sosiale studie aanwend, is dit van kardinale belang dat hy deur die hele ondersoekproses heen bewus moet bly van sy eie waardes, aannames en vertrekpunte.

Die belangrikste wyse waarop die navorser sy lesers se aandag gevange neem en hou, is die wyse waarop hy die bewyse en bevindinge aanbied.

- **Basisteorie:** om te verseker dat die data en teorie in wisselwerking met mekaar tree is dit belangrik dat kwalitatiewe studie altyd ingelui word met 'n navorsingsvraag.
- **Verloop en opvolg van gebeure:** tydsverloop van gebeure speel 'n belangrike rol tydens kwalitatiewe navorsing, daarom skenk navorsers baie aandag en bestee baie tyd aan die verloop van gebeure tydens kwalitatiewe navorsing.
- **Interpretasie:** tabelle en diagramme maak selde deel uit van kwalitatiewe navorsing omdat inligting tydens kwalitatiewe navorsing geïnterpreteer word deur betekenis daaraan te gee deur dit vir die leser op so 'n wyse aan te bied dat hy/sy dit verstaan. Die lewens- en wêreldbeskouing van die medenavorser is van kardinale belang in die verband.

Verder kan kwalitatiewe navorsing ook gedoen word deur byvoorbeeld sekere gebeure waar te neem, geskrewe dokumente te bestudeer en ook visuele beelde te ondersoek (Janse van Rensburg, 2007b:9; vgl ook Neuman, 2003:146).

### 4.2.2 VERKENNENDE NAVORSING

Die sterkte van verkennende navorsing lê daarin dat dit aan die navorser nuwe insigte gee rakende die fenomeen wat hy ondersoek (Grobbelaar, 2007:88). In plaas daarvan om gelei te word deur bestaande aannames en idees, bestudeer die navorser nuwe voorstelle en idees wat aan die orde kom. In die onderhawige studie

is dit verskillende individue in wie se ervaringswêreld musiek 'n belangrike rol speel.

### 4.2.3 BESKRYWENDE NAVORSING

Beskrywende navorsing behels, soos die naam aandui, die beskrywing van die hele sistematiese struktuur van die fenomeen wat ondersoek word. Tydens kwalitatiewe navorsing is dit belangrik dat die deelnemers die beskrywing moet doen omdat die kwalitatiewe navorser die ervaringswêreld van die deelnemer bestudeer. Vanweë die uiters belangrike rol wat akkuraatheid tydens beskrywende navorsing speel, is dit belangrik dat die deelnemers tydens die onderhoude hulle ervaringswêreld so presies moontlik moet beskryf (Grobbelaar, 2007:88, vgl Mouton & Marais, 1994:44).

### 4.2.4 KONTEKSTUELE NAVORSING

Tydens kontekstuele navorsing word die ervaringswêreld van elke deelnemer aan sy unieke konteks verbind (Grobbelaar, 2007:89). Hierdie soort navorsing is dus ideografies van aard, wat beteken dat dieselfde gebeurtenis nie dieselfde effek op verskillende individue sal hê nie (Swinton & Mowat, 2007:43). In die geval van hierdie studie handel dit oor die unieke konteks van individue met betrekking tot die rol van musiek by hulle innerlike verandering. Verkennende en beskrywende navorsing is meestal aan die konteks verbind. Die fenomeen wat ondersoek word, word tydens kontekstuele navorsing intrinsiek en in sy eie, unieke konteks bestudeer. Die kontekstuele navorsingstyl is van toepassing in hierdie studie omdat die rol wat musiek by innerlike verandering by verskillende individue speel, ondersoek word.

### 4.2.5 INSAMELING VAN DATA

Tydens die navorsingsproses is dit van kardinale belang dat die navorser sy rol duidelik moet definieer.

**a. Gebruik van die self**

Navorsing (Janesick, 1998:61) het getoon dat navorsers in die loods van 'n ondersoek al hul sintuie gebruik. Ook speel die gebruik van die self 'n sleutelrol tydens die onderhoud omdat dit die navorsers se reaksie op die respons van die deelnemer vergemaklik en ook die gesprek tydens die onderhoud verdiep. Die betoning van empatie en aanwend van intuïsie tydens die ondersoek help die navorser om hom/haar makliker in die leefwêreld van die deelnemer in te leef. Dit help die navorser ook verder om die deelnemer se perspektief te ontvang, en dit voorkom dat die navorser sy eie betekenis aan die ervaring van die deelnemer heg.

**b. Die navorser se kommunikasievaardighede**

Dit is van kardinale belang dat die navorser deur die verloop van die hele ondersoek heen bewus moet bly van sy eie verbale en nie-verbale houding omdat hy meer as gewoonlik ingestel moet wees op sy eie gedrag en die uitwerking wat dit op die deelnemer het (Kirsten, 2001:213). Poggenpoel (1993:8) noem sekere betekenisvolle kommunikasietegnieke op, naamlik:

- Reflekteer op die inhoud en die emosies tydens die kommunikasie met die deelnemer. Die wyse waarop die navorser die deelnemer se persepsies, belewenisse en emosies verstaan, is ook van kardinale belang.
- Definieer elke stelling wat die deelnemer maak.
- Gee terugvoering aan die deelnemer oor die algemene inhoud van die onderhoud.
- Versoek die deelnemer om te verduidelik wanneer enige van sy response onduidelik, vaag of verwarrend voorkom.
- Versoek, indien nodig, voorbeelde en beskrywings.

**c. Ontspanne atmosfeer**

'n Goeie verhouding is van onskatbare waarde, daarom is dit uiters belangrik dat die navorser 'n goeie verhouding so gou as moontlik met die deelnemer moet vestig. 'n Goeie verhouding stel die navorser in staat om die deelnemer te verstaan, wat verder 'n rol speel met betrekking tot die diepte van die navorsing (Neuman, 2003:376). Sosiale vaardighede by 'n navorser speel ook 'n belangrike rol by die skep van 'n vertrouensverhouding.

**d. Veldnotas**

Terwille van transkribering vir latere verwysing sal die onderhoude op band/kasset opgeneem word. Die opneem van die onderhoud op

band/kasset is van kardinale belang omdat die stemtoon van die navorser asook die deelnemers in die ondersoek daardeur vasgelê kan word. Dit stel die navorser ook in staat om die veldnotas eers na afloop van elke onderhoud te neem, aangesien die neem van notas tydens die onderhoud die navorser se aandag kan aftrek (Du Plooy, 1997:109). Die veldnotas vervul 'n baie belangrike rol by die interpretasie van die inligting. Frankel en Devers (2000:4) wys daarop dat die veldnotas twee belangrike aspekte van die betroubaarheid van die ondersoek ondervang, naamlik:

- die volledigheid van die notas
- bevestiging vir sekerheid dat die navorser se interpretasies van wat gesê of waargeneem is, ooreenstem met wat eintlik deur die deelnemers gesê en bedoel is.

### 4.2.6 ANALISE VAN INLIGTING

Die analise van data is die aspek van kwalitatiewe navorsing wat dit onderskei van ander navorsingsmetodes, byvoorbeeld eksperimentele navorsing (Kirsten, 2001:230). Data-analise kan op verskeie maniere benader word, daarom bestaan daar volgens Nieuwenhuis (2007:117) nie 'n resep vir inligting-analise nie. Daar is egter twee vereistes waaraan data-analise moet voldoen. Dit moet geloofwaardig en betroubaar wees, want verskillende navorsers kan verskillende bevindinge toon (Nieuwenhuis, 2007:117).

Volgens Furlong *et al.* (2000:526) is daar vier verskillende metodes wat gewoonlik tydens kwalitatiewe navorsing gebruik word, naamlik *observasie, onderhoude, tekstuele analise en transkripsie.* Vervolgens word elke metode kortliks verduidelik.

- ✓ **Observasie**

Furlong *et al.* (2000:527) wys daarop dat kwalitatiewe navorsers primêr gebruik maak van observasie wanneer hulle data insamel. Furlong *et al.* (2000:527) onderskei verder twee verskillende soorte observasietegnieke, naamlik *onbewuste observasie* en *deelnemerobservasie. Onbewuste observasie* word gedoen sonder dat die persone, diere, ensovoorts daarvan bewus is dat hulle waargeneem word. 'n Voorbeeld hiervan is wanneer 'n navorser by 'n verkeerslig sit en voertuie tel wat die geel verkeerslig verontagsaam.

*Deelnemerobservasie,* daarteenoor, vind plaas wanneer die ondersoekbeampte deel word van die groep wat bestudeer word en die inligting insamel. 'n Duidelike voorbeeld hiervan is 'n navorser wat tussen 'n sekere bevolkingsgroep gaan woon om hulle kultuur te bestudeer.

- ✓ **Onderhoude**

Om herhaling te voorkom gaan hierdie onderhoudtegniek nie hier beskryf word; dit is reeds vroeër in die onderhawige hoofstuk behandel.

✓ **Tekstuele Analise**

Tekstuele analise behels die analise van verslae en dokumente wat reeds bestaan. Bogenoemde dokumente kan volgens Furlong *et al.* (2000:539) in die vorm van boeke, artikels, tydskrifte, liedbundels, spotprente en kunswerke beskikbaar wees. Van 2000 tot nou toe het die tegnologie baie ontwikkel en is dit heel waarskynlik dat bogenoemde dokumente deur nog ander elektroniese wyses (internet [sluit in e-posse], SMS'e, ensovoorts) beskikbaar is.

✓ **Transkripsie**

Transkripsie is oorspronklik gebruik deur taalkundiges om gesprekke en onderhoude op te neem. Volgens Furlong *et al.* (2000:540) word transkripsie gebruik om inligting wat vanuit mondelinge gesprekke voortgevloei het, te rangskik. Transkripsie speel 'n baie belangrike rol by kwalitatiewe navorsing omdat dit elke aspek van verbale data beskikbaar stel. Wanneer gesprekke byvoorbeeld op videoband/kasset vasgelê word, kan transkripsies ook nie-verbale inligting beskikbaar stel.

In hierdie studie word data aan die hand van ongestruktureerde aangesig-tot-aangesig-onderhoude met sewe verskillende deelnemers ingesamel.

### 4.2.7 DIE ONDERHOUD

Aangesien die teorie in hierdie studie hoofsaaklik gegrond is op die inligting wat deur die onderhoude verkry word, staan die kwalitatiewe ondersoekmetode wat in hierdie

studie gebruik word bekend as begronde teoretiese navorsing (Leedy & Ormrod, 2001:154).

Hierdie studie is ook fenomenologies van aard omdat elke deelnemer se persepsie, of die betekenis wat hy aan 'n gebeurtenis heg, 'n uiters belangrike rol speel. By implikasie beteken dit dus dat die deelnemers net so belangrik is as die navorser wat die ondersoek doen. Fenomenologiese onderhoud het 'n informele struktuur omdat dit die hele navorsingsproses vergemaklik (Leedy & Ormrod, 2001:153).

Die onderhoude bestaan uit die fasilitering van 'n aantal vrae en/of onderwerpe wat vooraf deur die navorser bepaal word. Dieselfde vrae word in dieselfde konsekwente orde, sistematies in al die verskillende onderhoude gestel. Tog word die onderhoude toegelaat om veel verder te verloop as die antwoorde op die voorafbepaalde vrae (Berg, 1998:6).

Die vrae wat in hierdie ondersoek aan die deelnemers gestel is, is die volgende:

1. *Hoe dink jy beïnvloed musiek normaalweg jou gemoedstoestand?*
2. *Watter rol sou jy sê speel veral lofprysings- en aanbiddingsmusiek by jou geloofservaring?*
3. *Verduidelik hoe jy dink jy al in jou lewe gegroei en verander het deur die musiek wat jy gehoor en ervaar het.*
4. *Beskryf watter invloed musiek op jou gehad het in tye van krisis.*
5. *Beskryf die rol wat jy dink musiek speel by innerlike verandering in jou eie lewe of in ander mense met wie jy al te doen gehad het, se lewens.*

Volgens Neuman (2003:294) moet die onderhoudproses ook aan die volgende vereistes voldoen:

- Die vrae word deur die navorser gestel, terwyl die deelnemers net daarop reageer. By implikasie word die onderhoudsproses deur die navorser gefasiliteer.
- Die navorser mag nie 'n veroordelende houding weerspieël nie en mag ook nie die deelnemers se menings probeer lei of wysig nie.
- Die navorser poog om direkte antwoorde op die spesifieke vrae van die deelnemer te ontvang.
- Reaksies deur die navorser wat die respons van die deelnemer kan beïnvloed, moet vermy word.
- Die onderwerp, tempo en rigting van die ondersoek word deur die navorser beheer.
- Tydens die ondersoek poog die navorser om deurentyd 'n objektiewe, ernstige maar tog hartlike atmosfeer te skep en te handhaaf.
- Die deelnemers moet weldeurdagte antwoorde gee sonder om die vrae te ontwyk.

## 4.3 NAVORSINGSONTWERP

### 4.3.1 DIE ONDERSOEKPOPULASIE

In hierdie studie word daar op twee groepe mense gefokus. Die eerste groep persone wat aan die studie deelneem, is persone wat in 'n verskillende gemeentes

dien as lofprysings- en aanbiddingsleiers. Dit is belangrik om hier te meld dat al die persone in hierdie groep 'n musiekinstrument bespeel. Dit impliseer dus dat hierdie individue almal oor kennis van musiek beskik. Die tweede groep persone wat aan die studie deelneem, is individue wat 'n aanduiding gegee het daarvan dat musiek 'n belangrike rol in hulle lewens speel. Hierdie groep individue bespeel nie noodwendig self 'n musiekinstrument nie. Alhoewel al die deelnemers in die studie nie noodwendig self 'n musiekinstrument bespeel nie, het hulle almal 'n aanduiding gegee daarvan dat musiek 'n baie belangrike rol in hulle lewens vervul.

### 4.3.2 SAMESTELLING VAN DIE FOKUSGROEP

'n Fokusgroep is 'n groep individue met soortgelyke persoonlikheidseienskappe wat by 'n kwalitatiewe navorsing betrek word om betekenisvolle beskrywings van 'n verskynsel te verskaf en sodoende help om die konteks waarin die verskynsel voorkom, makliker verstaanbaar te maak (Kroll *et al.*, 2007:690). 'n Fokusgroep word gekies om deelnemers te kry wat die groter populasie verteenwoordig. Die fokusgroep stel die navorser in staat om akkurate veralgemening van die groter populasie te maak (Neuman, 2003:210). Die navorser poog in hierdie studie om individue by die fokusgroep in te sluit wat 'n groter bydrae kan lewer tot sy ondersoek [die rol van musiek by innerlike verandering] (Frankel & Devers, 2000:2).

In hierdie studie is die fokusgroep uit sewe persone in wie se lewens musiek 'n belangrike rol speel, saamgestel. Die navorser het individuele onderhoude met bogenoemde fokusgroep gevoer.

### 4.3.3 ONDERSOEKGROEP

#### 4.3.3.1 DEELNEMER 1

Deelnemer 1 is 'n derdejaar Internasionale Handelstudent by 'n plaaslike universiteit en is tans betrokke by hulle gemeente se musiekbediening. Hy het aangetoon dat hy self 'n musiekinstrument bespeel en ook eie liedere skryf. Dit impliseer dus dat hy oor 'n redelike mate van musiekkennis beskik.

#### 4.3.3.2 DEELNEMER 2

Hierdie deelnemer is ook 'n derdejaarstudent in Ingenieurswese. Hy studeer ook by 'n plaaslike universiteit. Hy is aktief betrokke by die musiekbediening van die gemeente waar hy inskakel. Die deelnemer het aangetoon dat hy ook 'n musiekinstrument bespeel en sy eie musiek komponeer – het dus ook 'n mate van musiekopleiding ondergaan.

#### 4.3.3.3 DEELNEMER 3

Die derde individu wat aan die studie deelneem, is 'n tweedejaar Onderwysstudent. Sy studeer ook by 'n universiteit elders in Suid-Afrika. Sy het aangetoon dat sy oor 'n gevorderde musiekopleiding agtergrond beskik. Sy het musiekeksamens by die Universiteit van Suid-Afrika afgelê. Sy het die eksamens tot graad 8 prakties en graad 6 teorie suksesvol afgehandel. Sy bespeel dus ook self 'n instrument en komponeer eie musiek en is tans deel van die lofprysings- en aanbiddingspan van die gemeente waar sy inskakel.

#### 4.3.3.4 DEELNEMER 4

Deelnemer 4 is 'n getroude vrou met drie kinders (twee dogters en 'n seun). Sy is tans werksaam by 'n biblioteek van 'n plaaslike universiteit. Die navorser is nie seker of die deelnemer enige musiekopleiding-agtergrond ontvang het nie, en is dus ook onseker of sy self 'n musiekinstrument bespeel nie. Alhoewel die moontlikheid bestaan dat sy nie self 'n musiekinstrument bespeel nie, het die deelnemer aanduiding gegee dat musiek 'n baie belangrike rol en funksie in haar lewe vervul.

#### 4.3.3.5 DEELNEMER 5

Die deelnemer is tans voltyds in diens van 'n gemeente in die Noordwes-Provinsie. Alhoewel hy reeds op gevorderde leeftyd is, is hy nog nie getroud nie, maar is tans by 'n ernstige verhouding betrokke. Hy is die jeugleier van die gemeente waar hy werksaam is, maar is ook deel van die musiekbediening van die gemeente. Deelnemer 5 bespeel ook self 'n instrument en skryf ook eie liedere en beskik dus oor 'n redelike mate van musiekkennis.

#### 4.3.3.6 DEELNEMER 6

Die deelnemer is 'n voltydse werknemer by 'n plaaslike gemeente. Alhoewel die jeugbediening sy primêre verantwoordelikheid is, lei hy ook van tyd tot tyd die lofprysing en aanbidding in die eredienste van die gemeente. Hy bespeel self 'n instrument. Die deelnemer is ook deeltyds betrokke by 'n plaaslike "gospel"-orkes waarin hy die leiersrol vervul.

#### 4.3.3.7 DEELNEMER 7

Die deelnemer beklee tans 'n bestuurspos by 'n plaaslike bankgroep. Sy is getroud en het twee kinders. Sy is ook betrokke by die Sondagskool van die gemeente waar hulle tans inskakel. Alhoewel die navorser onseker is of die deelnemer enige instrument bespeel, het sy wel 'n aanduiding gegee dat musiek, deurdat sy daarna luister, 'n baie groot invloed op haar lewe het.

## 4.4 ONDERSOEKRESULTATE

Die ondersoekresultate word ingedeel ooreenkomstig die temas van die verskillende vrae wat aan die deelnemers gestel is (vgl 4.2.7).

### 4.4.1 EFFEK VAN MUSIEK OP GEMOEDSTOESTAND

Deelnemer 1

Rustige musiek het 'n kalmerende effek op die deelnemer se gemoedstoestand, terwyl lewendiger musiek hom onrustig maak.

Deelnemer 2

Musiek is vir die deelnemer rehabiliterend as hy depressief voel. Laat hom altyd beter voel. Dit het 'n *"unwinding"* effek op hom na 'n rowwe dag. Dit dien ook as 'n barometer in sy lewe. Dit meet hoe hy voel, waar sy gemoedstoestand is.

Deelnemer 3

Musiek waarmee die deelnemer die dag begin, speel 'n groot rol in haar gemoedstoestand vir die res van daardie dag. Dit bepaal hoedat sy die res van daardie dag aanpak. Vir haar was musiek nog altyd 'n emosionele uitlaatklep. Dit kalmeer en stabiliseer haar gemoed.

Deelnemer 4

Musiek speel definitief 'n groot rol in die deelnemer se gemoedstoestand, indien nie bepalend nie. Vir haar wisselende emosies ervaar sy 'n behoefte aan verskillende tipes musiek. Veral as sy swaarmoedige emosies beleef, het sy 'n sterker behoefte aan musiek. Sy gebruik beslis musiek om haar emosionele behoefte te bevredig.

Deelnemer 5

Die effek wat musiek op sy gemoedstoestand het, hang af van die tipe musiek waarna hy luister. Dit hang ook af van die omstandighede waarin hy verdeer wanneer hy daarna luister. Positiewe musiek het positiewe effek op die deelnemers terwyl negatiewe musiek hulle negatief beïnvloed.

Deelnemer 6

Musiek speel 'n aanvullende rol wanneer die deelnemer se gemoedstemming af is of selfs wanneer hy opgewonde is. Ook het musiek die vermoë om ervarings uit die verlede asook diepgewortelde emosies by die deelnemer op te roep. Daar is dus 'n definitiewe verband – 'n sterk band tussen sy gemoed en musiek innerlik.

Deelnemer 7 het nie spesifieke kommentaar gelewer op hierdie vraag nie.

#### 4.4.1.1 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKINGS

Musiek het 'n definitiewe uitwerking op die gemoedstoestand van die mens. Dit skep die gemoedstemming of kan dit selfs net aanvuur. Die tipe musiek wat bespeel of beluister word, speel 'n rol in die uitwerking wat musiek op die mens sal hê omdat musiek die mens positief of negatief kan beïnvloed. Musiek kan ook 'n rehabiliterende effek op die mens hê.

### 4.4.2 ROL VAN LOFPRYSINGS- EN AANBIDDINGSMUSIEK BY GELOOFSERVARING

Deelnemer 1

Lofprysing en aanbidding speel 'n versterkende rol by die geloofservaring van die deelnemer. Hy vergelyk dit met 'n vulstasie omdat hy meen dat, telkens wanneer hy lofprysing en aanbidding beoefen, hy geestelik opgevul word.

Deelnemer 2

Lofprysing en aanbidding het die deelnemer aangespoor tot toewyding aan God.

Deelnemer 3

Musiek het ook 'n groot rol gespeel by haar wedergeboorte. Sy het deur musiek God se liefde en karakter leer ken. Dit is tydens lofprysing en aanbidding dat haar

intiemste oomblikke met God is. Openbaar haar hart aan God deur lofprysings- en aanbiddingsmusiek.

Deelnemer 4

Lofprysings- en aanbiddingsmusiek is vir die deelnemer soos 'n preek. As woorde swaar kom, is musiek die medium waardeur sy haar gevoelens uitdruk. *"My verlosser leef"* op Händel se Messias is byvoorbeeld vir haar 'n verklaring van wat in haar hart omgaan.

Deelnemer 5

Hoe meer tyd die deelnemer in lofprysing en aanbidding deurbring, hoe groter intimiteit beleef hy met God en kan hy dan getuig dat hy 'n ontmoeting met God gehad het en dat God 'n betekenisvolle inspraak in sy lewe gelewer het.

Deelnemer 6

Vir die deelnemer is musiek van kardinale belang by sy geloofservaring. Dit is 'n baie goeie manier vir hom om sy emosies te kommunikeer. Die deelnemer gebruik musiek om onderrig aan die jonger generasie te gee. Die deelnemer se geloof berus nooit slegs op musiek nie. *"It complements, it enhances, it awakens and it is quickening."*

Deelnemer 7

Wanneer die deelnemer lofprysing en aanbidding beoefen, bring dit vreugde, vrede en blydskap by haar mee. Dit vervul in haar lewe ook 'n ondersteunende, vervullende rol. Dit skep by haar waardering vir God.

#### 4.4.2.1 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKINGS

Lofprysings- en aanbiddingsmusiek vervul 'n opbouende, versterkende, ondersteunende, aanvullende en komplementerende rol by die geloofservaring van die mens. Ook kan musiek, veral lofprysings- en aanbiddingsmusiek, gebruik word om 'n didaktiese funksie te vervul.

### 4.4.3 GROEI EN VERANDERING DEUR MUSIEK

Deelnemer 1

Musiek, veral lofprysings- en aanbiddingsmusiek, het bygedra tot die deelnemer se geestelike groei. Hy is net soveel meer bewus van die werk wat die Heilige Gees in en deur hom doen. Hoe meer hy geestelik gegroei het, hoe meer het hy geestelik volwasse geword, en hoe meer geestelik volwasse hy is, hoe meer wysheid kan hy teenoor die wêreld openbaar. Dit het byvoorbeeld ook drastiese groei tot gevolg gehad met betrekking tot die wyse waarop hy situasies daagliks benader en hanteer.

Deelnemer 2

Die deelnemer het ook deur lofprysings- en aanbiddingsmusiek geestelik gegroei. Dit het bygedra tot verandering in sy musieksmaak. Vandat hy God leer ken het, het hy

meer op geestelike musiek begin fokus. Dit is ook 'n medium wat hom help om hom uit te druk wanneer hy probleme daarmee ondervind om dit in woorde te doen. Lofprysings- en aanbiddingsmusiek het sy lewe verander. Die lirieke wat gesing word, het bepaald groei in sy verhouding met God gebring.

Deelnemer 3

Lofprysings- en aanbiddingsmusiek het drastiese persoonlike groei in die lewe van die deelnemer tot gevolg gehad. Sy het geleer om nie meer agter 'n masker weg te kruip nie. Lofprysing en aanbidding eis van jou egtheid. Sy het ook gegroei tot op 'n punt van onderwerping en gehoorsaamheid.

Deelnemer 4

Haar behoefte aan en belewing van musiek waarna sy luister het verander namate sy in haar geloof gegroei het. Klassieke (gewyde) koormusiek is die deelnemer se groot voorliefde. Dit speel 'n groot rol in haar lewe. Wanneer sy beskryf wat dit vir haar beteken, sê sy: *"dit vat aan my geloofshart"*.

Deelnemer 5

Musiek, veral lofprysings- en aanbiddingsmusiek het hom gehelp om noue verbinding met God te maak, en dit het hom meer volwasse gemaak en laat besef dat musiek 'n groot inspraak in sy lewe het en dat hy nie daarsonder oor die weg kan kom nie.

Deelnemer 6

Musiek het 'n groot rol in die deelnemer se persepsie van die lewe gespeel. Die tipe musiek waaraan hy blootgestel word, het 'n effek op sy wêreld-, mens- en Godsbeskouing. Die geestelike groei in sy lewe het definitief 'n effek op die res van sy lewe.

Deelnemer 7

In terme van waar sy tien jaar gelede was, voordat sy God deel van haar lewe gemaak het, en waar sy vandag staan, het sy definitief nader aan God gegroei en musiek het 'n bydra daartoe gelewer. Haar musieksmaak het ook van toe af tot nou toe verander.

#### 4.4.3.1 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKINGS

Uit die ondersoek is dit duidelik dat geestelike groei 'n uitvloeisel is van lofprysings- en aanbiddingsmusiek. Geestelike groei bring volwassenheid in die lewe van die mens mee. Groei in terme van verhoudinge, interaksie met ander, hantering van daaglikse situasies en wysheid is alles die gevolg van geestelike groei. Dit impliseer dat geestelike groei die res van die mens se lewe transformeer. Weens die didaktiese sterkte van musiek, vestig verskillende musiek-*"genres"* verskillende perspektiewe met betrekking tot die lewe (God, godsdiens, kultuur, wêreld ensovoorts) in die lewe van die mens.

### 4.4.4 ROL VAN MUSIEK, VERAL LOFPRYSINGS- EN AANBIDDINGSMUSIEK BY KRISISHANTERING

Deelnemer 1

Die grootste deel van die deelnemer se lewe was en is musiek nog steeds 'n soort toevlugsoord wanneer dinge onhanteerbaar word in sy lewe. Vir hom is musiek 'n fantastiese medium om sy gevoelens te kanaliseer.

Deelnemer 2

Lofprysing en aanbidding daag die deelnemer uit om selfs in die moeilikste tye die waarhede van die Skrif te sing en sy eie te maak. En terwyl hy dit sing bring dit geloof in sy hart omdat hy dit hoor terwyl hy dit sing (Rom 10:17). Vir hierdie deelnemer is musiek 'n uitstekende medium om ander mense te bemoedig in krisistye. Musiek verplaas in krisistye die deelnemer se fokus van die krisis na God. En dit gee vir hom baie perspektief en hoop.

Deelnemer 3

Dikwels wanneer dit sleg gaan in haar lewe, voel die deelnemer dat sy nie waardig is om God se lof te besing nie. Sy beleef dat sy genesing kry deur liedere wat sy skryf en tot God rig.

Deelnemer 4

Lofprysings- en aanbiddingsmusiek het 'n absoluut ondersteunende rol gespeel in tye toe die deelnemer krisisse beleef het. Sy het ervaar dat musiek, veral lofprysings-

en aanbiddingsmusiek haar in moeilike tye dra. Musiek het gehelp om haar verhouding met God te verdiep. Juis omdat woorde vir haar swaar kom, het dit deur musiek gekom. Sy beleef geestelike musiek waarna sy in die krisistye luister, as 'n gebed. Dit is asof sy met God praat deur die musiek. Wanneer die lied byvoorbeeld sing *"neem my in beskerming O God"*, identifiseer sy daarmee. Dit voel asof die woorde op daardie oomblik haar eie word.

Deelnemer 5

Wanneer hy (die deelnemer) self krisistye beleef, maar ten spyte daarvan hom nog steeds afsonder en tyd met God deurbring, het hy ervaar dat dit sy verhouding met God verdiep. Die deelnemer verwys na die tyd in sy lewe toe hy finansieel en beroepsgewys onder geweldige druk verkeer het was. Die musiekeenheid, soos die deelnemer dit beskryf, wat hy in daardie tyd by die vriend se huis beleef het, het hom laat besef dat dit met meer as musiek te make het. Aanbidding in sy lewe word dikwels 'n gesamentlike gebed. Dit is geneig om mense wat baie ongefokus is, te help om te fokus. Die deelnemer sê: hyself het met tye gesukkel om te fokus en dat musiek hom daarmee gehelp het, aangesien dit nodig is om te fokus op wat hy sing of speel.

Deelnemer 6

As die musiekbedieningsleier het die deelnemer 'n geweldige moeilike tyd by die gemeente beleef waar hy was. Omdat hy mense van verskillende leeftydsgroepe in dieselfde gehoor in lofprysing en aanbidding moes lei, was dit vir hom baie moeilik

om almal altyd tevrede te stel. Gevolglik was daar baie kritiek oor die musiek. Alhoewel hy besef het dat hy sekere liedere vir 'n sekere groep moes sing om relevant te bly, was daar steeds by hom die vraag: *"wat het geword van die hart van aanbidding?"*. Matt Redman se lied, *"I'm coming back to the heart of worship"* het vir die deelnemer in sy krisistyd baie beteken.

Deelnemer 7

Wanneer die deelnemer opgewerk voel oor 'n spesifieke gebeurtenis of 'n probleem beleef, bring musiek, veral geestelike musiek, vir haar rustigheid. Dit is asof sy dadelik 'n oop gemoed kry en dan weet sy hoe om die krisis te hanteer. Musiek help haar ook om haar kommunikasie met God te laat vloei, wat dit vir haar dus makliker maak om met God te praat. In 1994 was haar man in 'n ernstige motor ongeluk betrokke. Liedere wat gaan oor dankbaarheid het na daardie gebeurtenis vir haar net soveel meer betekenis. En musiek het haar gehelp om haar dankbaarheid teenoor God te verwoord.

### 4.4.4.1 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKINGS

Musiek help die mens om in krisistye 'n oop gemoed te hê. Omdat Lofprysings- en aanbiddingsmusiek klem lê op die wonderwerke van God en dus sy grootheid, help dit die mens wat 'n krisis deurmaak om die fokus van die probleem na God en sy almag te verplaas. Musiek, veral lofprysings- en aanbiddingsmusiek verdiep dus ook die mens se verhouding met God.

Musiek vervul in krisistye 'n ondersteunende rol. Uit die ondersoek het dit ook na vore gekom dat musiek, veral lofprysings- en aanbiddingsmusiek, ook dankbaarheid bring in die lewens van mense. Ook is dit duidelik dat rustige musiek vrede, kalmte, rustigheid in stormagtige tye tot gevolg het. Wanneer ander mense dus krisisse beleef, is dit makliker om hulle deur musiek te bedien en hoop te gee.

### 4.4.5 ROL VAN MUSIEK BY INNERLIKE VERANDERING

Deelnemer 1

Die deelnemer getuig van die transformerende effek van musiek in die lewe van 'n ongelowige vriend. Sy eie musiek waarna hy in daardie stadium geluister het, het baie neerdrukkende woorde bevat. Die deelnemer is van mening dat die nuwe musiek waaraan die ongelowige vriend blootgestel was hom sodanig beïnvloed het dat selfs sy kleredrag verander het van pikswart na vroliker kleure. Volgens die deelnemer het die vriend ook in hierdie tyd meer gelag en vriendeliker begin word. Dit het bevestig dat *"negatiewe musiek"* 'n negatiewe impak selfs op die innerlike mens het, terwyl *"positiewe musiek"* die innerlike mens positief beïnvloed.

Deelnemer 2

Musiek speel so 'n deurslaggewende rol in die deelnemer se lewe dat dit selfs die manier waarop hy in die samelewing funksioneer, verander het. Daarmee saam verander dit ook die deelnemer se persepsie van ander mense. Die deelnemer is van mening dat liedere wat op die Skrif gebaseer is, hom deur moeilike tye dra. Hy leer God ken deur musiek.

Deelnemer 3

Die deelnemer het al baie genesing ervaar deur bedieningsliedere. Bedieningsliedere maak baie emosies los rakende dinge wat in die verlede gebeur los het. Seer en wrokke wat van kleins af gekoester word, word byvoorbeeld herleef terwyl hy (die deelnemer) hulle bedien deur bedieningsliedere. Musiek bring bepaald 'n merkbare oorwinning oor die teenhede in haar lewe.

Deelnemer 4

Musiek speel 'n geweldige rol by 'n mens se innerlike verandering. Sy het dit meermale met haar kinders beleef. As hulle gemoedstoestand swaar is, wanneer hulle ontsteld voel of as daar probleme opduik, het sy (die deelnemer) deur 'n sekere tipe musiek wat sy gespeel het, gewis die verandering by haar kinders waargeneem.

Deelnemer 5

Musiek, veral lofprysings- en aanbiddingsmusiek, skep die platform vir God se teenwoordigheid. En dit is die Heilige Gees wat dan kom en die werk doen in sy lewe, wat sy lewe eerstens innerlik verander en wat dan verder deurvloei na die res van sy lewe. En die impak daarvan is so geweldig groot dat dit ook ander mense se lewens aanraak waarmee hy in aanraking kom. Musiek verryk en verbeter dus sy hele lewe, wat dan verder uitkring na ander se lewens.

Deelnemer 6

Hulle orkes, waarna vroeër verwys is, het 'n lied geskryf met die naam *"U drome droom oor my."* Die lied is toe op 'n cd wat hulle gemaak het, opgeneem. Die woorde van die brug in daardie lied lei onder andere soos volg: *"U is in beheer, U hou alles vas."* In daardie tyd was een van sy (die deelnemer s'n) vriende se vrou swanger en het komplikasies tydens die swangerskap ingetree. Sy het toe bogenoemde lied, veral die brug, herhaaldelik gespeel en dit geproklameer. By implikasie het daardie woorde van die brug in haar hart gaan vestig. Agterna het die vrou getuig dat sy in daardie tyd toe sy tydens haar swangerskap 'n krisis beleef het en die woorde van die brug gebid het, besef het dat die lied haar gehelp het om aan God vas te hou. Die lied het vir haar in 'n moeilike tyd geweldig baie vrede gebring en haar rustig gemaak. En wanneer daar vrede kom, kom daar 'n soort ontspanning. Die vrede wat die vrou beleef het, het dus vir haar ontspanne gemaak in die tyd toe sy komplikasies by die geboorte van haar baba beleef het, wat verder gehelp het dat die geboorteproses makliker verloop het. Bloot die vrede, ontspanning en rustigheid wat die lied tot gevolg gehad het, het innerlike verandering bewerkstellig. Die musiek het gehelp om innerlik iets te vestig wat 'n fisiese uitwerking gehad het.

Deelnemer 7

Wêreldse musiek plaas die deelnemer in 'n ander stemming as wat geestelike (lofprysings- en aanbiddingsmusiek) dit doen. Die deelnemer getuig dat geestelike musiek in haar kantoor haar kliënte rustiger maak.

#### 4.4.5.1 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKINGS

Negatiewe musiek het 'n negatiewe impak op die innerlike mens, terwyl positiewe musiek die mens innerlik positief beïnvloed. Volharding en groei in die mens se verhouding met God is 'n gevolg van innerlike transformasie wat die Heilige Gees tydens lofprysing en aanbidding bewerkstellig. Musiek maak diepgewortelde emosies los en skep geleentheid vir die Heilige Gees om die mens met vergifnis te bedien. Die effek van vergifnis is innerlike transformasie. Musiek bring ook innerlike vrede en rustigheid in die lewe van die mens.

## 4.5 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKINGS MET BETREKKING TOT DIE EMPIRIESE NAVORSING

Die doel van hierdie hoofstuk was om die basis- en metateorieë met betrekking tot die rol van musiek as heelbrein-strategie by innerlike verandering te kontroleer en te bevestig deur inligting uit die menslike leefwêreld in te samel. Die kwalitatiewe ondersoek het die volgende bevestig:

- Musiek het 'n bepaalde uitwerking op die gemoedstoestand van die mens. Die effek van musiek op die gemoedstoestand van die mens kan negatief of positief wees.
- Lofprysings- en aanbiddingsmusiek vervul 'n opbouende, versterkende, ondersteunende, vervullende en komplementerende rol by die geloofservaring van die mens.
- Musiek, veral lofprysings- en aanbiddingsmusiek, kan ook 'n didaktiese funksie vervul.

- Lofprysings- en aanbiddingsmusiek bring geestelike groei by die mens mee, wat verder tot volwassewording bydra.
- Groei met betrekking tot verhoudings, interaksie met ander, die hantering van daaglikse situasies, wysheid en musieksmaak is ook bevestig.
- Musiek help die mens om in krisistye sy toevlug tot God te neem.
- Lofprysings- en aanbiddingsmusiek help die mens in moeilike tye om sy fokus van die probleem na God te verplaas.
- Musiek is 'n uitstekende medium deur middel waarvan die mens uitdrukking aan emosies kan gee.
- Musiek is 'n kommunikasiemedium.
- Negatiewe musiek het 'n negatiewe impak op die innerlike mens, terwyl positiewe musiek die mens innerlik positief beïnvloed.
- Musiek maak diepgewortelde emosies los en skep geleentheid vir die Heilige Gees om die mens met vergifnis te bedien.
- Musiek bring ook innerlike vrede en rustigheid in die lewe van die mens in.

# HOOFSTUK 5

# INLEIDING TOT PRAKTYKTEORIE

## 5.1 INLEIDENDE OORSIG VAN DIE VORIGE HOOFSTUKKE

In Hoofstukke 2 en 3 is daar basis- en metateoretiese riglyne neergelê met betrekking tot die rol wat musiek speel as heelbrein-strategie by innerlike verandering.

In Hoofstuk 2 is hoofsaaklik van die openbaringshistoriese metode gebruik gemaak vir die Skrifperspektiewe. Voordat die rol van musiek as heelbrein-strategie by innerlike verandering bestudeer kon word was dit noodsaaklik om eers ondersoek in te stel na wat innerlike verandering behels (vgl 2.3). Daarom is 'n studie eers gedoen oor Bybelse antropologie (vgl 2.3). In die tweede deel van Hoofstuk 2 het die navorser gefokus op die rol wat musiek in die lewens van die mense in Bybelse tye gespeel het en is dit dus gekonsentreer op verskillende skrifgedeeltes rakende lofprysing en aanbidding (vgl 2.7).

In Hoofstuk 3, die metateoretiese hoofstuk, is twee hooftemas gedek, naamlik verandering (3.5) en musiek (3.7). In die eerste afdeling (verandering) van die hoofstuk is psigologiese perspektiewe (3.6) op verandering bestudeer. Die volgende onderwerpe is ingesluit onder die psigologie-literatuur wat bestudeer is: Psigoanalise (3.6.1), relevansie van die Freudiaanse teorie vir innerlike verandering (3.6.2), rasioneel-emotiewe gedragsterapie en verandering (3.6.3) asook die humanistiese

paradigma (Carl Rogers) rakende verandering (3.6.4). Literatuur uit verskillende hulpwetenskappe (Psigologie, Musiek, Neurologie en Filosofie) met betrekking tot musiek is in die tweede afdeling bestudeer. Musiek as heelbrein-strategie binne die postmoderne paradigma is onder die volgende opskrifte bespreek (3.7): musiek as heelbrein-strategie (3.7.1) asook musiek en innerlike verandering (3.7.2).

In die vierde hoofstuk is die empiriese navorsing uitgevoer waarin spesifiek 'n fenomenologiese en kwalitatiewe metode gevolg is. Omdat kwalitatiewe navorsing fokus op soveel moontlik inligting oor een of meer gevallestudies en dit in diepte bestudeer word, is daar in hierdie studie sewe respondente se leefwêrelde betree en onderhoude met hulle gevoer om die rol van musiek as heelbrein-strategie by innerlike verandering vanuit die ervaring en siening van die respondente te begryp (vgl 4.5).

## 5.2 INLEIDING TOT DIE PRAKTYKTEORETIESE RIGLYNE

Deur die kommunikasie van die evangelie 'n toestand van heling, verandering en groei in die lewe van die mens te realiseer en dus die mens innerlik te transformeer na die beeld van Christus is die uiterste mylpaal van pastorale terapie (2.6).

Pastoraat is, soos in die probleemstelling (1.4) uiteengesit, in die verlede grootliks vanuit die werking van die linkerhemisfeer van die brein benader om bogenoemde doelwit te bereik. Dit impliseer dat daar in die verlede hoofsaaklik op 'n intellektueel-analitiese vlak met die beradene omgegaan is, wat beteken dat pastorale

hulpverlening in die meeste gevalle slegs op die logiese en spirituele sy van die persoon appèl gemaak het. Aangesien die mens van die tyd waarin ons lewe 'n honger het na geïntegreerdheid en heelheid (vgl 3.7), wil die navorser in hierdie hoofstuk riglyne voorstel wat meer daarop fokus om die linker- en regterbrein-strategieë te integreer en dus die mens holisties te bedien. Daarom stel die navorser die gebruik van musiek as heelbrein-strategie voor waar innerlike verandering ter sprake is.

Alvorens musiek as heelbrein-strategie by innerlike verandering voorgestel kan word, is dit noodsaaklik om 'n kort oorsigtelike opsomming te gee van wat *innerlike verandering* behels.

### 5.2.1 WAT BEHELS INNERLIKE VERANDERING?

Innerlike verandering beteken verskillende dinge vir verskillende persone:

- Volgens die noutetiese model van Adams behels innerlike verandering die regstel van die mens se gedrag, waardes, motivering en gesindheid (vgl 2.6).
- Smith, wat vanuit die Theophostic vertrekpunt figureer daarteenoor, meen dat die mens innerlik verander wanneer hy van sy verlede genees word (vgl 2.6).
- Die werk van die Heilige Gees in die innerlike mens staan sentraal in Crabb se model (vgl 2.6). Volgens Crabb is heiligmaking, wat die Heilige Gees in die innerlike mens bewerkstellig, dus die kern van innerlike verandering.

- Vir Campbell-Lane beteken innerlike verandering om getransformeer te word na die beeld as Christus. Bybelse innerlike verandering is dus 'n proses van sondebesef (vgl Ps 51:7; Rom 3:23), regverdigmaking (Rom 3:23-31), heiligmaking (vgl Jak 1:2-4; 1 Pet 1:6-7; Rom 5:3-5), verbreking van gewoontes, *dehabituasie* - aflê van gewoontes (vgl Ef 4:22; Kol 3:8-9), *rehabituasie* – aanleer van gewoontes (vgl Rom 13:14; Ef 4:24; Kol 3:10,12,14) en vernuwing van die gemoed (vgl Rom 12:2; Ef 4:23).
- Verandering volgens die gedragsterapie is om lewensgehalte vir die mens (pasiënt) te bevorder.
- Voordat enige verandering in aanvang kan neem en gefasiliteer kan word, is dit van kardinale belang dat die individu moet erken dat daar regstelling of aanpassing in sy lewe nodig is.
- Verandering van mense se oortuiginge is moontlik, maar dit is 'n uiters moeilike taak en verg harde werk en deursettingsvermoë.
- Volgens Rogers se perspektief maak verandering inherent deel uit van menslike ervaring. Die terapeut sal daarom nie die inisieerder van verandering wees nie; hy sal die veranderingsproses in die lewe van die kliënt/beradene slegs kan fasiliteer.

### 5.2.2 IMPLIKASIES VAN DIE INNERLIKE VERANDERING VAN DIE MENS NA DIE BEELD VAN CHRISTUS

Die mens wat verander na die beeld van Christus impliseer nie dat hy fisies verander en soos Christus lyk nie. Dit beteken wel dat die vrug van die Heilige Gees sigbaar

word in die lewe van die mens. Dit impliseer ook die transformasie van die mens se *"hart van klip"* na 'n *"hart van vlees"*. Dit beteken dat die verharde hart van die mens sag en meer ontvanklik word vir die leiding van die Heilige Gees. En wanneer die hart van die mens 'n metamorfose ondergaan, verander die res van sy lewe. Omdat die karakter van Christus in die lewe van die gelowige kom vergestalt, is God nie meer 'n vreemdeling vir hulle nie, maar het kom woning maak in die mens deur Sy Heilige Gees. Aangesien, volgens Johannes 1:12 en Romeine 8:15, hulle nou kinders van God is, kan hulle hom selfs *"Abba, Vader"* noem.

Die mens met die *"nuwe hart"* het egter ook 'n volkome ander uitkyk op die lewe – kyk met ander oë na mense, selfs ook na ongelowiges. Die gelowige is meer goedgesind, vergewe makliker en is selfs sensitief vir ander se behoeftes. Alledaagse situasies word ook met meer wysheid benader en hanteer omdat die liefdesgebod (Matt 22:39) nou meer betekenis vir so 'n persoon inhou. Ook die mens se selfbeeld en identiteit verander omdat hy met ander oë ook na homself kyk.

# HOOFSTUK 6

# PRAKTYKTEORETIESE RIGLYNE


## 6.1 NAVORSINGSVRAAG

In hierdie hoofstuk kom die volgende navorsingsvraag aan die beurt:

**Watter praktyk-teoretiese riglyne kan neergelê word vir die pastoraal-terapeutiese benutting van musiek om innerlike verandering te bewerkstellig?**

## 6.2 DOELSTELLINGS VAN HIERDIE HOOFSTUK

In hierdie hoofstuk word die basisteoretiese- en metateoretiese gegewens in 'n hermeneutiese wisselwerking geplaas met die oog op die ontwerp van praktyk-teoretiese riglyne met betrekking tot die rol van musiek as heelbrein-strategie by innerlike verandering. Die bogenoemde proses kan ook na verwys word as *"triangulering"* (Tashakkori & Teddlie, 2003:467). Tashakkori & Teddlie (2003:467) verduidelik triangulering as *"...using another research method"*




**Figuur 7:** Triangulering

'n Kort oorsigtelike omskrywing van die begrip "praktykteorie" is in die eerste hoofstuk gegee, daarom ag die navorser dit nie nodig om dit te herhaal nie (vgl 1.9.4).

## 6.3 PRAKTYK-TEORETIESE RIGLYNE

Naas die feit dat 'n toestand van heling, verandering en groei in die lewe van die beradene deur pastorale berading/terapie teweeg gebring word, is dit deel van die pastorale doelwit om ewewig te bewerkstellig tussen teorie en praxis asook tussen openbaring en ervaring. Dit beteken dat die pastoraat daarop ingestel is om die trou en beloftes van God in die Skrif vir die mens in nood in konkrete alledaagse situasies sigbaar te maak. Dit impliseer ook dat pastorale terapie/berading 'n ontmoeting wil bewerkstellig tussen die mens in sy situasie van nood en 'n liefdevolle God en Vader wat medelye met die mens het.

Soos in Hoofstuk 1 van hierdie studie reeds aangedui is, beskryf Praktykteorie ook die wyse van funksionering van 'n basisteorie in die praktyk (vgl 1.9.4). Daarom sal die navorser vervolgens poog om uit bogenoemde bevindinge aan te dui hoe musiek as heelbrein-strategie in pastorale terapie/berading aangewend kan word om innerlike verandering te bewerkstellig, op grond van die verskillende komponente van die navorsing te wete die basisteorie en metateorie wat die literatuurstudie en die empiriese ondersoek behels.

Die metode wat in hierdie hoofstuk gevolg word, sal die volgende behels:

Die basisteoretiese komponent van die praktykteoretiese riglyne sal eerste bespreek word, gevolg deur die metateoretiese- (ander dissiplines) en die empiriese navorsing. Daarna word die hermeneutiese interaksie tussen bogenoemde komponente aangebied as finale samevatting van die praktyk.

### 6.3.1 PRAKTYKTEORETIESE RIGLYNE VANUIT DIE BASISTEORETIESE BEVINDINGE

#### 6.3.1.1 LOFPRYSING EN AANBIDDING: 'N KEUSE IN KRISIS

Wanneer die mens 'n krisis beleef, is die tendens onder andere dat die persoon so deel word van sy probleem dat hy nie objektief kan dink om na 'n oplossing te soek nie (vgl 4.5). Hy raak so vasgevang in sy nood dat oënskynlik, volgens hom, geen oplossing moontlik is nie. Die persoon fokus dermate op sy probleem dat hy geneig is om in daardie tyd al sy bronne en energie ook na die probleem te kanaliseer.

Die tendens is ook dat die mens in nood ervaar dat God vêr en onbetrokke is. In talle gevalle gebeur dit ook dat so 'n persoon kwaad is vir God omdat hy meen dat God hom gefaal het (vgl 4.5.4.2). Omdat die persoon in daardie tyd kwaad is vir God en ervaar dat God vêr is, is dit vir hom baie moeilik om God te raadpleeg vir 'n oplossing en is gebed dus buite die kwessie. Nog minder wil so 'n persoon oplossings in die Skrif gaan soek. *"Waar is God? Hoekom het God nie gekeer dat hy in die krisis gedompel word nie"* is vrae waarmee die persoon worstel.

Lofprysing en aanbidding het sekere implikasies vir pastorale berading/terapie. Dit impliseer die verantwoordelikheid wat elke Christen het om in elke situasie te kies om aan God die eer te gee. Dit beteken dat die mens ook in die vervalle wêreld te midde van hopeloosheid, pyn en lyding ook kan kies om God se genade vir hom toe te eien. Uit Psalm 42 en 43 kan dit afgelei word dat hopeloosheid, pyn, lyding en moedeloosheid van die gelowige nie 'n nuwe verskynsel is nie, maar dat gelowiges selfs ook in die Bybelse tye pyn en lyding moes verduur en as gevolg daarvan hoop verloor het. Psalm 42:6,12 en 43:5 is 'n gepaste voorbeeld van waar die gelowige (Psalmis) ten spyte van "*trane dag en nag*" kies om God se genade vir hom toe te eien deur sy siel te beveel om op God te hoop en Hom te loof (vgl 2.7.1).

- **Praktykteoretiese riglyn:** Die pastorale berader/terapeut moet die beradene bewus maak van sy verantwoordelikheid en hom/haar aanspoor om te midde van 'n hopelose situasie vol pyn en lyding deur middel van lofprysing en aanbidding by God te gaan skuil.
- **Praktykteoretiese riglyn:** Wanneer die mens in nood verkeer, is dit nodig dat God die mens moet besoek en Hom aan die mens moet openbaar omdat God mag het om te doen vêr bo wat ons kan dink of bid (vgl Ef 3:20). Daarom is dit nodig dat die beradene geleer en begelei moet word met betrekking tot lofprysing en aanbidding sodat God Hom aan die beradene kan openbaar en hom met Sy teenwoordigheid kan besoek.

- **Praktykteoretiese riglyn:** Wanneer die mens 'n krisis beleef, het hy meer as ooit geweldig baie behoefte aan liefde en omgee. Die mens wil dan in die praktyk ervaar dat God getrou is aan Sy beloftes soos Psalm 50:15 dit byvoorbeeld stel: *"en roep my aan in die dag van benoudheid : Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer."* Juis daarom is dit ook nodig dat God, wanneer Hy die mens met Sy teenwoordigheid besoek, die mens sal bedien met Sy troue en genadige verbondsliefde. Die mens sal derhalwe begelei moet word om God se trou, genade en verbondsliefde in hulle krisis te ontdek.
- **Praktykteoretiese riglyn:** Wanneer woorde en tegnieke misluk, kan musiek (veral lofprysings- en aanbiddingsmusiek) ontmoeting tussen God en die mens bewerkstellig. Lofprysing en aanbidding - soos reeds uitgewys - is daarom 'n gepaste medium, en die berader/terapeut kan dit aanwend om innerlike verandering te bewerkstellig (vgl 2.7.1).

  - **Kreatiewe praktiese aanbevelings**
    - Die pastorale berader/terapeut kan die aandag van die beradene vestig op gedeeltes in die Bybel waar persone in hul nood na God geroep het en God hulle gered het (vgl Ps 18).
    - Die pastorale berader/terapeut kan saam met die persoon in nood na God roep.

- Die pastorale berader/terapeut kan ook die gebede in die Bybel gebruik om die beradene te leer hoe om by God te skuiling te vind in tye van nood.
- Indien nodig kan die pastorale berader/terapeut die persoon in nood ook ondersteun deur te verseker dat in sy praktiese behoeftes voorsien word.

#### 6.3.1.2 GETUIENISWAARDE VAN LOFPRYSING EN AANBIDDING

Nog implikasies van lofprysing en aanbidding vir die pastoraat is die getuieniswaarde, opbou van die kerk en terapeutiese waarde wat dit inhou vir die liggaam van Christus sowel as vir die gelowige individueel (vgl 2.7.2).

Wanneer Handelinge 16:25-26 bestudeer word, is dit duidelik dat dit die keuse van Paulus en Silas was om te midde van swaarkry en lyding die lof van God te besing wat meegebring het dat hulle in hulle krisis die magtige hand van God sien beweeg het (vgl 2.7.2 omdat God in die lofsange van sy volk woon (vgl Ps 22:4 in die Afrikaanse Bybel, 1933). Daarom kon hulle ook getuienis lewer aan die medegevangenes. Lofprysing en aanbidding te midde van swaarkry en lyding is 'n kragtige getuienis en kan dien as 'n magtige instrument vir evangelisasie (vgl 2.7.2).

Lofprysing en aanbidding word gebore uit moeilike tye van pyn, siekte en selfs die dood wat dreig. Die krag van elke gelowige asook die gemeente se getuienis kom na vore in lofliedere soos Psalm 103. Ten einde die krag van hul getuienis, belydenis en

verkondiging te demonstreer behoort elke Christen sy/haar loflied te laat hoor. Lukas 19:37 bevestig ook die getuieniswaarde van lofprysing en aanbidding.

- **Praktykteoretiese riglyn:** Die pastorale terapeut/berader moet in die moeilikste omstandighede die beradene lei in lofprysing en aanbidding omdat God onder die lofsange van Sy mense woon (Hand 16:25-26; Ps 22:4). Wanneer God soos in Handelinge 16 antwoord op die lofsange van die beradene en vir hom 'n wonderwerk en dus 'n uitkoms bewerk, sal dit 'n getuienis wees vir almal rondom hom.

  - **Kreatiewe praktiese aanbevelings**
    - Die pastorale berader/terapeut kan die beradene leer om God te loof en te aanbid. In die Psalms is daar talle voorbeelde van lof- en aanbiddingsliedere wat die pastorale berader/terapeut kan aanwend om die beradene te leer om God te loof en te aanbid (vgl Ps 18:1-51; Ps 27:1-14; Ps 31:1-5, 20-23;Ps 46:2-3).
    - Indien die pastorale berader/terapeut nie self musikaal is nie, kan hy byvoorbeeld van 'n musiek sentrum gebruik maak om saam met CD's te sing. Dit is belangrik om hier te meld dat lofprysing en aanbidding ook kan geskied sonder musiek. By implikasie beteken dit dat musiek nie 'n vereiste is vir lofprysing

en aanbidding nie. Dis egter belangrik dat die persoon se hele wese betrokke moet wees in die lofprysing en nie net die kognitiewe nie.

- Byeenkomste van kleingroepe is die ideale geleentheid om lofprysing en aanbidding te beoefen in 'n kleiner veilige kring. Daarom kan die pastorale berader/terapeut die beradene aanspoor om indien hy nie reeds betrokke is nie, deel te word van 'n kleingroep.

#### 6.3.1.3 OPBOUWAARDE VAN LOFPRYSING EN AANBIDDING

Wanneer die getuienisse van die individue in die Skrif bestudeer word, is dit baie duidelik dat lofprysing en aanbidding altyd 'n opbouende uitwerking in hul lewens tot gevolg gehad het. Wanneer die volk van God Sy wonderdade sien en besing, bring dit altyd geloof in hulle harte (vgl Eksodus 15). In bogenoemde skrifgedeelte word verwys na hoe God die krag van musiek op 'n wonderlike wyse gebruik om nuwe geloofsvrymoedigheid in die harte van die volk te vestig en daardeur ook innerlike transformasie te bewerkstellig. Daarom is die navorser verder van mening dat lofprysing en aanbidding wat nie verandering in die hart van die aanbidder bring nie, bevraagteken moet word (vgl 2.7.3).

Lofprysing en aanbidding kan ook net 'n horisontale-opbougerigtheid in die samekoms van die gelowiges hê. Dit beteken dat lofprysing en aanbidding nie altyd

daarop gerig is om aan God die eer te gee nie, maar dat die gelowiges soms met die samesang slegs mekaar wil aanspoor, bemoedig of onderrig (vgl Ef 5:19). Alhoewel die samesang in die erediens soms net 'n horisontale-opbougerigtheid behels, is ook die einddoel daarvan om God te verheerlik (vgl 2.7.3) en uiteindelik ook behoort te gaan oor die opbou van die gemeente as sodanig.

- **Praktykteoretiese riglyn:** Die pastorale terapeut/berader moet die beradene aanspoor om nie die onderlinge byeenkomste te verwaarloos nie omdat die gelowiges mekaar aanspoor, bemoedig en so mekaar ondersteun deur liedere wat hulle onder mekaar sing (Ef 5:19; 1 Kor 14:26; vgl 2.7.1).

  - **Kreatiewe praktiese aanbevelings**
    - Onderlinge byeenkomste (gemeente of kleingroep) van gelowiges speel 'n onmisbare rol in die ondersteuningsraamwerk van 'n persoon in krisis, daarom is dit van kardinale belang dat die pastorale berader/terapeut die persoon in nood sal aanmoedig om deel te word van 'n gemeente en of 'n kleingroep indien nog nie betrokke nie.
    - Onderlinge byeenkomste kan ook strategies gebruik word om opbou van die gemeente self te bewerkstellig dmv prediking en toerusting van die gelowiges.

- Indien die beradene nuut is in 'n gemeenskap kan die pastorale berader/terapeut selfs die persoon help om 'n geskikte gemeente/kleingroep te vind. Indien die pastorale berader/terapeut 'n predikantspos beklee kan hy/sy selfs die beradene nooi om sy gemeente te besoek.
- 'n Pastorale berader/terapeut wat in 'n predikantspos dien, kan selfs 'n reeks preke aanbied waarin hy die belangrikheid van die gemeenskap van gelowiges, onderlinge omgee en broederliefde beklemtoon.

#### 6.3.1.4 TERAPEUTIESE WAARDE VAN MUSIEK IN DIE BYBEL

Die terapeutiese waarde van musiek en die transformerende krag van veral lofprysings- en aanbiddingsmusiek in die Skrif is baie duidelik (vgl Eksodus 15; 1 Sam 16:14-23). Uit Eksodus 15 blyk dit duidelik hoe die lofsange van die Israeliete hulle innerlik getransformeer het. Dit het geloof in hulle harte gebring – soveel so dat hulle met onverskrokkenheid verder God se wonderdade besing het. 1 Samuel 16:14-23 bevestig ook die terapeutiese krag van musiek.

- **Praktykteoretiese riglyn:** Die pastorale terapeut/berader kan rustige musiek aanwend om kalmte, rustigheid en vrede in 'n troebel gemoed van die beradene te bring.

- **Praktykteoretiese riglyn:** Pastorale terapie/berading, as hulpverlening vanuit 'n geloofsperspektief, bied die ideale geleentheid om die terapeutiese funksie van musiek te benut.
- **Praktykteoretiese riglyn:** Pastorale terapie/berading is 'n ideale geleentheid waarin die pastorale terapeut/berader asook die beradene bewus gemaak kan word van hulle kreatiewe potensiaal, moontlikhede en geleenthede.

  - **Kreatiewe praktiese aanbevelings**
    - 'n Privaat praktiserende pastorale berader/terapeut kan in die wagkamer (ontvangs portaal) kalmerende (rustige) musiek speel. Soos in die studie bevind het verskillende musiek verskillende uitwerkings op verskillende mense, daarom is dit belangrik dat die pastorale berader/terapeut sal verseker dat die regte soort musiek in die praktyk gespeel word om sodoende die gewenste uitwerking te hê.
    - Die pastorale berader/terapeut kan ook selfs tydens die berading/terapie agtergrond musiek speel. Soos reeds vermeld het musiek verskillende uitwerking op verskillende individue daarom sal dit wys wees om indien die musiek nie die gewenste uitwerking op die

beradene het nie, dit eerder af te skakel, nadat die beradene self daaroor gepols is.

- Selfs in 'n kerk kan rustige lofprysing- en aanbiddingsmusiek voor die eredienste gespeel word.
- In gemeentes wat met musiekinstrumente deur lofprysings- en aanbiddingspanne tydens eredienste begelei word, kan die pastorale berader/terapeut byvoorbeeld inspraak lewer in die keuse van die musiek (liedere) wat gesing gaan word om te verseker dat die lofprysing en aanbidding saam met die res van die erediens organies vloei in die gekose liturgie.
- Selfs in die gemeentes waar musiekinstrumente nie gebruik word nie, kan die pastorale berader/terapeut inspraak lewer by die keuse van die liedere en gesange wat gesing word om sodoende te verseker dat die sang (lofprysing en aanbidding) die res van die gebeure in die erediens ondersteun en versterk.

#### 6.3.1.5 HEILIGE GEES AS DIE *"AGENT"* VAN INNERLIKE VERANDERING

In 2 Korintiërs 17-18 word die Drie-eenheid van God en die noue verhouding tussen die Drie Persone in die Godheid na vore gebring. Dit is dus van kardinale belang dat hierdie hegte verhouding ook so verstaan moet word. Soos reeds aangedui, is dit belangrik om hier te meld dat, wanneer die navorser in hierdie studie melding maak

van God, hy na die Drie Persone in die Godheid verwys. Dit beteken dat die Vader, Seun en Heilige Gees één is wanneer hulle werksaam is. By implikasie beteken dit ook dat, wanneer een van die drie persone in die Godheid werksaam is, die ander twee ook verteenwoordig word (vgl 2.7.6).

Innerlike verandering tydens lofprysing en aanbidding geskied nie vanself nie, maar is die werk van die Heilige Gees. Die Heilige Gees is dus die veranderings-*"agent"* tydens lofprysing en aanbidding. Die Heilige Gees bewerkstellig die transformasie in die lewe van die aanbidder terwyl hy die heerlikheid van God aanskou tydens die lofprysing en aanbidding. Die aanbidder word getransformeer na die beeld van Christus. Dit is die hoogtepunt wat die Heilige Gees bereik met Sy werk in die lewe van die gelowige (vgl 2.7.6).

Vir verandering om blywend en betekenisvol te wees in die lewe van die mens is dit nodig dat dit in die hart van die mens moet gebeur omdat, volgens Spreuke 4:23, die oorspronge van die lewe in die hart is. Dit is dus slegs verandering wat in die hart plaasvind (innerlike verandering) wat 'n blywende effek in die lewe van die mens sal hê. God kom skryf self op die hart van die mens deur die Heilige Gees en bring verandering ook in die res van die mens se lewe mee (2 Kor 3:3; vgl 2.7.6).

- **Praktykteoretiese riglyn:** Die pastorale terapeut/berader moet die lofprysing en aanbidding so fasiliteer dat hy ruimte skep vir die Persoon van die Heilige Gees en vir Sy werking. Hy sal dus die

beradene ook moet leer en begelei om in die terapie-/beradingsessie die ereposisie aan die Heilige Gees toe te staan.

- **Praktykteoretiese riglyn:** Die beradene moet ook begelei word om Sy hart oop te maak sodat God self deur die Heilige Gees op sy hart kan kom skryf. Wanneer God deur die Heilige Gees op sy hart kom skryf, sal dit noodwendig 'n ingrypende verandering beteken.

  - **Kreatiewe praktiese aanbevelings**
    - Pastorale berader/terapeut kan vir die gemeente onderrig gee oor die persoon van die Heilige Gees.
    - Die liturgiese verloop van die erediens herstruktureer om sodoende ruimte te skep vir die werking van die Heilige Gees.

### 6.3.2 PRAKTYK-TEORETIESE RIGLYNE VANUIT DIE METATEORETIESE BEVINDINGE

Waar algemeen aanvaar is dat musiek 'n regterbrein aktiwiteit is, het resente bronne getoon dat musiekprosesse ook linkerbrein-funksies betrek (3.7.1.1). Dit impliseer dat musiekbeoefening en musiekluister 'n heelbrein-funksie is. Omdat musiek gelyktydig op die affektiewe, die kognitiewe en die konatiewe vlak tot die mens spreek, kan dit nie losgemaak word van die mens se werklikheid nie.

Musiek bevorder ook die ontwikkeling van die mens in die geheel. Daarom is

musiekonderrig vir kinders van kardinale belang, aangesien dit die kind se verstandelike vermoë ontwikkel en ook sy/haar akademiese prestasie bevorder. Dat interpersoonlike vaardighede by leerders wat musiek in groepverband beoefen, is ook waargeneem. Sensitiwiteit vir ander se emosies en empatie en meelewing met hulle as basiese komponente van emosionele intelligensie is by leerders wat musiek in groepverband beoefen, waargeneem (vgl 3.7.1.1).

Die vermoë van musiek om spanning (stres) te verlig en selfs uit die weg te ruim, help ook om diepgewortelde emosies op te roep (vgl 3.7.2.2).

Resente navorsing het getoon dat ons in 'n postmoderne era leef. Multidimensionele denke, gevoelens en ervaringe is moontlik gemaak deur die paradigmaskuif wat postmodernisme tot gevolg gehad het. Die paradigma skuif beklemtoon die invloed van waardes, simbole, rituele, metafore en die kunste. Volgens die bevindinge in hierdie studie kan die heelwording van die postmoderne mens moontlik gemaak word deur die aanwend van simbole, metafore, rituele en die kunste. Musiek as heelbrein-strategie kan daarom binne die postmoderne epistemologie geplaas word (vgl 3.7).

- **Praktykteoretiese riglyn:** Aangesien musiek heelbrein-aktiwiteite insluit, fasiliteer dit 'n meer gebalanseerde pastorale proses. Daarom behoort musiek as heelbrein-strategie vanuit 'n holistiese epistemologie benut te word om die honger van die postmoderne mens na heelheid te bevredig (vgl 3.7). Dit gaan die pastorale terapeut/berader in staat stel

om sy eie sowel as die beradene se *algehele breinpotensiaal* te ontgin en tot groter moontlikhede in te span vir die identifikasie van oplossings en antwoorde op die vrae van die beradene.

**Praktykteoretiese riglyn:** Die pastorale terapeut/berader kan musiek benut om die interpersoonlike verhoudingsvaardighede, en dus emosionele intelligensie, by die beradene te bevorder.

- **Praktykteoretiese riglyn:** Musiek kan ook in pastorale terapie/berading aangewend word om spanning by die beradene te verlig en selfs uit die weg te ruim.
- **Praktykteoretiese riglyn:** Vanweë die kompleksiteit van die menslike trauma is dit dikwels vir die pastorale terapeut/berader moeilik om die wortel van die beradene se probleem te identifiseer. Aangesien uit die empiriese studie bevestig is dat musiek meehelp om diepgewortelde emosies op te roep kan musiek as heelbrein-strategie ook benut word om die wortel van die beradene se probleem aan te stip.

- **Kreatiewe praktiese aanbevelings**
  - Leer die beradene die tegnieke van die ontspanningsoefeninge wat hy op sy eie kan gebruik.
  - Gee beradene huiswerk om sodoende die tegnieke op sy eie toe te pas.

- Speel musiek wat aan die beradene bekend is. Dit kan help om diepgewortelde emosies op te roep.
- Vermy musiek wat die beradene onrustig of selfs depressief maak.
- Leer die beradene om self ook daardie tipe musiek te vermy.
- Speel musiek wat geloof wek in die hart van die beradene deur vooraf vas te stel watter soort musiek tot die persoon spreek.
- Probeer om saam met die beradene agter te kom watter soort musiek hom "heel" laat voel waar haar liggaam, emosies en gees in balans met mekaar is.

### 6.3.3 PRAKTYKTEORETIESE RIGLYNE VANUIT DIE EMPIRIESE BEVINDINGE

- ➢ Musiek het 'n bepaalde uitwerking op die gemoedstoestand van die mens. Die effek van musiek op die gemoedstoestand van die mens kan negatief of positief wees.
- ➢ Lofprysings- en aanbiddingsmusiek vervul 'n opbouende, versterkende, ondersteunende, vervullende en komplementerende rol by die geloofservaring van die mens.
- ➢ Musiek, veral lofprysings- en aanbiddingsmusiek, kan ook 'n didaktiese funksie vervul.

- Lofprysings- en aanbiddingsmusiek bring geestelike groei by die mens mee, wat verder tot volwassewording bydra.
- Groei met betrekking tot verhoudings, interaksie met ander, die hantering van daaglikse situasies, wysheid en musieksmaak is ook bevestig.
- Musiek help die mens om in krisistye sy toevlug tot God te neem.
- Lofprysings- en aanbiddingsmusiek help die mens in moeilike tye om sy fokus van die probleem na God te verplaas.
- Musiek is 'n uitstekende medium deur middel waarvan die mens uitdrukking aan emosies kan gee.
- Musiek is 'n besondere kommunikasiemedium.
- Negatiewe musiek het 'n negatiewe impak op die innerlike mens, terwyl positiewe musiek die mens innerlik positief beïnvloed.
- Musiek maak diepgewortelde emosies los en skep geleentheid vir die Heilige Gees om die mens met vergifnis te bedien.
- Musiek bring ook innerlike vrede en rustigheid in die lewe van die mens in.

- **Kreatiewe praktiese aanbevelings**
    - Speel musiek wat die gemoed van die beradene positief beïnvloed. Musiek wat onrustigheid by beradene verander na rustigheid kan byvoorbeeld gebruik word. Aan die anderkant kan musiek ook gebruik word om depressie by beradenes te verander na vrolikheid.

- Pastorale berader/terapeut kan lofprysings- en aanbiddingsmusiek gebruik om die beradene se geloof te ondersteun en te versterk.
- Gebruik *"gospel"* musiek om christelike waardes en beginsels aan jong mense te leer.
- Gebruik lofprysings- en aanbiddingsmusiek om beradene te leer om die Skrif te memoriseer en deel van hom lewe te maak.
- Moedig musikale beradenes aan om deel te word van 'n orkes en sodoende kan sy interpersoonlike verhoudingsvaardighede asook emosionele intelligensie bevorder word.
- Leer beradene om musiek aan te wend om homself uit te druk deur lofprysings, aanbiddings, en dankseggingsgebede te sing.
- Aangesien lofprysings- en aanbiddingsmusiek God se grootheid verkondig, sal dit die beradene help om sy fokus te verskuif vanaf die grootheid van sy probleem na die almag en grootheid van God. Wend dus musiek aan om die beradene te leer om te fokus op die grootheid van God in plaas van die grootheid van sy probleem/krisis.
- Leer beradene om deur musiek te kommunikeer.

- Gebruik musiek om emosies los te maak

### 6.3.4 PRAKTYKTEORETIESE AANBEVELINGS VANUIT BASISTEORETIESE-, METATEORETIESE- EN EMPIRIESE BEVINDINGE

| Grond-houdings | Basisteoretiese Bevindinge | Metateoretiese Bevindinge | Bevindinge vanuit die Empiriese studie | Praktykteoretiese Aanbevelings |
|---|---|---|---|---|
| **1. Musiek en gemoed** | Rustige musiek bring kalmte, rustigheid en vrede in 'n troebel gemoed. | Musiek help om om spanning te verlig of selfs uit te skakel. | Die effek van musiek op die gemoed van die mens kan negatief of positief wees. | - Speel rustige musiek in die ontvangsarea van spreekkamer.<br>- Speel agtergrond-musiek tydens die berading-/terapie sessie.<br>- Speel musiek wat die gemoed positief beïnvloed.<br>-Vermy musiek wat die beradene onrustig of selfs depressief maak.<br>-Doen ontspannings-oefeninge saam met beradene. |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | | | - Leer die beradene die tegnieke van die ontspannings-oefeninge wat hy op sy eie kan gebruik. |
| **2. Musiek en geloofsgroei** | Lofprysings- en aanbiddingsmusiek help om kontak tussen God en mens te bewerk. Lofprysing en aan-bidding in moeilike tye is 'n getuienis vir ander. | Musiek spreek die mens gelyk-tydig aan op verskillende vlakke (affektief, kognitief en konatief). | Lofprysings- en aanbiddingsmusiek vervul 'n opbouende, versterkende, vervullende en kom-plementerende rol by die geloofservaring van die mens. | - Speel musiek wat geloof wek in die hart van die beradene.<br>- In die begin moet die Pastorale berader/terapeut saam met die beradene lofprysing en aanbidding doen.<br>- Gebruik dan die voorbeelde in die Bybel om die persoon te leer om om God te loof en te aanbid.<br>- Gebruik musiek om Skrif te memoriseer wat verder sal lei |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | | | tot geestelike groei.<br>- Pastorale berader kan musiek gebruik om<br>waardes en beginsels aan die jeug te leer. |
| **3. Musiek en verandering/ groei** | Heilige Gees werk groei en verandering die hart van die beradene tydens lofprysing en aanbidd | Musiek bevorder Interpersoonlike Verhoudings-vaardighede en emosionele intelligensie. | Lofprysings- en aanbiddings-musiek bevorder geestelike groei wat verder lei tot volwassenheid. | - Aanbevelings dieselfde as aanbevelings van grondhouding nommer 5 (musiek en innerlike verandering). |
| **4. Musiek en Krisis** | Lofprysings- en aanbiddingsmusiek help om die fokus va probleem na God te verskuif in tye van krisis | Musiek help om diepgewortelde emosies op te roep in tye van nood. | Bevestig: Lofprysings– en aanbiddingsmusiek help verskuif fokus vanaf probleem na God. Musiek help mens om toevlug na God te neem. | - Help die beradene om sy fokus te verplaas vanaf krisis na God deur lofprysing en aanbidding.<br>- Gee die beradene ander tegnieke wat help om aandag af te lei van krisis. |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | | | - Gebruik voorbeelde uit die Skrif. |
| **5. Musiek en innerlike verandering** | Lofprysing en aanbidding is 'n geleentheid vir die Heilige Gees om innerlik in die hart van die mens verandering te bring. | Musiek bring innerlike verandering wat lei tot emosionele intelligensie. | Rustige musiek bring innerlike vrede en rustigheid in die lewe van die mens. Heilige Gees bedien die mens met vergifnis. | - Help die beradene om die derde persoon in die Godheid (Heilige Gees) te leer ken.<br>- Skep ruimte vir die werking van die Heilige Gees in berading/terapie tydens lofprysing en aanbidding. |

## 6.4 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKINGS

Die sentraal teoretiese argument in hierdie hoofstuk was dat musiek as heelbrein-strategie deur die pastorale terapeut/berader aangewend kan word om innerlike verandering by die beradene te bewerkstellig. Die bevindinge van die basisteoretiese- (Hoofstuk 2), metateoretiese- (Hoofstuk 3) en empiriese bevindinge is in hermeneutiese wisselwerking geplaas om praktyk-teoretiese riglyne te formuleer.

# HOOFSTUK 7

# FINALE BEVINDINGE

## 7.1 INLEIDING

Die doel van hierdie studie is om die rol van musiek as heelbrein-strategie by innerlike verandering te ondersoek met die oog op die formulering van praktykteoretiese riglyne vir pastorale terapie/berading. Vervolgens word 'n samevatting van die voorafgaande hoofstukke en van die bevindinge gegee, waarna aanbevelings vir verdere navorsing aan die hand gedoen word. Die voorafgaande hoofstukke het soos volg daar uitgesien:

- In Hoofstuk 1 is die beoogde navorsingsvoorstel hanteer.
- In Hoofstuk 2 is verskillende geskrifte bestudeer met die oog op basisteoretiese perspektiewe.
- Hoofstuk 3 het die metateoretiese perspektiewe met betrekking tot die rol van musiek as heelbrein-strategie by innerlike verandering bevat.
- In Hoofstuk 4 is die leefwêrelde van verskillende individue betree met die oog op 'n kwalitatiewe ondersoek waarin onderhoude met die verskeie persone gevoer en die data verwerk is.
- Hoofstuk 5 behels die inleidende opmerkings tot praktykteoretiese riglyne.

- ➢ Hoofstuk 6 behels die voorgestelde praktykteoretiese riglyne met betrekking tot musiek as heelbrein-strategie in pastorale terapie/berading.

## 7.2 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKINGS

### 7.2.1 TEN OPSIGTE VAN HOOFSTUK 2

Die doelwit van hierdie hoofstuk was om basisteoretiese riglyne uit die Skrif te formuleer met betrekking tot die terapeutiese aanwending van musiek as heelbrein-strategie by innerlike verandering. Om bogenoemde doelwit te kon bereik het die hoofstuk uit twee hooftemas bestaan, naamlik innerlike verandering enersyds en lofprysing en aanbidding andersyds.

Vir die verstaan van innerlike verandering was dit van kardinale belang om eers die Bybelse antropologie te ondersoek. Uit die studie van die Bybelse antropologie het dit duidelik geword dat:

1) die mens 'n skepsel van God is.
2) die mens geskape is na die beeld van God; en
3) die mens 'n multidimensionele wese is.

Nog ander terminologie in die Bybel met betrekking tot menswees is bestudeer wat waardevol kan wees vir die verstaan van die verskillende fasette waaruit die mens bestaan. Uit die studie van bogenoemde terme het dit na vore gekom dat, wanneer daar in die Bybel verwys word van die hart, daar na die innerlike mens verwys word.

Dit impliseer derhalwe dat die gewenste innerlike verandering in die hart self moet plaasvind. Blywende verandering in die lewe van die mens moet dus in die hart ontspring omdat, volgens Spreuke 4:23, die mens se hele lewe bepaal word deur wat in sy hart omgaan – uit die hart van die mens is die oorspronge van die lewe. Innerlike verandering behels primêr die innerlike transformasie van die mens na die beeld van Christus. Die einddoel van innerlike verandering is daarom dat die mens meer soos Christus moet word. Dit is die finale doel van die pastorale berading/terapie.

Die implikasie van die innerlike transformasie van die mens na die beeld van Christus is dat die uiterlike gedrag van die mens ook verander. Dit beteken dus 'n ingrypende verandering in die lewe van die mens omdat die mens nie alleen innerlik verander nie; die vrug wat hy dra, verander ook. Die vrug van die Gees, soos in Gal 5:22 beskryf, word dus in die lewe van die gelowige 'n werklikheid.

Soos vroeër in die hoofstuk aangetoon, beskou die Charismatiese kerke lofprysing en aanbidding as twee verskillende opeenvolgende momente, terwyl dit vanuit die gereformeerde paradigma as dieselfde gebeurtenis geag word. Daar is ook aangetoon dat die navorser hom in die gereformeerde siening vind en derhalwe lofprysing en aanbidding as dieselfde gebeurtenis beskou.

Benewens die terapeutiese waarde, het lofprysing en aanbidding ook getuieniswaarde (vgl bv Ps 103; Hand 16:25-26) en opbouwaarde vir die gelowige sowel as vir die kerk van Christus korporatief (vgl Kol 3:16; Ef 5:19).

Lofprysing en aanbidding het belangrike implikasies vir die pastorale berading/terapie. Dit beklemtoon die verantwoordelikheid wat elke Christen het om te midde van 'n wêreld vol hopeloosheid, pyn en lyding in elke situasie te kies om God se genade vir hom toe te eien en God te loof (Ps 42 en Ps 43). Aangesien musiek verbind is aan die menslike emosie, is die navorser van oortuiging dat lofprysings- en aanbiddingsmusiek die ideale medium en instrument is wat aangewend kan word om innerlike verandering te bewerkstellig.

Innerlike verandering geskied nie vanself tydens lofprysing en aanbidding nie, maar is die werking van die Heilige Gees. Die Heilige Gees is dus die veranderings-*"agent"* tydens lofprysing en aanbidding. God kom skryf self deur die Heilige Gees op die hart van die mens en bring verandering ook in die res van die mens se lewe teweeg.

### 7.2.2 TEN OPSIGTE VAN HOOFSTUK 3

Die doel van hierdie hoofstuk was om die metateorieë met betrekking tot die rol van musiek by innerlike verandering te ondersoek. Om hierdie doelwit te kon bereik is bronne dus uit die volgende wetenskappe geraadpleeg: **Psigologie, Musiek, Neurologie en Filosofie.**

In die studie is dit bevestig dat verandering 'n doelwit is van alle berading/terapie. Voordat enige verandering 'n aanvang kan neem en gefasiliteer kan word, is dit van kardinale belang dat die individu moet erken dat daar regstelling in sy lewe nodig is. Verandering van mense se oortuiginge is moontlik, maar dit is 'n uiters moeilike taak en verg harde werk en deursettingsvermoë.

Volgens Rogers se perspektief maak verandering inherent deel uit van menslike ervaring. Die terapeut sal daarom nie die inisieerder van verandering wees nie; hy sal die veranderingsproses in die lewe van die kliënt slegs fasiliteer.

Omdat die navorser musiek as heelbrein-strategie bestudeer, was dit nodig om ook die funksies van die brein te bestudeer. Aangesien die studie van die brein 'n gespesialiseerde veld op sigself is, is die ondersoek na die breinfunksies in hierdie hoofstuk heel inleidend van aard en fokus dit hoofsaaklik slegs op dít wat op musiek van toepassing is. Waar daar vroeër algemeen aanvaar is dat musiek slegs 'n regterbreinaktiwiteit is, het resente bronne getoon dat musiekprosesse ook linkerbrein-funksies betrek. Dit impliseer dus dat musiekbeoefening en musiekluister 'n heelbrein-funksie is.

Histories kan daar aangevoer word dat musiek vanaf die vroegste tye reeds 'n integraal belangrike rol in die lewe van die mens vervul het. Die vermoë van musiek om die mens te vermaak en emosioneel te beïnvloed word byvoorbeeld dekades lank reeds erken. Omdat musiek talle gebeurtenisse en aktiwiteite in die samelewing

van die mens begelei en gelyktydig op die affektiewe, die kognitiewe en die konatiewe vlak tot die mens spreek, kan dit nie losgemaak word van sekere ervaringe van die mens se werklikheid nie.

In hierdie hoofstuk het dit ook na vore gekom dat musiekonderrig vir kinders van kardinale belang is omdat dit die kind se verstandelike vermoë ontwikkel asook sy/haar akademiese prestasie verbeter. Musiek beïnvloed nie net die mens kognitief nie, maar bevorder ook sy/haar algehele ontwikkeling. Dat interpersoonlike bevorder word deurdat leerders musiek in groepverband beoefen, is ook waargeneem. Sensitiwiteit vir ander se emosies, en empatie en meelewing vir hulle basiese komponente van emosionele intelligensie is aangemeld by leerders wat musiek in groepverband beoefen.

Die mees algemeen erkende terapeutiese gebruik van musiek is vir ontlading van spanning (stres) en vir ontspanning. Laasgenoemde metode van musiekaanwending help verder met die oproep van diepgewortelde emosies omdat musiek altyd tot die emosies van die mens spreek.

Resente navorsing het getoon dat die mens hom in die postmoderne era bevind. Die eis van die tyd waarin ons ons bevind, is dat die mens 'n dringende behoefde aan en honger na geïntegreerdheid en heelheid het. Multidimensionele denke, gevoelens en ervaringe is moontlik gemaak deur die paradigmaskuif wat die postmodernisme tot gevolg gehad het. Die paradigmaskuif beklemtoon die invloed van waardes, simbole,

rituele, metafore en die kunste. Volgens die bevindinge in hierdie hoofstuk kan die heelwording van die postmoderne mens moontlik gemaak word deur die aanwend van simbole, metafore, rituele en die kunste. Musiek as heelbrein-strategie kan daarom binne die postmoderne epistemologie geplaas word.

### 7.2.3 TEN OPSIGTE VAN HOOFSTUK 4

Die doel van hierdie hoofstuk was om die basis- en metateorieë met betrekking tot die rol van musiek as heelbrein-strategie by innerlike verandering te kontroleer en te bevestig deur inligting uit die menslike leefwêreld in te samel. Die kwalitatiewe ondersoek het die volgende bevestig:

- Musiek het 'n bepaalde uitwerking op die gemoedstoestand van die mens. Die effek van musiek op die gemoedstoestand van die mens kan negatief of positief wees.
- Lofprysings- en aanbiddingsmusiek vervul 'n opbouende, versterkende, ondersteunende, vervullende en komplementerende rol by die geloofservaring van die mens.
- Musiek, veral lofprysings- en aanbiddingsmusiek, kan ook 'n didaktiese funksie vervul.
- Lofprysings- en aanbiddingsmusiek bring geestelike groei by die mens mee, wat verder tot volwassewording bydra.
- Groei met betrekking tot verhoudinge, interaksie met ander, die hantering van daaglikse situasies, wysheid en musieksmaak is ook bevestig.
- Musiek help die mens om in krisistye sy toevlug tot God te neem.

- Lofprysings- en aanbiddingsmusiek help die mens om in moeilike tye sy fokus vanaf die probleem na God te verplaas.
- Musiek is 'n uitstekende medium deur middel waarvan die mens uitdrukking aan sy/haar emosies kan gee.
- Musiek is 'n kommunikasiemedium.
- Negatiewe musiek het 'n negatiewe impak op die innerlike mens, terwyl positiewe musiek die mens innerlik positief beïnvloed.
- Musiek maak diepgewortelde emosies los en skep geleentheid vir die Heilige Gees om die mens met vergifnis te bedien.
- Musiek bring ook innerlike vrede en rustigheid in die lewe van die mens in.

### 7.2.4 TEN OPSIGTE VAN HOOFSTUK 5

Aangesien hierdie hoofstuk slegs inleidend van aard is, bevat dit nie onafhanklike bevindinge nie.

### 7.2.5 TEN OPSIGTE VAN HOOFSTUK 6

Die sentraal teoretiese argument in hierdie hoofstuk was dat musiek as heelbrein-strategie deur die pastorale terapeut/berader aangewend kan word om innerlike verandering by die beradene te bewerkstellig. Die bevindinge van die basisteorie (Hoofstuk 2) en metateorie (Hoofstuk 3) is in hermeneutiese wisselwerking geplaas om praktykteoretiese riglyne te formuleer.

## 7.3 FINALE BEVINDINGE

Die feit dat ons in 'n postmoderne era lewe is 'n werklikheid en kan nie wegredeneer word nie. Wat daarmee gepaard gaan, is die werklikheid dat ook die mens se behoefte en nood verander namate die tye verander. Soos dit uit die studie na vore gekom het, het die postmoderne mens 'n intense behoefte aan en honger na heelheid. Daarom is dit nodig dat pastorale terapeute/beraders hulle strategieë moet aanvul en aanpas as hulle met betrekking tot hul pastorale hantering van die mens in nood nog toepaslik wil optree vir die tyd waarin ons lewe.

Aangesien die tradisionele linkerbreingedrewe strategieë in die pastorale hulpverlening hoofsaaklik op 'n intellektueel-analitiese vlak tot die mens spreek, en dus nie holisties van aard is nie, het die navorser deur hierdie studie gepoog om musiek as heelbrein-strategie voor te stel omdat musiek gelyktydig op die affektiewe, die kognitiewe en die konatiewe vlak tot die mens spreek.

## 7.4 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING

Ander onderwerpe wat uit hierdie navorsing voortspruit, is soos volg:

- Integrasie van ander regterbrein-strategieë by die bestaande linkerbrein-strategieë in pastorale terapie/berading.
- Die rol van die kreatiewe vermoë van die pastorale terapeut/berader by die sukses van heelbrein-strategiese pastorale hulpverlening.

- Die ontwerp van 'n toerustingskursus vir pastorale terapeute/beraders met die oog op die aanwending van musiek as heelbrein-strategie in pastorale berading/terapie.
- Rol van musiek binne die Afrika konteks as heelbrein-strategie in pastorale berading/terapie

## OPSOMMING

Pastoraal-terapeutiese bystand is in die verlede hoofsaaklik vanuit die werking van die linkerhemisfeer van die brein benader. Dit impliseer dat pastorale terapeute/beraders hoofsaaklik op 'n intellektueel-analitiese vlak, onder modernistiese invloed, die persoon wat terapie ontvang, benader het. Aangesien die mens se nood en behoefte verander namate tye verander, is dit noodsaaklik dat ook pastorale terapeute/beraders hulle werkswyse en strategieë moet aanvul en aanpas indien hulle met betrekking tot hul pastorale hantering van die mens in nood nog relevansie wil behou in die tyd waarin ons lewe. In hierdie studie het die navorser gepoog om vanuit die Skrif 'n basisteorie met betrekking tot die rol van musiek as heelbrein-strategie by innerlike verandering te formuleer. Ter wille van 'n meer holistiese benadering is daar ook 'n metateoretiese ondersoek onderneem. Ter bevestiging van die basis- en metateoretiese gegewens het die navorser die leefwêreld van sewe individue betree, waartydens 'n kwalitatiewe ondersoek gedoen is. Die resultate van die studie waarvolgens die basis- en metateoretiese perspektiewe in hermeneutiese wisselwerking geplaas is, het gelei tot praktyk-teoretiese riglyne binne die vakgebied van die Praktiese Teologie oor die rol van musiek as heelbrein-strategie by innerlike verandering.

**SLEUTELWOORDE**

Lofprysing en aanbidding

Liturgie

Musiek

Innerlike verandering

Innerlike mens

Praktiese teologie

Heelbrein-strategie.

## ABSTRACT

In the past, pastoral-therapeutic support was mainly approached only from the functioning of the left hemisphere of the brain. This implies that pastoral therapists mainly interacted with people in therapy at an intellectual-analytical level under modernistic influence. Since man's destitution and need changes along with time, it is essential for pastoral therapists/counsellors to supplement and adapt their modus operandi and strategies if they wish to remain relevant regarding their pastoral dealings with people. In this study the researcher attempted to formulate from the Scriptures a basis theory regarding the role of music as a whole-brain strategy in inner change. For the sake of a more holistic approach, a meta-theoretical investigation was also undertaken. To confirm the basis and meta-theoretical information, researcher entered the living reality of seven individuals during which a qualitative research was done. The results of the study, according to which the basis and meta-theoretical perspectives were placed in hermeneutical relation to one another, led to practice-theoretical guidelines within the subject domain of Practical Theology regarding the role of music as a whole-brain strategy in inner change.

**KEY WORDS**

Praise and worship

Liturgy

Music

Inner change

Inner man

Practical theology

Whole-brain strategy.

# BIBLIOGRAFIE


**ADAMS, J.E.** 1995. Change them?... Into what? *The Journal of Biblical Counseling*, 13(2):13-17, winter.

**ANDREAS, S. & FAULKNER, C.** 1998. NLP: The New Technology of Achievement. London, UK : Nicolas Brealey Publishing.

**ARLOW, J.A.** 2000. Psychoanalysis. (*In* Corsini, R.J. & Wedding, D., eds. Current psychotherapies. Itasca, Ill. : F.E. Peacock Publishers. **p. 19-64.**)

**ATKINSON, D.J. & FIELD, D.H.** 1995. New Dictionary of Christian Ethics and Pastoral Theology. Downers Grove : Intervarsity Press.

**BARNA, G.** 2006. Revolution. Vereeniging : Christian Art Publishers.

**BARNETT, P.** 1988. The message of 2 Corinthians. Leicester, England : Inter-Varsity Press.

**BAUMGARTNER, T., ESSLEN, M. & JÄNCKE, L.** 2006. From emotion to perception to emotion experience: Emotions evoked by pictures and classical music. *International Journal of Psychophysiology*, 60:34-43.

**BEGBIE, J.** 2007. Sound theology: Meaning in music. *The Christian Century*, 124(23:20-25.)

**BERG, B.L.** 1998. Qualitative research methods for social sciences. Boston : Allyn & Bacon.

**BERGIN, A.E. & PAYNE, I.R.** 1993. Proposed agenda for a spiritual strategy in personality and psychotherapy. (*In* Worthington, E.L., ed. Psychotherapy and religious values. Grand Rapids, Mich. : Baker Book House. **p. 243-258.**)

**BERKHOF, L.** 1996. Systematic Theology. Grand Rapids : Eerdmans.

**BERKOUWER, G. C.** 1978. The reformed faith and the modern concept of man. (*In* De Graaff, A.H. en Olthuis, J.H., eds. Toward a biblical view of man: some readings. Toronto : Institute for Christian studies. **p. 134-144.**)

**BERTRAM, P.K. & WIDENER, A.J.** 1995. Psychodynamic therapies in historical perspective. (*In* Bongar, B. & Beutler, L.E., eds. Comprehensive textbook of psychotherapy. Theory and practice. N.Y. : Oxford University Press. **p. 24-47.**)

**BLYTH, M.** 2001. Praise, Prayer and Praxis. *Ecumenical review*, 52(2):206-215.

**BOTHA, J.G.** 2004. Pastorale versorging van getraumatiseerde slagoffers van geweldsmisdaad. Potchefstroom : Noordwes-Universiteit. (Proefskrif – PhD)

**BROWN, R.S.** 1994. Overtones and undertones: Reading film music. Los Angeles : University of California Press.

**BUNT, L.** 1994. Music therapy: An art beyond words. London : Routledge.

**BURDEN, J.** 1993. Eksodus. (*In* Vosloo, W. & Van Rensburg, F.J., *reds*. Die Bybel in praktyk. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy. **p.93-150.**)

**BURGER, S.** 1999. Die effek van 'n gestruktureerde oudiopsigofonologiese program met musikale jong volwassenes. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling – MA)

**BUSWELL, J.O.** 1962. A Systematic Theology of the Christian Religion. Grand Rapids : Zondervan.

**BYBEL.** 1933. Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat. Kaapstad : Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.

**BYBEL.** 1983. Die Bybel: Nuwe vertaling. Goodwood, Kaapstad : Nasionale Boekdrukkery.

**CAHOONE, L.** 2003. From modernism to postmodernism: An anthology. Oxford, UK : Blackwell Publishing.

**CALVYN, J.** 1984. Institusie van die Christelike godsdiens (Deel 1). Potchefstroom : CJBF.

**CAMPBELL, D.** 2000. The Mozart effect for children. London : Hodder & Stoughton.

**CAMPBELL, D.G.** 1997. The Mozart effect: tapping the power of music to heal the body, strengthen the mind and unlock the creative spirit. N.Y. : Hodder & Stoughton.

**CAMPBELL-LANE, Y.** 2003. Inner Change: A pastoral-theological study. Potchefstroom : PU vir CHO (Proefskrif - PhD)

**CAMPBELL-LANE, Y. & LOTTER, G.A.** 2005. Biblical counseling regarding inner change. *Koers*, 70(1):99-124.

**CASE, P.W. & McMINN, M.R.** 2001. Spiritual coping and well-functioning among psychologists. *Journal of psychology and theology,* 29(1):29-40.

**CILLIERS, J.** 1998. Die uitwysing van God op die kansel. Kaapstad : Lux Verbi.

**CILLIERS, J.** 1999. In die greep van God. Sewe ankers van sekerheid vir die derde millennium. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy.

**CILLIERS, J.** 2002. Prediking as spel: 'n homileties-estetiese perspektief op postmodernisme. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika,* 17(1):1-27.

**CLARK, G.H.** 1984. The biblical doctrine of man. Jeffersons : The Trinity Foundation.

**CLARKE, P.B. & LINZEY, A.**, eds. 1996. Dictionary of Ethics, Theology and Society. London : Routledge.

**CLINEBELL, H.** 1984. Basic types of pastoral care & counselling. Nashville : Abingdon Press.

**COETZEE, J.C.** 1990. Die Skrif en die wetenskap: hermeneutiese reëls. (*In* die Skrif en wetenskap. Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO, reeks J, Studiestuk 22, Potchefstroom : PU vir CHO. **p. 15-32.**)

**COREY, G.** 2001. Theory and practice of counseling and psychotherapy. Pacific Grove, Calif. : Brooks/Cole Publishing House.

**CRABB, L.** 1988. Inside out. Colorado Springs, Colo. : Navpress.

**CRABB, L.** 1997. Connecting: A radical new vision. Nashville, Tenn. : Word Publishing

**D'AQUILI, E. & NEWBERG, A.B.** 1999. The mystical mind: Probing the biology of religious experience. Minneapolis, U.S.A : Fortress Press.

**D'AQUILI, E., NEWBERG, A.B. & RAUSE, V.** 2001. Why God won't go away. New York, U.S.A : Ballantine Books.

**DE BOER, A.L., STEYN, T. & DU TOIT, P.H.** 2001. A whole brain approach to teaching and learning in higher education. *SAJHE/SATHO,* 15(3):185-193.

**DE KLERK, B.J. & SMIT, E.J.** 2002. Pneuma en nous in die gereformeerde kerklied: Perspektiewe uit 1 Korintiërs 14:15 en die tradisie, toegespits op die musiek en poësie van die kerklied. *In die Skriflig,* 36(1):105-124.

**DE WET, F.W.** 2006. Die aanwending van Rolf Zerfass se handelingswetenskaplike model in prakties-teologiese teorievorming – 'n gereformeerde perspektief. *In die Skriflig*, 40(1):57-87.

**DILL, J. & KOTZé, D.J.** 1997. Verkenning van 'n postmoderne epistemologiese konteks vir die praktiese teologie. *Acta Theologica*, 17(1):1-26.

**DINGEMANS, G.D.J.** 1996. Manieren van Doen: Inleiding tot de studie van de Praktische Teologie. Kampen : Kok.

**DIXON, C.** 1998. Sexual revictimization in "coloured" female survivors of child sexual abuse: an integrated approach. Johannesburg : RAU. (Dissertation – MA)

**DOUGLAS, J.D.** 1986. New Bible dictionary. 2nd ed. Leicester : Tyndale House Publishers.

**DREYER, Y.** 1998. Pastorale interaksie met vroue: 'n Prakties-teoretiese begronding. Pretoria : Universiteit van Pretoria. (Proefskrif – DD)

**DU PLOOY, G.M.** 1997. Introduction to communication: course book 2, Communication. Kenwyn : Juta.

**DU TOIT, B.** 2000. God? Geloof in 'n postmoderne tyd. Bloemfontein : CLF-Uitgewers.

**DU TOIT, P.W. & SPANGENBERG, I.J.J.** 2002. Kerk en teologie in die postmoderne tyd. *HTS*, 58(3):1134-1153.

**DUDLEY-SMITH, T.** 1995 Authentic Christianity from the writings of John Stott. Ill. : InterVarsity Press.

**DUNN, J.D.G.** 1998 The theology of Paul the apostle. Edinburgh : T & T Clark.

**DUNN, J.D.G. & ROGERSON, J.W.** 2003. Eerdmans commentary on the Bible. Grand Rapids, Mich. : William B. Eerdmans Publishing Company.

**ELLIOTT, D.J.** 1995. Music matters. N.Y. : Oxford University Press.

**ELLIS, A.** 1990. The issue of force and energy in behavioral change. (*In* Dryden, W. & Diguiseppe, R., eds. A primer on rational-emotive therapy. Champaign, Ill. : Research Press. **p. 137-286.**)

**ELYON, J.R.** 2005. Pastoral music therapy with a grieving child because of the death of a parent. Bloemfontein : Universiteit van die Vrystaat. (Dissertation - MA)

**ENGLER, B.** 1991. Personality theories: an introduction. Princeton, N.J. : Houghton Mifflin Company.

**FAHLBUSCH, E., LOCHMAN, J.M., MBITI, J., PELICAN, J. & VISCHER, L.** 1999. The encyclopedia of Christianity. Grand Rapids, Mich. : William Eerdmans Publishing.

**FEE, G.D.** 1999. Paul, the Spirit and the people of God. Peabody, Mass. : Hendrickson.

**FERREIRA, R. & MÖLLER, L.** 2004. Musiekterapie as intervensie-moontlikheid by laerskooldogters wat seksueel misbruik is. *Child Abuse research in South Africa*, 5(2):31-40.

**FLOHR, J.W., MILLER, D.C. & DEBEUS, R.** 2000. EEG studies with young children. *Music education journal*, 87(2):28-32, Sept.

**FRANKEL, R.M. & DEVERS, K.** 2000. Qualitative research in medical education. *Education for health: change in learning and practice*, 13(1):113-123.

**FREEDMAN, D.N.** 2000. Eerdmans Dictionary of the Bible. Grand Rapids, Mich. : Wm. B. Eerdmans Publishing Co.

**FURLONG, N.E, LOVELACE, E.A. & LOVELACE, K.L.** 2000. Research methods and statistics: An integrated approach. U.S.A, Belmont : Wadsworth/Thomson learning.

**GETZ, G.A.** 1980. Sharpening the focus of the church. Chicago : Moody Press.

**GETZ, G.A. & WALL, J.** 2000. Effective church growth strategies. Chicago : Moody Press.

**GFELLER, K.E. & DAVIS, W.B.** 1999. Clinical practice in music therapy. (*In* DAVIS, W.B. *et al* 1999. An introduction to music therapy: Theory and practice. Boston Burr Ridge : Mcgraw-Hill College. **p. 3-15.**)

**GROBBELAAR, K.G.** 2007. Hulpverlening tot streshantering by predikante van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA): 'n pastorale studie. Potchefstroom : Noordwes-Universiteit. (Proefskrif – PhD)

**GROENEWALD, M.** 2003. Die verband tussen musiekbeoefening en intelligensie. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif- PhD)

**HEITINK, G.** 1999. Practical Theology. History. Theory. Action Domains. Grand Rapids, Mi. : Eerdmans.

**HENDRIKS, H.J.** 1997. Navorsingsterminologie. Stellenbosch : Universiteit van Stellenbosch. (Ongepubliseerde klasnotas.)

**HERRMANN, N.** 1995. The creative brain. Tenn, USA : Quebecor Printing Book Group.

**HERRMANN, N.** 1996. The whole brain business book. N.Y. : McGraw Hill.

**HERRMANN, N.** 1998. Twenty years of thinking about the thinking brain. A special summary of learning outcomes. Unpublished document, Herrmann International. Lake Lure. USA.

**HEYNS, L.M. & PIETERSE, H.J.C.** 1998. Eerste tree in die Praktiese Teologie. Pretoria : Gnosis.

**JACOB, R.G. & PELHAM, W.E.** 2005. Behavior therapy. (*In* Sadock, B.J. & Sadock, V.A., ed. Kaplan & Sadock's comprehensive textbook of psychiatry. 2 vols. N.Y. : Lippincott Williams & Wilkins. **p. 2498-2548**.)

**JAFFE, D.T. & SCOTT, C.D.** 1999. Getting your organization to change. Menlo Park, CA : Crisp Publications.

**JANESICK, V.J.** 1998. "Stretching" exercises for qualitative researchers. Thousand Oaks : Sage.

**JANNASCH, T.** 1995. Musiek as hulpmiddel in spelterapie. Pretoria : Universiteit van Pretoria. (Verhandeling - MA)

**JANSE VAN RENSBURG, J.** 1998. Regterbrein-strategieë vir pastorale terapie. *Nederduits Gereformeerde Teologiese tydskrif*, 39(1&2):65-78.

**JANSE VAN RENSBURG, J.** 2000. Paradigm shift. Pretoria : Van Schaik Publishers.

**JANSE VAN RENSBURG, J.** 2007a. Navorsingsmetodologie. Potchefstroom : Noordwes-Universiteit. Maart. (Seminaar).

**JANSE VAN RENSBURG, J.** 2007b. Seminar on research methodology. Potchefstroom : Noordwes-Universiteit. Augustus.

**JANSE, R. & HENDRIKS, H.J.** 2002. Die funksie van lofprysing in die liturgie. *Praktiese Teologie in Suid Afrika*. 17(1):43-52, Oct.

**JANSE, R. & HENDRIKS, H.J.** 2002. Die gebruik van lofprysing in die aanbidding van God. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese tydskrif*, 43(1&2):71-75, Mar/Jun.

**JAUSOVEC, N., JAUSOVEC, K. & GERLIC, I.** 2006. The influence of Mozart's music on brain activity in the process of learning. *Clinical Neurophysiology*, 117:2703-2714.

**JENSEN, E.** 2000. Music with the brain in mind. San Diego : The Brain Store, Inc.

**JOHNSON, A.F.** 2004. The IVP New Testament Commentary Series: 1 Corinthians. Downers Grove, Ill. : InterVarsity Press.

**JOHNSON, W.B. & JOHNSON, W.L.** 1997. Can counseling be Christian? A wedding of faith and practice. *Christian counseling today*. 5(1):15.

**JONES, S.L. & BUTMAN, R.E.** 1991. Modern Psychotherapies: a comprehensive Christian appraisal. Downers Grove, Ill. : Intervarsity Press.

**JOUBERT, P.** 2005. Trichotomous therapy: A proposed pastoral paradigm. Potchefstroom : North-West University. (Thesis – PhD)

**KARASU, T.B.** 2005. Psychotherapies: Psychoanalysis and psychoanalytic psychotherapy. (*In* Sadock, B.J. & Sadock, V.A., ed. Kaplan & Sadock's comprehensive textbook of psychiatry. 2 vols. N.Y. : Lippincott Williams & Wilkins. **p. 2472-2498.**)

**KAYAYAN. E.** 1994. Skylight on music. (*In* IRS. Venster op die kunste: Christelike perspektief. Potchefstroom : PU vir CHO. **p 346-362.**)

**KENNELY, J. & BRIEN-ELLIOTT, K.** 2001. The role of music therapy in paediatric rehabilitation. *Paediatric rehabilitation*, 4(3): 137-143.

**KHOUZAM, H.R.** 2005. Use of religious hymn in remission of symptoms of social phobia (social anxiety disorder): A case study. *Psychological reports*, 96(2):411-421.

**KINGMA, B.R. & LOTTER, G.A.** 2002. Begrip vir die lewenskonteks van mense as 'n vereiste vir pastorale begeleiding. *Koers*, 67(3):309-328.

**KIRSTEN, G.I.C.** 2001. The use of meditation as a strategy for stress management and the promotion of wellness in teachers: an educational psychological approach. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif – PhD)

**KLOPPERS, E.** 2003. Verkondiging deur musiek: 'n Aspek van kreatiewe geloofskommunikasie. *HTS*, 58(1):65-84.

**KOTZé, E. & KOTZé, D.J.** 1997. Social construction as a postmodern discourse: an epistemology for conversational therapeutic practice. *Acta Theologica*, 17(1):27-50.

**KROLL, T., BARBOUR, R. & HARRIS, J. 2007.** Using focus groups in disability research. *Qualitative Health Research*, 17(5):690-698.

**LACCINO, J.F.** 1993. Left brain-right brain differences: inquiries, evidence and new approaches. N.J. : Lawrence Erlbaum Associates.

**LAI, Y.** 1999. Effects of music listening on depressed women in Taiwan. *Issues in Mental Health Nursing*, 20(3):229-246.

**LANDRE, N.** 2000. Can music make your child smart? Music study may help train the brain for higher forms of thinking. [Web:] http://family.go.com/PrinterFriendly [Date of access: 31 July 2007].

**LARKIN, W.J.** 1995. The IVP New Testament commentary series: Acts. Downers Grove, Ill. : InterVarsity Press.

**LE ROUX, J.H.** 2006. Die lyf se troos. *Verbum et Ecclesia,* 27(1):26-41.

**LEEDY, P.D. & ORMROD, J.E.** 2001. Practical research: planning and design. Upper Saddle River, N.J. : Merrill Prentice Hall.

**LEHR, M.R.** 1998. Music education: the brain-building subject. *Teaching music*, 6(3):40-56, Dec.

**LETSOSA, R.S.** 2005. A relevant liturgy for the reformed churches in Synod Midlands. Potchefstroom : North-West University. (Proefskrif – PhD)

**LETSOSA, R.S. & DE KLERK, B.J.** 2007. A relevant liturgy for Reformed churches of African origin concerning liturgical music. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika,* 22(1):64-82.

**LIEFELD, W.L.** 1997. The IVP New Testament commentary series: Ephesians. Downers Grove, Ill. : InterVasity Press.

**LINCOLN, A.T.** 1990. Word biblical commentary: Vol. 42, Ephesians. Dallas, Tex. : Word Books Publisher.

**LOTTER, G.A.** 2007. Pastorale Teologie: Voëlvlug en (voorlopige) landing. Potchefstroom : NWU (Intreerede)

**LOTTER, G.A.** 2005. Die werk van die Heilige Gees volgens 2 Korintiërs en die moontlike pastorale implikasies daarvan. *In die Skriflig*, 39(3):487-504.

**LOUW, D.** 2005. Ratwerke van die menslike siel. Stellenbosch : Sun Press.

**LOUW, D.J.** 1997. Pastoraat as ontmoeting en vertolking. Kaapstad : Lux Verbi.

**LOUW, D.J.** 1999. A mature faith. Louvain Peeters Press.

**LOUW, D.J.** 2000. A Pastoral hermeneutics of care and encounter: a theological design for a basic theory, anthropology, method and therapy. Wellington, S.A. : Lux Verbi.

**LOUW, J.P. & NIDA, E.A.** 1988. 2 vols. Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains, N.Y. : United Bible Societies.

**MACASKILL, N.D.** 1990. Educating clients about rational-emotive therapy. (*In* Dryden, W. & Diguiseppe, R., eds. A primer on rational-emotive therapy. Champaign, Ill. : Research Press. **p. 42-60.**)

**MAKAROV, V.** 1997. A piano teaching method for children of early ages. Translated by Phillip Shovk. Sydney : Third Australian national piano pedagogy conference (1994).

**MARé, L.P.** 2005. Psalm 103: Lofprysing word gebore uit die swaarkry van die lewe. *HTS*, 61(4):1273-1284.

**MARITZ, J.F. & DREYER, T.F.J.** 2001. Musiek as hulpmiddel in pastorale terapie. *HTS*, 57(3&4):1265-1287.

**MARITZ, J.F. & DREYER, T.F.J.** 2002. 'n Ondersoek na die aanwending van musiek as hulpmiddel in pastorale terapie binne 'n gespreksmodel. *Hervormde teologiese studies*, 58(3):1208-1220.

**MARSHALL, F.** 1999. The power of music. *Top Sante*, 4(10):32-35, Oct.

**MARSHALL, I.H.** 1989. Tyndale New Testament commentaries: Acts. Grand Rapids, Mich. : William B Eerdmans Publishing Company.

**MAYNARD-REID, P.U.** 2000. Diverse worship: African-American, Caribbean and Hispanic perspectives. Downers Grove, Ill. : Inter-varsity Press.

**McKELLAR, L.** 2001. Your relationship your spirituality. [Web:] http://www.lifeonline.com [Date of access: 3 July 2007].

**McLEOD, J.** 1996. The humanistic paradigm. (*In* Woolfe, R., & Dryden, W., eds. Handbook of counseling psychology. London, England : SAGE Publications. **p. 133-155.**)

**McMINN, M.R.** 1996. Psychology, theology and spirituality in Christian counseling. Wheaton, Ill : Tyndale House.

**McMINN, M.R. & HALL, T.W.** 2001. Christian spirituality: Introduction to special issue – part 2. *Journal of psychology and theology*, 29(1):3.

**McMINN, M.R. & HALL. T.W.** 2000. Christian spirituality in a postmodern era. *Journal of psychology and theology*, 28(4):251-253.

**MEIER, P.D., MINIRTH, F.B., WICHERN, F.B. & RATCLIFF, D.E.** 1991. Introduction to psychology and counseling: Christian perspectives and applications. 2nd ed. Turnbrige Wells : Monarch.

**MICKELA, T.** 2000. Music lessons may open the mind to maths and sciences: music and the brain. [Web:] http://pionet.net/~hub7/music.html [Date of access: 31 July 2007].

**MORRIS, L.** 1989. Tyndale New Testament Commentaries: 1 Corinthians. Leicester, England : Inter-Varsity Press.

**MORRISON, B.** 1997. UC Irvine study shows that exposure to music enhances early childhood development of brain. [Web:] http://www.communications.uci.edu/releases/026wb97.html [Date of access: 31 July 2007].

**MOUTON, J. & MARAIS, H.C.** 1994. Basic concepts in the methodology of the social science. Pretoria : HSRC.

**MüLLER, J.C.** 2005. Postfoundationalist, HIV-positive practical theology. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 20(2):72-88.

**MURPHY, N.** 2006. Bodies and souls, or spirited bodies? Cambridge, UK : Cambridge University Press.

**NAGEL, C.J. & DE KLERK, B.J.** 2004. Meta-teoretiese perspektiewe op die waarde van kommunikasie en breinfunksie in die proses van prediking. *Verbum Et Ecclesia Jrg*, 25(1):217-235.

**NEETHLING, K. & RUTHERFORD, R.** 2001. Creative people can perform miracles. Vanderbijlpark : Carpe Diem Books.

**NEUMAN, W.L.** 2000. Social research methods. Needham Heights, M.A. : Allyn & Bacon.

**NEUMAN, W.L.** 2003. Social research methods: qualitative and quantitative approaches. Boston : Allyn & Bacon.

**NICOL, A.** 1996. Musiek as deel van 'n ko-kreatiewe proses. Pretoria : Unisa. (Skripsie – MA)

**NIEUWENHUIS, J.** 2007. Analysing qualitative data. (*In* Maree, K. First steps in research. Pretoria : Van Schaik Publishers. **p. 98-122.**)

**NYE, R.D.** 1992. Three psychologies. Perspectives from Freud, Skinner, and Rogers. Pacific Grove, Calif. : Brooks/Cole Publishing Company.

**O'BRIEN, P.T.** 1982. Word biblical commentary: Vol 44, Colossians, Philemon. Waco, Tex. : Word Books Publisher.

**ODENDAAL, F.F. & GOUWS, R.H.** 2000. HAT. Kaapstad : CTP Boekdrukkers.

**OKUN, B.F.** 1997. Effective helping. Interviewing and counseling techniques. Pacific Grove, Calif. : Brooks/Cole Publishing Company.

**OLIVIER, I.J.** 2006. The strategic task of the church in creating spaces for spirituality. Pochefstroom : North-West University. (Thesis - PhD)

**OLTHUIS, J.H.** 1999. Dancing together in the wild spaces of love: postmodernism, psychotherapy and the spirit of God. *Journal of Psychology and Christianity*, 18(2):140-152, Summer.

**PARROTT, L.** 1997. Counseling and psychotherapy. Seatle : McGraw-Hill.

**PASS, D.B.** 1994. Christian perspectives on the arts: the case of music. (*In* IRS Venster op die kunste: Christelike perspektiewe. Potchefstroom : PU vir CHO. **p 363-381.**)

**PFEIFFER, C.F., VOS, H.F. & REA, I.** 1999. Wycliffe Bible dictionary. Mass. : Hendrikson Publishers.

**POGGENPOEL, M.** 1993. Phenomenological research: summary. Aucklandpark : RAU (Department of nursing science).

**POWERS, R.** 2005. Research and theory – Counseling and spirituality: A historical review. *Counseling and Values*, 49:217-225, April.

**RAYBURN, R.G.** 1980. O come, let us worship: corporate worship in the evangelical church. Grand Rapids, Mich. : Baker Book House.

**RENNIE, D.L.** 1998. Person-centered counseling. An experiencial approach. London, England : SAGE Publications.

**RICHARDS, P.S. & BERGIN, A.E.** 1997. A spiritual strategy for counseling and psychotherapy. Wash., DC : American Psychological Association.

**RIGGS, J.W.** 2003. Postmodern Christianity. Harrisburg : Trinity Press.

**SADOCK, B.J. & SADOCK, V.A.** 2003. Synopsis of Psychiatry. Behavioral Sciences/Clinical Psychiatry. Ninth edition. London : Lippincot. Williams & Wilkins.

**SCANLON, M.J.** 1999. The postmodern debate. (*In* Baum, G., *ed.* The twentieth century. A Theological overview. New York : Orbis Books. p.228-237.)

**SCHEURICH, J.J.** 1997. Research method in the postmodern. London : The Falmer Press.

**SCHMIDT, W.H.** 1997. Reflections on Groups and OD. *Organization Development Journal*, 18(2):87-90.

**SEGLER, F.M.** 1996. Understanding, preparing for, and practicing Christian worship. Nashville, Tenn. : Broadman & Holman.

**SEIBERT, P.S., FEE, L., BASOM, J. & ZIMMERMAN, C.** 2000. Music and the brain: the impact of music on an oboist's fight for recovery. *Brain injury*, 14(3):295-302.

**SELMAN, M.J.** 1994. Tyndale Old Testament commentaries: 2 Chronicles. Leicester, England : Inter-Varsity Press.

**SHAFER, A.** 2000. Research shows correlation between music and language mechanisms. [Web:] http://www.menc.org/information/advocate/brain.html [Date of access: 31 July 2007].

**SHERLOCK, C.** 1996. The doctrine of humanity. Contours of Christian theology. Ill. : Intervarsity Press.

**SHURINCK, E.M.** 1998. The methodology of unstructured face-to-face interviewing. In DE VOS, A.S. et al 1998. Research at grass roots. Pretoria : J L van Schaik.

**SMIT, E.J.** 1999. Die transformerende krag van die gereformeerde kerklied in die huidige Suid-Afrikaanse konteks. Potchefstroom : PU Vir CHO. (Skripsie – ThM)

**SMIT, E.J.** 2007. Die bydrae van die gereformeerde kerklied tot versoening en eenheid in 'n multikulturele Suid-Afrika. Potchefstroom : Noordwes-Universiteit. (Proefskrif – PhD)

**SMITH, D.L.** 1996. Psychodynamic therapy: The Freudian approach. (*In* Dryden, W., ed. Handbook of individual therapy. London : Sage Publications. **p.19-39.**)

**SMITH, J.K.A.** 2006. Who's afraid of Postmodernism? Grand Rapids, Mich. : Baker Academic.

**SMITH, M.** 2000. Beyond tolerable recovery. Campbellville : Alathia.

**SORGE, B.** 1987. Exploring worship: A practical guide to praise and worship. N.Y. : Bob Sorge.

**SPIES, B.M. & GROENEWALD, M.** 2005. Musiek in diens van menslike kapasiteitsbou. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 45(3):412-421.

**SPRINGER, S.P. & DEUTSCH, G.** 1998. Left brain, right brain. N.Y. : W.H. Freeman & Company.

**SPYKMAN, G.J.** 1992. Reformational theology: a new paradigm for doing dogmatics. Grand Rapids, Mich. : William B. Eerdmans Publishing Company.

**STEENKAMP, E.P.** 2002. Die waarde van musiek as ritueel in narratiewe berading. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling – MA)

**STEENKAMP, L.J.S.** 1996. Kerk en kultuur in 'n postmoderne samelewing. *HTS*, 52:746-764.

**STEYN, R.S.** 2005. Die impak van die postmodernisme op voorhuwelikse verhoudings: 'n Pastorale studie. Potchefstroom : Noordwes-Universiteit. (Proefskrif – PhD)

**STRAUSS, D.F.M.** 2004, How "postmodern" is "postmodernism"? *Koers*, 69(2):259-276.

**STRONG, P.** 2001. Die gebruik van filmterapie in pastorale berading. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling – MA)

**SWINTON, J. & MOWAT, H.** 2007. Practical theology and qualitative research. London : SCM Press.

**TASHAKKORI, A. & TEDDLIE, C.** 2003. Handbook of mixed methods in social & behavioral research. London : Sage Publications.

**TATE, A.** 2006. Postmodernism. (*In* Sawyer, .F.A., ed. The Blackwell companion to the Bible and culture. Malden, Mass. : Blackwell Publishing. **p. 515-533)**

**TAYLOR, V.E. & WINQUIST, C.E.** 2001. Encyclopedia of postmodernism. London : Routledge.

**THERON, P.M. & LOTTER, G.A.** 2008. "Do not be yoked together with unbelievers": Metatheoretical perspectives on Christian-living in a postmodern context. Potchefstroom : Noordwes-Universiteit. (Ongepubliseerde artikel.)

**THOMPSON, D.** 1999. Postmodernism. Athens : University of Georgia Press.

**THOMPSON, G.G.** 2000. Proclaiming the gospel to postmodernists. Potchefctroom : PU vir CHO. (Thesis – PhD)

**THOMPSON, G.G. & LOTTER, G.A.** 2001.Challenges and opportunities of postmodernity for the church. *Studia Historiae Ecclesiasticae*, 27(1):184-216.

**THOMPSON, J.A.** 1994. The New American Commentary. U.S.A. : Broadman & Holman Publishers.

**THORNE, B.** 1996. Person-centred therapy. (*In* Dryden, W., ed. Handbook of individual therapy. London, GB : Sage Publications. **p. 121-146.**)

**VAN DER BERG, J.A.** 2006. 'n Verandering in tongval ...? 'n Verwoord- (-beeld)ing van pastoraal-teologiese perspektiewe. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika,* 21(2):164-181.

**VAN DER MERWE. J.** 2007. Ontdek nege lense op die erediens. *Vir dieMusiekleier,* 34:7-16

**VAN DER WALT, B.J.** 1994. The liberating message: A Christian worldview for Africa. Potchefstroom : The Institute for Reformed studies.

**VAN DER WALT, B.J.** 2006. Die postmodernisme: 'n Verleentheid en 'n geleentheid. *Die Kerkblad*, 32-34, September.

**VAN DER WALT, T.** 2006. Die Messias het gekom! 'n Gids in die Evangelies vir toegewyde Bybel-studente. Potchefstroom : PTP.

**VAN HEYNINGEN, C.** s.a. Lofprysing en aanbidding. Bloemfontein : Agapé School of Ministries.

**VAN HUYSTEEN, J.J.** 2001. Gestaltterapie: 'n teologies-pastorale beoordeling. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling – MA Teologie)

**VAN HUYSTEEN, J.W.** 1996. The shaping of rationality in science and religion. *HTS*, 52:105-129.

**VAN SCHALKWYK, C.** 1998. Die gebruik van musiek in opvoedkundig-sielkundige terapie. Pretoria : Unisa. (Verhandeling - MEd)

**VAN SCHALKWYK, G.J.** 1998. 'n Sisteemparadigma vir musieksielkunde. Pretoria : University of Pretoria. (Proefskrif - PhD)

**VAN WYK, J.H.** 1993. Homo Dei: 'n Prinsipiële besinning oor enkele mensbeskouings, waaronder dié van Calvyn. *In die Skriflig*, 27(supplementum 1):1-112.

**VAN WYK, J.H.** 2001. Fokus: Geloof en wete(-nskap) In gesprek met Ben du Toit. *In die Skriflig*, 35(1):141-146.

**VANGEMEREN, W.A.** 1997. 2 vols. New international dictionary of Old Testament theology & exegesis, Grand Rapids, Mich. : Zondervan Publishing House.

**VENTER, C.J.H.** 1987. Skrifperspektiewe en Skrifgegewens ten opsigte van die psigiese lewe. Werkswinkelstuk 9. Potchefstroom : PU vir CHO, Departement Wetenskapsleer.

**VENTER, C.J.H.** 1993. Basisteoretiese perspektiewe of kommunikasie in die bediening. *In die Skriflig*, 27(2): 247-260.

**VENTER, C.J.H.** 1995. Die Woord in die werklikheid. Wetenskapsteoretiese perspektiewe op Diakoniologie. *In die Skriflig*, 29(1&2):181-202, Mrt/Jun.

**VENTER, C.J.H.** 1996. Uitkringende liefdesbetoon. Pretoria : RGN Uitgewers. (RGN Studies in Praktiese Teologie.)

**VERHOEF, G.C.** 2000. Die noodsaak van 'n bybelse mensbeskouing in berading: enkele snitte uit die skrif en die praktiese implikasies daarvan. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling – MA Teologie)

**VERMEULEN, P.J.** 1999. Pastorale dimensies van sekere gelykenisse in die Ou Testament. Pochefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif - PhD)

**VILJOEN, A.M.** 2005. Musiek méér as woorde. Die doel, waarde en funksie van liturgiese musiek in die erediens. Potchefstroom : Noordwes-Universiteit.

**VILJOEN, F.P.** 1990. Die betekenis van " Psalmois, Humnois" en "Odais Pneumatikas" in Kolossense 3:16 en Efesiërs 5:19. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif – PhD)

**VOGES, A.** 1999. Die rol van linker- en regterbreinintegrasie by kreatiewe denkontwikkeling. Pretoria : UNISA. (Verhandeling – MEd)

**VOS, C.J.A.** 1995. Die blye tyding. Pretoria : RGN. (RGN studies in Praktiese Teologie.)

**VOS, C.J.A. & PIETERSE, H.J.C.** 1997. Hoe lieflik is U woning. Pretoria : Die RGN Uitgewery.

**WALL, R.W.** 1993. The IVP New Testament commentary series: Colossians & Philemon. Downers Grove, Ill. : InterVarsity Press.

**WELCH, I.D.** 1998. The path of psychotherapy. Matters of the heart. Pacific Grove, Calif. : Brooks/Cole Publishing Company.

**WELCH, J. & WELCH, S.** 2005. Winning. London, UK : Harper Collins Publishers.

**WEST, A. & SAUNDERS, S.** 2006. A humanistic approach to South African accounting education. *SAJHE*, 20(5):718-732.

**WILLIAMS, D.** 2005. Music and the Spirit. *Evangel*, 23(1):10-17, Spring.

**WILSON, D.N.** 2006. Postmodern epistemology and the Christian apologetics of C S Lewis. *Verbum Et Ecclesia Jrg*, 27(2):749-771.

**WILSON, F.R.** 2000. Music improves reasoning in pre-school children. [web:] http://pionet.net~hub7/pre.html [Date of access: 19 June 2007].

**WILSON-DICKSON, A.** 1997. A brief history of Christian music. Oxford : Lion Publishing.

**WOLITZKY, D.C.** 1995. Traditional psychoanalytic psychotherapy. (*In* Gurman, A.S. & Messer, S.B., eds. Essential psychotherapies. Theory and practice. New York : The Guilford Press. **p. 12-54**.)

**WOODWARD, S.C.** 1996. Music in medicine: health and harmony. Cape Town : Van Riebeeck Press.

**YATES, M.P.** 2003. Rational emotive behavioural therapy and Christian belief. Potchefstroom : PU vir CHO. (Thesis – PhD)

**YOUNG, F & FORD, D.F.** 1987. Meaning and truth in 2 Corinthians. London : SPCK. (Biblical foundations in theology).

**ZERFASS, R.** 1974. Praktische Theologie als Handlungswissenshaft. (*In* Klostermann, F. & Zerfass, R., reds. Praktische Theologie heute. München : Kaiser. **p. 164-177.**)

**ZOHAR, D. & MARSHALL, I.** 2000. Spiritual intelligences: the ultimate intelligences. London : Bloomsbury.

**ZOUTENDIJK, A.J.** 2004. De Identiteit van de Heilige Geest volgens de brieven van Paulus. *Theologia Reformata*, 47(3):248-265.